UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 'n Wetenskaplike verstaan van Eckart Otto se Pentateugteorie

deur

Erik Immelman
76206328

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes

vir die graad M.A.

Departement: Ou Testament
Fakulteit: Teologie
Universiteit van Pretoria
Pretoria

Studieleier: Prof. Jurie le Roux

Desember 2012

© University of Pretoria

daar is geen tyd
tyd is die mens se vel
wat kraak en knetter en krimp
in die verbygaan van lewe
dis die vuur van bestaan
wat die ure vertel
en dan versaak
in die ewigdurende galmende
momentum van stilte

in die aandster en die middernagson
se rokende dans
in die krul van die blaar
in die duif se vlugtige
fladder-gebaar van grasieuse sterwe

daar is geen tyd
tyd is die verskietende komeet
van geheue
wat die hemel met vonke bestrooi
van stories wat niemand ooit
weer sal hoor nie

tyd is my liefde vir jou
die akkedis-bewegings
wat weggaan in jou vrouelyf
om die holtes te vul
met die vlam van vertel
daardie vele gesigte van vergaan

daar is geen tyd
net die hart se klop-klop-dinge
soos pyn onder dop-ooglede

net die leë vertel-vel
van hierdie gedig
bespikkel en uitgemeet
met kankerwoorde van vergeet
soos akkediskak

Breyten Breytenbach – *Die windvanger*

**VOORSKRIF**

Teologie is die redelike ontplooiing van, die intelligente inlewing in, die geopenbaarde waarheid wat ons op gesag van God aanneem, waarvan ons seker is, want God is onfeilbaar. Dit doen ons in geloof en dit is by uitstek filosofies en wetenskaplik.

Thomas Aquinas[1]

[1] Versveld, Marthinus 1962

## INHOUDSOPGAWE

**VOORSKRIF** .......... 3

**VERKLARING VAN ONAFHANKLIKHEID VAN WERK** .......... 7

**ABSTRACT** .......... 8

**ERKENNING** .......... 9

**HOOFSTUK EEN: INLEIDING** .......... 11

*1.1 Vooraf opmerkings* .......... 11
*1.2 Navorsingsprobleem* .......... 13
*1.3 Hipotese* .......... 19
*1.4 Navorsingsmetode* .......... 20
*1.5 Verwagte uitkomste* .......... 23

**HOOFSTUK TWEE: AFRIKA EN PENTATEUGNAVORSING** .......... 25

*2.1 Afrika se bemoeienis met die Pentateug* .......... 25
2.1.1 Die Bybel .......... 26
2.1.2 Augustinus van Hippo 354-430 .......... 27
2.1.3 John William Colenso 1814-1883 .......... 28
2.1.4 Ferdinand Ettienne Deist 1945-1997 .......... 29
2.1.5 Jurie le Roux geb.1944 .......... 32
2.1.6 Eckart Otto geb.1944 .......... 34
2.1.7 ProPent 2000-2012 .......... 35
*2.2 Pentateug-navorsing* .......... 36
2.2.1 Die samestelling van die Pentateug tot voor die Verligting .......... 36
2.2.2 Pentateug-navorsing van die Verligting tot vandag .......... 37
*2.3 Nuwe uitdagings aan die Pentateugteorie, einde tweede millenium* .......... 39

**HOOFSTUK DRIE: OER-DEUTERONOMIUM** .......... 41

*3.1 Oer-Deuteronomium* .......... 42
3.1.1 Die teks van Deuteronomium 13[82] .......... 44
*3.2 Deuteronomium 12 -26* .......... 49
*3.3 Middel-Assiriese Regsversameling Tafel A (MAT)* .......... 49
*3.4 Die Bondsboek* .......... 51
*3.5 Die Dekaloog* .......... 54

**HOOFSTUK VIER: DIE VERKENNERSVERHALE ONTSLUIT DIE PENTATEUG** .......... 57

*4.1 Deuteronomium 1-3, die groot uitdaging in Pentateug-studie* .......... 58
*4.2 Enkele uitgangspunte van Eckart Otto rondom die Pentateug* .......... 61
*4.3 Deuteronomium 1:19-46* .......... 64
4.3.1 Die teks van Deuteronomium 1:19-46[129] .......... 65
4.3.2 Die struktuur van Deuteronomium 1:19-46 en twee redaksies .......... 67
4.3.3 Die 'versluierde' teksvers, Deut 1:19, sleutel vir Pentateug-geheim[134] .......... 70

4.3.4 Deuteronomium 1:20-21: Moses-redevoering: Uitnodiging "vrees nie" ..... 71

4.3.5 Deuteronomium 1:22-23: Die verkennersverkiesing[147] ..... 77

4.3.6 Deuteronomium 1:24-25: Verkenning van die land[154] ..... 79

4.3.7 Deuteronomium 1:26-28: Die volk se reaksie[159] ..... 81

4.3.8 Deuteronomium 1:29-33: Moses-redevoering: Uitnodiging "vrees nie"[162] ..... 82

3.4.9 Deuteronomium 1:34-40: God se regspraak[170] ..... 85

4.3.10 Deuteronomium 1:41-46: Sonder God, misluk die volk met landinbesitname[200] ..... 90

*4.4 Numeri 13-14* ..... *95*

4.4.1 Die teks van Numeri 13-14[214] ..... 95

4.4.2 Die struktuur van Numerie 13-14 en die redaksionele gelaagdheid ..... 99

*4.5 Die interafhanklikheid van Num 13v. en Deuteronomium 1:19-46* ..... *103*

*4.6 Josua 14:6-15; 15:13-19* ..... *107*

4.6.1 Die teks van Jos 14:6-15[227] ..... 107

*4.7 Die PentRed interpretasie van die verkennersverhale in Dtn 9:1-8, 22-24* ..... *110*

*4.8 Pastorale woord aan die Gola*[242] *wat nie wil terugkeer nie in Numeri 32:6-15* ..... *112*

*4.9 Die verkennersverhale in Deuteronomium 1:19-47 tussen die Heks- en PentRed* ..... *112*

*4.10 Die verkennersverhale, ontvou deur die Pentateug die lewe* ..... *119*

**HOOFSTUK VYF: DIE AANVULLING VAN DEUTERONOMIUM ..... 120**

*5.1 Horeb-redaksie* ..... *120*

*5.2 Moab-redaksie* ..... *122*

*5.3 Heksateug-redaksie* ..... *125*

**HOOFSTUK SES: DIE VERKENNERSVERHALE – GEVOLGTREKKING ..... 127**

**BIBLIOGRAFIE ..... 132**

*vir my vrou-wonder, Jen*

## VERKLARING VAN ONAFHANKLIKHEID VAN WERK

Student se volle naam: Erik Christo Immelman

Studente nommer: 76206328

Onderwerp van skripsie: ‘n Wetenskaplike verstaan van Eckart Otto se Pentateugteorie

Verklaring:

(i) Ek verstaan die begrip plagiaat en ek is bewus van die Universiteit se beleid hieroor.

(ii) Ek verklaar hierdie skripsie is my eie, oorspronklike werk. Waar die werk van ander gebruik is (of die van ‘n gedrukte bron, die internet of enige iets anders), word sulke werke erken en aan erkenning gegee en na verwys volgens die vereistes van die departement.

(iii) Geen werk wat voorheen geskep is deur enige ander student of persoon is gebruik onder die voorwendsel dat dit my eie is nie.

(iv) Ek het nie en sal nie toelaat dat enige een my werk afskryf met die doel om dit voor te hou as sy/haar eie werk nie.

______________________
Erik Immelman

____________
Datum

## ABSTRACT

Where precisely should the study of the Pentateuch start? This study in unison with the insight of the Pentateuch scholar Eckart Otto starts at Deuternonomy. Africa has a long and rich history of Biblical scholarship. A critical discourse of the Pentateuch has been kindled in South-Africa for more than the past decade through ProPent, the project for the study of the Pentateuch. This study is done in the space that was created with the Pentateuch theory that emerged out of this global encounter.

Deuternonomy is the cradle of the Pentateuch and has its origin in the loyalty oath of Esarhaddon in the seventh century B.C. This oath was subversively recepted through a political theology during the reign of the Assirian Empire. The Middle Assirian Law codes, the Covenart Code and the Decalog were all used in creating Deutronomany 12-26. It is in exile, that a sequence of redactions started which continued post-exilic when the Priestly Code of the Levites was merged with the Zadokite theology of Deuternonomy in Jerusalem.

This study takes a closer look at the spy strories in Numbers, Joshua and especially Deuternonomy 1:19-46. The point is made that it is authentically these stories that wove the Pentateuch into the crown jewel of the First Testament and the Bible. With the various redactions that took place these stories create a close knit plot for the Pentateuch. This resulted in a space being created where different theologies can co-exist and fruitfully entice the people of Jahwe to trust and obey Him and to enjoy the blessing of the promised land.

## ERKENNING

Hierdie is die deel van die skripsie wat almal lees. Dankie aan almal wat nou hier lees. Hierdie studie gaan oor verkenners. Dis mense wat midde in 'n wilde woestyn en woeste waters nogtans soek na uitkoms. Om die beiteltjie van die denke te slyp saam met 'n stukkie verwondering sorg vir goeie koers oppad na 'n nuwe land, 'n nuwe wêreld.

Dankie aan my reisgenote, saam in vervoering, oppad soos Antonin Dvorak se *Nuwe Wêreld Simfonie, na nuwe vistas*. Die intellektuele reis vra toewyding en soms eensaamheid. Dankie dat ek nooit alleen is nie. My gesin, my wonder vrou en liewe kinders, al 5 van hulle en my familie, dis lekker om saam met julle te reis.

In ons gemeenskap in Halfweghuis vind ek soveel lewe, mense vol deernis en die Onuitspreeklike tussen ons wat ons onvoorspelbare tog onvergeetlik maak. Groot dank vir jare se liefde en saamloop.

Enkelname mag ek nie noem nie. Daar is te veel. Hulle wat werk met taal en tekste, met verstaan en verbeel en weet dat ons ten beste maar net kan stamel en struikel, dankie vir julle goeie en uitdagende vrae. Kollegas en vriende, veral die Eerste Testament mens, die antieke tale en –kulture, julle wat met die antieke tekste worstel, om saam met julle verkenneningswerk te doen maak my lewe sing.

Nou wat is die lewe as mens nie nie 'n reël kan breek nie. Dankie Jurie.

# פָּנִים אֶל־פָּנִים [2]

*Die raaisel van die Pentateug word aan elke nuwe geslag aangebied. Die uitdaging is om die misterie wat ons God noem intellektueel te herontdek. Dit sal ons ewig ontduik, maar nooit mag ons terugstaan en tevrede wees om te weet dat ons nie weet nie.*

[2] Otto 2012:651-770. Hierdie uitdrukking "van aangesig tot aangesig" kom vyf maal in die Pentateug voor. Die eerste keer waar God in Gen 32:30 by Pniël, d.i. "aangesig van God" met Jakob worstel en Homself dan by die Jabbokrivier aan Jakob openbaar. Die vier ander kere word hierdie term gebruik om die kwaliteit van Jahwe se verhouding met Moses aan te dui. Die eerste keer in Eks 33:11 is Moses met God op die berg en word hy daar ook God se vriend genoem. In die verkennersverhale in Num 14:14 as deel van die PentRed word daar in 'n binne-gesprek tussen Moses en God genoem dat God "van aangesig tot aangesig" toegangklik is omdat hy tussen sy volk bly. Hierdie is deel van Moses se smeeking dat God nie sy volk moet uitroei nie. In Deuteronomium 5:4 word hierdie term gebruik om Moses se bemiddelingsposisie tussen God en die volk te verduidelik omdat die herinterpretasie van die Dekaloog hierop volg in Deuteronomium 5:6-21. Die laaste keer kom dit in Deuteronomium 34:10 voor, ook as deel van die PentRed om Moses se uitsonderingsposisie in die hele Ou Testament aan te dui en dat God homself slegs deur Moses volledig openbaar het.

# HOOFSTUK EEN: INLEIDING

## 1.1 Vooraf opmerkings

Agter elke storie is daar ‘n storie. “Eendag was daar ‘n Boer, ‘n Skot en ‘n Engelsman.”[3] Hierdie grappe is in die middel van die twintigste eeu vertel om te verduidelik hoe slim, goed en oulik die Boere is. “Het jy al dié een gehoor van Mike Schutte?” Hierdie soort grappe volg op die vorige soort grappe en staan bekend as die Mike Schutte en Kallie Knoetse grappe. Hierdie grappe is vertel om Afrikaanse mense te leer om vir hulle self te lag. In altwee die eras het almal hulle mae vasgehou van die lag maar min mense het ‘n teorie gehad oor hoekom dit juis in daardie tyd snaaks was. Vandag sal ‘n mens nooit meer daardie grappe hoor of vertel nie want dit is nie meer snaaks nie. Vandag hoor jy weer oral grappe oor ons Staatspresident Jacob Zuma omdat hy ‘n omstrede figuur is en grappe die situasie verlig sodat jy nie buite perke woedend bly oor sy omstredenheid nie.

Niks ís sommer maar net nie. Om beter te verstaan en te weet waar dinge vandaan kom, ontwikkel jy ‘n teorie. Daar is baie goeie teorieë en ander is weer minder goed. ‘n Uitstekende teorie help jou om meer uit die storie te kry.[4] Kinderstories is onskuldig en naïef maar sodra jy ‘n teorie daaroor ontwikkel kom jy agter dat daar verskuilde boodskappe daarin opgesluit is. Rooikappie waarsku ‘n mens om nie alleen in ‘n vreemde plek te gaan ronddwaal nie.

[3] Deist gebruik in die boek *’n ABC van Bybeluitleg* juis die genre van grappe om te verduidelik hoe die proses van verstaan werk. ‘n Grap moet ‘gevang’ word en dit vereis ‘n komplekse hermeneutiese proses. As jy nie ‘n grap vang nie kan dit ook dan nie verduidelik word nie want dan is dit nie meer ‘n grap nie omdat grappe nie verduidelik mag word nie. Hierdie manier om met behulp van grappe te verklaar hoe die verstaansproses werk is beslis nie ligsinnig nie. Verstaan is juis ‘n bitter ernstige saak, sou mens feitlik kon sê ‘n saak van lewe en dood. Dit wil juis aandui dat ons verstaan op ‘n onbewustelik vlak werk en dinge vanselfsprekend aanvaar word en dat dit “eenvoudig-net-so-is”. Wat ‘agter die skerms’ van die verstaanproses werk, gebeur amper ‘onwetend’. Prof. Danie Veldsman van die Departement Dogmatiek aan die Universiteit van Pretoria verduidelik dit in ‘n privaat gesprek as die sewe en sestigste boek van die Bybel, ‘n ekstra boek wat by die Kanon gevoeg word. In hierdie persoonlike boekie het elkeen sy eie reëls wat hy toepas om die Bybel uit te lê. Ongelukkig word dit gewoonlik nie eksplisiet gemaak nie en daarom het ons geweldige uiteenlopende maniere wat ons tekste en ook dan die Bybel verstaan, sommige beter en ander minder goed.

[4] Grondin, J 1994:108vv Gadamer reageer op ‘n toespraak van Helmholtz in 1862. Helmholtz vra daarin of die geesteswetenskappe dieselfde moet doen as die natuurwetenskappe. Sal ‘n metode die bevryding bring sodat die geesteswetenskappe ook ‘n wetenskap kan word. Dilthey en die neo-Kantiane het dit probeer. Historisme en Positivisme het dit vereis. Die vraag bly of daar sulke vaste reëls kan wees in die geesteswetenskappe as die natuurwetenskappe? Die hermeneutiese weg bring in die geesteswetenskaplike wêreld waarskynlik ‘n beter uitkoms.

Die tradisie van toerievorming van die Pentateug kan met 'n lewendige vryvloeiedende stroompie vergelyk word wat altyd weer aansluit by nuwe vars water wat uit alle ringtings daarmee saamvloei tot 'n bruisende rivier om uit te mond in die oseaan van vreugde van hierdie boek wat vir ons gegee is.

> "Er verlagert sein Bett und führt bald mehr, bald weniger Wasser. Texte geraten in Vergessenheit, andere kommen hinzu, sie werden erweitert, abgekürzt, umgeschreiben, anthologisiert, in wechselnden Zusammenstellungen. Allmählich prägen sich Strukturen von Zentrum und Peripherie heraus. Gewisse Texte erringen aufgrund besonderer Bedeutsamkeit zentralen Rang, werden öfter als andere kopiert und zitiert und schliesslich zum Inbegriff nomativer und fomativer Werke."[5]

Die Pentateug[6] is die eerste vyf boeke in die Eerste Testament, die kroonjuweel van die Bybel. Die Pentateug kan naïef gelees word deur bloot in die begin te begin. Dit het veel waarde. Wanneer jy 'n Pentateugteorie ontwikkel, begin jy dit wetenskaplik te lees, jy ontleed, vra vrae, sien ooreenkomste en verskille, kry woorde wat oral onskuldig[7] rondlê in die teks en is nie tevrede dat dit bloot toevallig so is nie. Vrae word gevra oor die ontstaantyd, oor die tyd van verskrifting en oor redigerings van tekste wat plaasgevind het. Watter skool het hierdie teks ontwikkel? Die skryfproses in die antieke tyd, is deur 'n werkswinkel wat in 'n skrywersgilde georganiseerd was voortgebring in 'n konteks van welgesteldheid (omdat dit minstens 'n hele skaapkraal gekos het om een boek te skryf). Die styl en fokus van hierdie gemeenskappe kan deurgans verreken word wanneer jy 'n Pentateugteorie ontwikkel.[8]

'n Pentateugteorie kan nooit ooit die ware feite van die werklike ontstaan van die Pentateug opdiep nie, maar help ons om meer uit die stories te kry. Deur die Pentateug naïef te lees, is jy ook besig om 'n teorie toe te pas, al besef jy dit nie.

5 Assmann 1999:92

6 Die griekse woord, Πεντετεύχως in Grieks, 'penta' en teug',beteken "vyf rolle". Dit is die woord wat in die Christelike wêreld gebruik word vir die eerste vyf boeke van die Ou Testament, Genesis tot en met Deutronomium. Die Hebreeuse word 'Tora' vir hierdie boeke, het 'n veel ryper betekenis. Die woord het iets van lering, onderrig, lewenswysheid, so-lyk-die-regte-lewe, die wil van God, daarin, wat gekoppel word aan 'n lewenswyse, 'n lewensfilosofie, 'n lewenspraktyd, waar alles net sin maak en mooi pas.

7 Dit is juis Astruc wat in 1753 opmerk dat daar verskillende name vir God in die Pentateug gebruik word wat die katalisator is vir die Pentateugnavorsing van die afgelope drie eeue.

8 Hooker, J.T. 1990

Gewoonlik is hierdie teorie baie beperkend, onuitgespreek en doen meestal die oorspronklike intensie en konteks van die teks geweld aan.[9]

‘n Pentateugteorie is soos die bedryfstelsel van ‘n rekenaar. Sonder ‘OS X’ of ‘Windows’ op jou rekenaar, is die rekenaar dood. Wanneer die operasionele sisteem opgelaai word, kan jy allerhande goed met die rekenaar doen en word dit lewendig. ‘n Pentateugteorie maak die nie net die Pentateug lewendig nie maar maak ook die hele Bybel meer verstaanbaar en neem terselfdertyd met groot erns kennis van die oorspronklike konteks en intensie van die teks. Met ‘n Pentateugteorie probeer jy nie om die teks beter te beheer nie. Die teorie help jou eerder om jou eie beperkinge raak te sien en hoe jy jou eie wêreld in die teks indra wat nie oorspronklik deel van die teks is nie. Deur die bril wat jy opsit om die teks te lees te voorsien van die lens van die dogma aan die een kant en die lens van die tradisie aan die anderkant, kry jy wel 20/20 visie. Tog lees jy nie die teks nie, maar eerder jou eie vooronderstellinge wat jy nooit eers oor gedink het of van geweet het of ooit verklaar het nie. ‘n Pentateugteorie wil jou minder maak en die teks meer. Die teorie vra baie, baie harde werk en diep, diep denke. Die wekroep van die Reformasie, Sola Scriptura klink duideliker en helderder wanneer jy bereid is om hierdie moeisame en soms eensame pad te stap.

Hierdie studie is ‘n oproep, maar ook ‘n uitdaging dat die lesers van die tekste, hier dan veral die Pentateug, met groot verantwoording sal invra na hulle teorie wat hulle gebruik in die lees van die Pentateug. Bly ons in gebreke om dringend en met ywer hieraan te werk, sal die stem van die Pentateug, die stem van “Moses” en laastens ook die stem van God verstom.

## 1.2 Navorsingsprobleem

Die wetenskap is ‘n huis vol oneindige vrae, teenstellende en meesal ontnugterende en soms bedreigende vrae. Nooit ooit is daar ‘n gemak dat daar genoeg vrae is of

[9] Tradisioneel is daar gesê dat jy deeglike eksegese van die grondtale van ‘n teks moet doen met ‘n weldeurdagte metodologie as basis van jou omgang met die teks. Doen jy dit nie met die teks nie beweeg jy waarskynlik van uitlegkunde na inlegkunde. Dit beteken dat die teks nie praat nie maar die teks eenvoudig gebruik word as aanknopingspunt vir wat genoem word, buikspraak. Jy hoor net jou eie stem en misbruik die teks as ‘n magsmiddel om jou eie idees op ander af te dwing. Die oorspronklike bedoeling van die teks en die boodskap vir die eerste geadresseerdes word opgeoffer vir jou eie idees.

dat die vrae bevredigend beantwoord is nie. Altyd meer, altyd nuut, ou vrae, nuwe vrae en vrae waaraan daar voorheen nog nooit gedink is nie. Wie, wat, waar, wanneer, waarom, waartoe, altyd maar weer nuwe vrae word in ons wetenskapsbeoefening gestel.

Hierdie werk vra net een vraag: "Waar begin die Pentateugnavorsing?" Wanneer hierdie vraag bevredigend beantwoord word, is daar verskeie moontlikhede wat daaruit kan voortvloei. Dit kan lei tot verryking van ons verstaan van die Bybel, meer spesifiek die Eerste Testament en in besonder, die Pentateug. Die vraag na 'n begin vir die Pentateugnavorsing moet verseker geweeg word, of dit 'n geldige vraag is en of dit enige waarde vir ons wetenskaplike verstaan van die Pentateug sou hê.

Waar sal ons begin? Dit is geen maklike vraag nie. Vir eeue nou worstel die Ou Testamentiese wetenskap met hierdie vraag. Die navorsingsgeskiedenis[10] is swaar belaai met baie werk wat op hierdie gebied gedoen is.[11] Daar word op allerhande plekke gesoek. Vrae word gevra na moontlike bronne wat die tekste voorafgegaan het. Kan hierdie bronne nie moontlik herkonstrueer word nie en sou die oorsprong nie dalk daar wees nie? Sou ons dit bemeester sal ons verstaan van die Pentateug nie daardeur onnoemlik verbreed word nie?

Dalk is daar 'n buite Bybelse dokument tot ons beskikking wat reeds ontdek is of dalk nog moontlik ontdek kan word. 'n Vaste dokument buite die Bybel sal gewoon die potensiaal hê om vir ons dalk 'n duidelike meer gekontroleerde beeld van die Pentateug of dan die Bybel te gee. Sou die dokument 'n soort van 'n gebruiksaanwysing word van die Pentateug kan dit eksegeties die wetenskap op vaster en sekere bane laat beweeg.

Sou daar so 'n speerpunt of sleutel wees, is die moontlikheid groot om vanuit hierdie teorie meer omvattende en duideliker die verstaan van die Pentateug te

[10] Otto 2102:62-231
[11] Otto 2009:229-247; Otto 2012:62-230; Le Roux 2009-12, 'n reeks van 27 artikels oor die eksegese van die Ou Testament op die webwerf, teo.co.za, http://teo.co.za/artikel/categories/Geskiedenis-van-OT%252deksegese/; Van Zyl 1975:54-98

ontsluit. So sal die temas en variasies in die teks 'n duideliker klank vir ons kan bied om die stem van God beter te kan hoor en te verstaan.

Daar sal na verskeie moontlikhede gekyk word om 'n beginpunt vir die Pentateug te vind. Hierdie punte sal meesal afgewys word of uitgewys word as komplimentêre tot 'n meer betekenisvolle beginpunt.

In hierdie werk sal die begin van die Pentateug in die teks self gesoek word. Nie 'n ander toegang as die teks self sal as uitgangspunt gebruik word nie. Dit beteken nie dat daar eksklusief sinkronies met die teks gewerk sal word nie.[12] Die teks is 'n historiese dokument. Wanneer daar wetenskaplik met die teks omgegaan word moet die historiese aard van die teks ten volle gerespekteer word.[13] Dit is egter nie 'n eenvoudige saak nie. Om die reste van die negentiende eeuse historiese-kritiek van *Literarkritik*, *Formgeschichte*, *Traditionsgeshichte* en *Redaktionsgeschichte,* af te maak as oudmodies en nie meer van toepassing nie, is nie so eenvoudig nie. Die wetenskap is 'n antwoord op die konteks van waaruit dit beoefen word, maar die konteks het altyd 'n geskiedenis.

> Ten spyte van al die kritiek teen en selfs verwerping van die soort Pentateugondersoek wat by Simon, Astruc, Eichhorn en De Wette begin is, deur Wellhausen, Gunkel, Alt, Noth en Von Rad verder gevoer is en by navorsers soos Van Seters en Eckart Otto nuwe hoogtes bereik het, het die Pentateugkritiek nog nooit opgehou om te bestaan nie. Selfs vandag nog is dit die glansstuk van die Ou-Testamentiese wetenskap. Wat oor die Pentateug gedink, gesê en geskryf word, is beslissend vir die verstaan van die res van die Ou Testament.[14]

Daar word net na twee teorieë in die afgelope honderd jaar gekyk om die voortgang en uitbreiding van die Pentateugteorie te begryp. Nooit bly die teorie staties nie en deurgans word daar na nuwe moontlikhede en perspektiewe gesoek. Die vorige werk is nie verkeerd of verouderd of uitgedien nie, maar vorm die boustene om verder mee te bou. Die nuwe kan nie sonder die oue nie en die oue moet voortdurend in kritiese gesprek gaan met die nuwe. Binne nuwe akademiese

[12] Otto 2009:447-460

[13] Le Roux, J.H., 2011, Andries van Aarde's Matthew Interpretation. HTS Teologiese Studies/ Theological Studies 67(1), Art. #1013, 10 pages. DOI: 10.4102/hts.v67i1.1013

[14] Le Roux, J.H. 2000. *Die oue weier om te verdwyn.Verbum et Ecclesia*; Vol 21, No 3 (2000), . doi: 10.4102/ve.v21i3.644

epogte en veranderende kontekste word nuwe lense gebruik om die wyse waarop die beoefening van die wetenskap plaasvind te ondersoek sodat ons verder en duideliker kan sien. In die wetenskap word 'n vraagstuk nie maklik afgehandel nie en finale antwoord nie maklik gegee nie.[15]

Kom ons kyk nou na die tweede teorie. Julius Wellhausen (1844-1918)[16] het die teorie oor die Pentateug grondig herskryf.[17] Oorspronklik was hy wel, maar sy vermoë om vorige navorsing vir homself te internaliseer en om te werk tot 'n nuwe geïntegreerde siening, maak van hom 'n merkwaardige teoloog. Sy werk bou solied voort op Simon, Spinoza, Astruc, De Wette, Eichorn, Ewald en Graf. Hy was 'n meester om die fyn lyne en nuanses in die Pentateug te ontrafel en alles saam te bind tot 'n asemrowende geheel. Hy het so kreatief met die geskiedenis omgegaan dat dit werklik gelewe het. Hy het goed verstaan dat agter die geskiedenis van die Ou Testament daar 'n ander geskiedenis van Israel lê. As hy dan hierdie geskiedenis neerpen maak dit die tekste van die Pentateug helder en duidelik. Soos die wekroep van die verligting helder geklink het, het hy oorspronklik teruggekeer na die bronne wat die Pentateug te grondslag gelê het.

Wellhausen onderskei vyf bronne. Die Jahwis met die Godsnaam 'Jahwe' ontstaan in 950 vC in Jerusalem tydens Dawid en Salomo se regering. Die Elohis met die Godsnaam 'Elohim' ontstaan na die skeuring van die ryk in 750 vC en dra 'n Noordrykteologie. Jahwis-Elohis voeg die vorige twee teen 700 vC saam. Deuteronomium ontstaan om en by 620 vC tydens die Josia-hervormings. Die laaste bron is die Priesterskrif wat in ballingskap geskryf word en teen 550 vC voltooi is. Sy groot bydra is dat hy die bronne dateer. Nou is die Pentateug nie meer 'n tydlose boek nie maar kan daar oneindig meer daaruit geput word omdat die konteks waarin dit ontstaan eenvoudig meer betekenis aan die teks gee.

Aanvanklik aanbid Israel oral waar hulle kom. Ons hoor van Hebron en Sigem en vele ander plekke waar daar altare opgerig is. Deuteronomium

15 Le Roux, J.H. 2012. *Searching for a question and an answer*. Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif, North America, 51, feb. 2012. Available at: <http://ngtt.journals.ac.za/pub/article/view/80>. Date accessed: 28 Dec. 2012.

16 Otto 2012:83-87

17 Le Roux, J.H. 2011. http://teo.co.za/artikel/articles/369/1/Geskiedenis-van-Ou-Testament-eksegese-19-Julius-Wellhausen-het-ons-anders-laat-lees/Bladsy1.html

verander alles. Nou mag daar net in Jerusalem aanbid word en die kultus word gesentraliseer. Volgens Wellhausen het die Priesterskrif hierdie proses tot sy uiterste toe gevoer wat noodwendig tot 'n verstarring gelei het in die ontwikkelingsgang van Israel en sekerlik bygedra het tot die opkoms van die profeteskole wat grondige kritiek uitspreek teen die geïnstitusionaliseerde godsdiens van die dag.

Een laaste lens wat Wellhausen oor Israel se geskiedenis plaas is die offerkultus en die feeste. Die helder manier wat hy hieroor skryf is werklik aangrypend.[18] Die feeskalenders bied kostelike leesstof. Die landbouseisoene word uit die feeste geskryf en die feeste word gemonopoliseer deur dit aan historiese gebeure te koppel waar God homself duidelik aan sy volk vertoon het soos met die bevryding uit Egipte, die openbaring by Horebberg en vele ander. Daardeur word die teologie en kultus verruim aan die een kant maar die tydsverloop vreeslik verskraal en stagneer en verdwyn die feeste.

Die boodskap van hierdie teoloog het tot die einde gehou. Alhoewel hy deur sommige as ketter verklaar is en sy pos laat vaar het, maak hy 'n ontwikkelingslyn oop wat die verstaan van Pentateug onuitspreeklik verryk.

Die tweede teoloog is Hermann Gunkel (1862-1932).[19] Hy was die regte persoon op die regte tyd. Daar is niks anders wat die Pentateug kan ontsluit behalwe die geskiedenis nie. Nie die dogma of vroomheid nie, net die historiese blik daarop kan ons laat sien en verstaan. Israel se godsdiens is nie eendag iewers persklaar uitgereik nie. Sy godsdiens het 'n geskiedenis, dit verloop in tyd, dit het 'n ontwikkelingsgang. Die godsdiens is nie ahistories nie, maar ontspring in die vrugbare halfmaan. Die volke om hulle, die gebeure in tyd, die insidente en oorloë en konings en profete, almal speel mee in hierdie heerlike groot drama. Die historiese drama moet verstaan word, ontdek word en ontplooi word. Wanneer die ontwikkelingsgang nagespeur word en die magte wat aan die werk is raakgelees word, kyk ons anders na alles.

18 Wellhausen 2004:17-170

19 Le Roux, JH 2011. http://teo.co.za/artikel/articles/375/1/Geskiedenis-van-Ou-Testament-eksegese-20-Hermann-Gunkel/Bladsy1.html

Literatuur kom ook nie leeg na ons toe aan nie. Reeds in die genre waarin dit geskryf is dra dit 'n boodskap. Dit is met respek gesê nie in Godstaal geskryf nie. Daar is geskiedskrywing, liedere, geslagsregisters, anekdotes, mites, etiologieë, sprokies, sages, himnes, spreuke, novelles en veel meer. Hierdie vorm waarin dit vertel word is geskiedenis. Wanneer ons die plek in die lewe waar dit gebeur het navors, verstaan ons soveel beter. Die term 'Sitz-im-Leben' is Gunkel se skepping en gaan oor 'die plek in die lewe' waarin 'n teks afspeel en dit dra soveel betekenis. Israel se literatuur en die konteks waarin hulle geleef het maak ons oë oop om veel verder en baie duidelik te kan sien hoe hulle geskiedenis met Jahwe geloop het. Om agter die teks te werk was Gunkel se groot bydra.[20]

Hierdie fyn werk agter die teks maak wêrelde oop. Sy Genesis-kommentaar ontsluit al die sages wat die groot Genesis-verhaal opmaak. Dit is klein sages wat die Abrahamverhaal opmaak. Dit groei tot 'n groot en lewende karakter met die naam Abraham. Hierdie verhale groei uit 'n familiekring wat 'n volkskuns tot gevolg het.

Wat duidelik blyk uit hierdie twee bakens in die Pentateugteorie, Wellhausen en Gunkel, is dat die geskiedenis van navorsing 'n onontbeerlike deel is van die studie van die Pentateug. Hierdie reuse in die ontplooiing van die Pentateug moet met groot erns geneem word want dit is onmoontlik om te dink dat jy hierdie tekste van nuuts af kan lees. Hierdie teorieë roep egter om voltooiing en verruiming.

'n Goeie voorbeeld wat ons vandag by 'n lewende teoloog kry hoe om histories met die teks te werk is by Eckart Otto. Hy is ook nie 'n gevangene van 'n vorige era nie. Sy nuwe en innoverende en vars manier van werk met die Ou Testament en in besonder die Pentateug maak nuwe deure oop vir wetenskaplike studie.

[20]Le Roux, J.H., 2011, 'Andries van Aarde's Matthew Interpretation', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 67(1), Art. #1013, 10 pages. DOI: 10.4102/hts.v67i1.1013We can illustrate this by referring to Paul Ricoeur's notion of a 'hermeneutical arc' which consists of prefiguration, configuration and refiguration. *Prefiguration* is an attempt to reach 'behind' the text. *Configuration* is the understanding of the meaning 'within' the text and *refiguration* is the creation of one's own existential story. Refiguration takes place after appropriation and can only happen when the unacceptable and irrelevant values in the text are identified and rejected.

Sy *Curriculum Vitae* is meer as net indrukwekkend. Die hoeveelheid inskrywings op sy lys van publikasies tot en met sy uittrede by *Institut für Alttestamentliche Theologie Ludwig-Maximilians-Universität München* in 2009, staan op 548.[21] Sederdien het sy stroom van publikasie net aangehou en word sy magistrale kommentaar op Deuteronomium in hierdie jaar 2012 publiseer en in Suid-Afrika ontvang in Augustus tydens ProPent. Dit word uitgegee by *Herders Theologischer Kommentar zum Alten Testament* en wel in twee dele, Deel I vanaf hoofstuk 1:1 tot 4:43 en deel II oor hoofstuk 4:46 tot 11:32 en beslaan 1072 bladsye.[22] Hy is tans vêr gevorder met die afhandeling van sy kommentaar op die res van Dtn.

Die vakgebiede in die wetenskap wat hy beheer, sluit in argeologie, antieke regswetenskap, Assiriologie, ‘n grondige studie van die sosioloog Max Weber, die Ou Testamentiese wetenskap en daarmee saam lewer hy ‘n magdom voordragte dwarsoor die wêreld. Sy assosiasie met Suid-Afrika begin in 1997 met ‘n reeks voordragte aan die universiteite in Suid-Afrika. Vanaf 2000 is hy ‘n jaarlikse instelling hier te lande en is saam met Prof. Jurie le Roux verantwoordelik vir ProPent, die projek vir die bestudering van die Pentateug.[23]

Hierdie studie sal onvermoeid soek na ‘n nuwe begin vir die Pentateug, maar Otto sal deurgans die ondersteuning van hierdie studie wees in hierdie soeke.

## 1.3 Hipotese

Die Pentateug-navorsing begin by die verkennersverhale wat verspreid in die Heksa- en Pentateug voorkom. Hierdie navorsing ontvou in besonder vanuit die verkennersverhale in Deuteronomium 1:19-46.

Hierdie studie wil ‘n nuwe begin voorstel vir die Pentateug. Deur die geskiedenis van Pentateug-navorsing is daar in hoofsaak by Genesis begin. Die veelheid van probleme wat dit opgelewer het om tot ‘n sinvolle samehang en

[21] http://www.at2.evtheol.uni-muenchen.de/personen/otto/index.html
[22] Otto 2012a; Otto 2012b
[23] Le Roux, J., 2012, ‘Pro Pent: A project for the study of the Pentateuch in South Africa’, *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 68(1), Art. #1277, 10 pages. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1277

betekenisvolle integrasie van die hele werk te kom, van Genesis tot by Deuteronomium, het altyd 'n stuk onvergenoegdheid met die meegebring.

Daar is tans meer navorsing in Deuteronomium-studies. Die gevolg is dat daar waarskynlik in die geskiedenis juis nou vir die eerste keer by 'n beter punt begin word in die bestudering van die Pentateug. Eckart Otto het veel vermag om met sy vinger in die ringting van Deuteronomium te wys en die navorsingsgemeenskap het sy leiding in die afgelope meer as 'n dekade gevolg. Sy uitgangspunt is tereg dat Deuteronomium die begin, die samehang en die einde van die Pentateug is.[24]

> Das Deuteronomium als Mitte der Hebräischen Bibel hat eine Schlüsselrolle für die Literatuurgeschichte des Pentateuch. So ist das Deutronomiumsanalyse Ausgangspunkt jeder Pentateuchhypothese. Darüber hinaus gehört das Deutronomium aber auch in das Zentrum jeder Religionsgeschichte Israels und Judas.[25]

Die begin van die Pentateug is nie Genesis 1:1 nie, ook nie die eerste teks wat geskryf is of die belangrikste teks of die belangrikste boek of die belangrikste karakter in die Pentateug nie. Dit is die verkennersverhale van Deuteronomium 1:19-46 wat die Pentateug in die lewe roep.

## 1.4 Navorsingsmetode

Die uitgebreide navorsingsgeskiedenis van die Pentateug oor die afgelope drie eeue is deur die oorspronklike werk van Eckart Otto oor die afgelope paar dekades besonderlik verryk.

Die vraag oor hoekom Otto gebruik word is belangrik. Hy is tans beslis een van die voorste kenners van die Pentateug, indien nie die voorste nie.[26] In Zenger se inleiding word hy besonder prominent geplaas en bespreek.[27] Wat belangrik is in sy teorie is dat dit nie eenduidig en afgeslote is nie. Oor die afgelope dekades het

24 Otto 2000:1
25 Otto 2000:VII
26 By die ProPent 2011 in 'n persoonlike gesprek met Otto het die gesprek in die rigting beweeg van die verskillende spelers op die Pentateug veld. Die verskillende 'spanne' soos in Europa, VSA en Engeland is bespreek. Die slotsom van die gesprek is dat die navorsing in Duitsland wel die mees gesagvolle is. Sou mens hiermee kon sê dat Eckart Otto die Lionel Messi van die Pentateug genoem kon word, beste speler tans maar ook in die geskiedenis?
27 Zenger 2008:112-118

hy telkens met nuwe oorspronklike perspektiewe gekom. Hy het in 'n toenemende mate byvoorbeeld die breuk tussen sinkroniese- en diakroniese lees van tekste opgehef.[28] So bly sy werk nie afgehandel nie maar voortdurend vernuwend.

Otto is ook in die strengste sin van die woord 'n historiese teoloog. Hy wil sy teologie vanuit die groot tradisies in die loop van die geskiedenis van die Pentateug beoefen. Niemand kan oorspronklik begin asof daar niks vantevore hieroor gesê of gedoen is nie. Daarop blaai hy altyd weer terug na die groot name wat die grondslag gelê het wat ons vandag die Pentateug noem.

In hierdie werk word daar ook deurgans moeite gedoen om die navorsingsgeskiedenis van die Pentateug te respekteer. Daar word nie daarteen ingegaan asof dit waardeloos of onbenullig is nie. Juis deur 'n kritiese gesprek daarmee te voer en dit te waardeer word daar probeer om dit verder te vat en op die rykdom daarvan verder voort te borduur. Deur noukeurig te lees wat die navorsing tot op hede vir ons bied en dit net 'n bietjie verder te voer, word die wetenskap gedien en bevorder. Die ander belangrike rede hoekom Otto gebruik word is oor sy baie sterk bande met die akademiese gemeenskap in Afrika. Vir die afgelope 15 jaar keer hy telkens weer terug na Suid-Afrika.

Hierdie werk wil ook uit Afrika 'n bydra lewer om die Pentateug-studie te bevorder. Deur die afgelope paar jaar is daar 'n geweldige groot bydra gemaak tot die bestudering van die Pentateug hier in Suid-Afrika. Daar is goeie kontakte opgebou en sinvolle skakeling het plaasgevind met uitnemende akademici van dwars oor die wêreld uit haas elke kontinent.[29]Elke jaar het Otto teruggekeer en is daar hard gewerk om met die beiteltjie te kap sodat die Pentateug beter kon klink.[30] Hierdie studie wil bly kap en kap om fyn te klink aan die diamant van die Pentateug. Stukkie vir stukkie word die legkaart gepak en klink dit al helderder.

[28] Otto, E., 2005, 'The Pentateuch between synchrony and diachrony', in E. Otto & J.H. le Roux (eds.), *A critical study of the Pentateuch: An Encounter Between Europe and Africa*, pp. 22−49, Lit, Münster.
29 Le Roux, J., 2012, 'Pro Pent: A project for the study of the Pentateuch in South Africa', HTS Teologiese Studies/ Theological Studies 68(1), Art. #1277, 10 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ hts.v68i1.1277
[30] Le Roux, J., 2012, 'Pro Pent: A project for the study of the Pentateuch in South Africa', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 68(1), Art. #1277, 10 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ hts.v68i1.1277

***Die beiteltjie***

*Ek kry 'n klein klein beiteltjie,*
*ek tik hom en hy klink;*
*toe slyp ek en ek slyp hom*
*totdat hy klink en blink.*

*Ek sit 'n klippie op 'n rots:*
*- mens moet jou vergewis:*
*'n beitel moet kan klip breek*
*as hy 'n beitel is –*

*ek slaat hom met my beiteltjie*
*en dié was sterk genoeg:*
*daar spring die klippie stukkend*
*so skoon soos langs 'n voeg:*

*toe, onder my tien vingers bars*
*die grys rots middeldeur*
*en langs my voete voel ek*
*die sagte aarde skeur,*

*die donker naat loop deur my land*
*en kloof hom wortel toe –*
*só moet 'n beitel slaan*
*wat beitel is, of hoé?*

*Dan, met twee goue afgronde*
*val die planeet aan twee*
*en oor die kranse, kokend,*
*verdwyn die vlak groen see*

*en op die dag sien ek die nag*
*daar anderkant gaan oop*
*met 'n bars wat van my beitel af*
*dwarsdeur die sterre loop.* *N.P. Van Wyk Louw*

**Uit Versamelde gedigte, Kaapstad: Tafelberg/ Human & Rousseau, 1981*[31]

[31] Hierdie gedig het vir my besondere betekenis omdat in my Filosofie I klas hierdie gedig deur Marinus Schoeman aan ons klas voorgelees is om ons uittenooi na 'n lewe van uitnemende denke.

## 1.5 Verwagte uitkomste

Wanneer Deuteronomium 1:19-26 as begin van die studie van die Pentateug gelees word, ontsluit dit nuwe moontlikhede. In hierdie werk word die ryke tradisie van Pentateug-navorsing en in besonder Eckart Otto se bydra bespreek en vir nuwe moontlikhede ontgin.

Die groot stellings wat deur die reuse in die bestudering van die Pentateug gemaak is en baie noukeurig uitgewerk is, het die navorsing oor die Pentateug vorentoe laat beweeg. As Gerhard von Rad sê dat die belydenis in Deuteronomium 26:5vv die metodologiese vertrekpunt vir sy teologie van die Pentateug is, maak hy 'n wêreld oop in die bestudering van die Ou Testament.[32] Na sy reusebydra is daar gesê dat die geskiedenis in twee verdeel kan word. Dit wat voor Von Rad gebeur het en dit wat na Von Rad gebeur het.[33]

Wanneer Otto 'n vaste punt buite die Pentateug kry in die lojaliteitseed van Asarhaddon om die oorsprong van die Pentateug daar te vind, maak dit 'n nuwe moontlikheid oop.[34] As hy die regshervormingsprogram van Deuteronomium vanuit 'n soortgelyke program uit Assirië lees, raak die Pentateug meer verstaanbaar.[35] Hy haal veel meer betekenis uit Deuteronomium as hy na die regstekste daarin kyk vanuit die Assiriese tekste.[36]

Hierdie werk is 'n poging om die gesprek rondom die Pentateug te stimuleer. Om uit te daag oor waar ons staan in die ontplooiing van die misterie wat ons die Pentateug noem en ten diepste oor die groot misterie wat die Pentateug God of dan Jahwe noem.

Wanneer die Pentateugnavorsing by Deuteronomium 1:19-46 begin lees, is die uitkoms daarvan 'n hegter lees wat veel waarde toevoeg in die verstaan van die geheim van die Pentateug.

[32] Von Rad, 1975:121-128
[33] Le Roux, JH 2002. *Gerhard von Rad – 'n honderd jaar.HTS Teologiese Studies / Theological Studies*; Vol 58, No 4 (2002), 1577-1592. doi: 10.4102/hts.v58i4.723
[34] Otto, 1999:15-90
[35] Otto, 1999:91-202
[36] Otto, 1999:203-378

**ex Africa semper aliquid novi**

## HOOFSTUK TWEE: AFRIKA EN PENTATEUGNAVORSING

Met die ontploffing wat daar in Pentateug-navorsing in veral die negentiende- maar ook twintigste eeu was, is daar 'n omvattende en ryke ontwikkelingsgeskiedenis wat dit ten grondslag lê tot en met die einde van die tweede millennium. Vir tussen drie- en vierhonderd jaar is klipharde werk gedoen om die Pentateuggeheim te probeer ontrafel.

Teen die einde van die tweede millennium is die Pentateug-navorsing weer gereed gewees om 'n volgende tree te gee. Daar was 'n groot hoeveelheid teorieë, wat tot 'n versnippering van die Pentateug gelei het. Een teorie het nie die botoon gevoer nie en daar was ook nie 'n eenheidsgedagte of enige konsensus oor hoe hierdie grootste werk in die Bybel aanmekaar sit nie. Daarom moet daar kortliks gaan kyk word, hoe die navorsing gereed was om weer in 'n volgende fase in te beweeg.

### 2.1 Afrika se bemoeienis met die Pentateug

Hierdie studie word gedoen in Afrika. Die omgewing spreek altyd mee want daar bestaan geen waarde- of konteksvrye wetenskap nie. In hierdie kort bestekopname word daar gekyk na Afrika se mense en hoe hulle met die Ou Testament en Pentateug gemaak het.[37]

Ongeveer drie tot vier dekades terug het die Teologie van Bevryding en 'n verskeidenheid ander genetiefs-teologië ontstaan.[38] Hier te lande het dit ook besonder sterk funksioneer. Hierdie teologieë het baie sterk geleun op die Pentateug. Omdat daar in daardie tyd nie 'n sterk Pentateugteorie gefunksioneer het nie, het hierdie teologieë sonder die Bybelwetenskappe gewerk. Die vraag om te vra is oor hoe dit anders sou kon wees of in die toekoms anders sou kon word indien daar 'n gespierde gemeenskap is wat die Pentateug kan beheer? Vraag bly natuurlik hoe die Pentateug behoort te funksioneer in die konteks van Afrika en Suid-Afrika vandag?

[37] Le Roux, JH 1993:11-15
[38] Bosch, DJ 1991:422-447

Maar kom ons onthou. Vir baie jare was die noordelike dele van Afrika die bakermat van geleerdheid. Veral Egipte het 'n tuiste gebied vir die wêreld van kennis. In Alexandrië was die grootste biblioteek wat in die Hellenistiese tyd die sentrum van geleertheid van die hele destydse wêreld was. Daar sou maklik 'n halfmiljoen rolle kon wees en die legende vertel dat Markus Antonie vir Kleopatra 200 000 rolle uit Pergamum gegee het as trougeskenke.

Vandag is dit anders, maar laat ons nie vergeet nie waar Afrika was en wie weet wat die toekoms sal bring.[39] In geen geringe mate het ProPent[40] 'n bydra gelewer wat die bestudering van die Pentateug in Afrika op veel hoër bane geplaas het.[41]

### *2.1.1 Die Bybel en Afrika*

Wanneer deur die eerste bladsye van die Bybel geblaai word, vind mens baie gou die vasteland Afrika, daarin. Aan die einde van die universele inleiding op die Bybel van Genesis 1-11, is Afrika in die prentjie. Afrika bied uitkoms in die eerste oorsprongsverhaal van Israel, aan die aartsouers,[42] Abraham-Sara, Isak-Rebekka en Jakob-Ragel-Lea, wanneer daar geen uitkoms is nie en hulle amper vergaan van die honger, kom Afrika tot hulle redding. Die tweede oorsprongsverhaal van Israel, begin in die sentrum van die wêreld van daardie tyd, in Egipte in Afrika, waarvandaan die bevryding plaasvind.

Moses word gebore, geskool en geroep in Afrika om die volk van God te bevry en trou ook met 'n vrou uit Afrika. Die derde oorsprongsverhaal begin ook etlike dae nadat die volk uit Afrika getrek het, op die berg Horeb.

[39] Le Roux, J., 2012, 'Pro Pent: A project for the study of the Pentateuch in South Africa', HTS Teologiese Studies/ Theological Studies 68(1), Art. #1277, 10 pages. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1277

[40] Otto, E&Le Roux, JH (eds.), A critical study of the Pentateuch: An Encounter Between Europe and Africa, pp. 22−49, Lit, Münster.

[41] Le Roux, JH & Otto, E (eds.), 2007. South African perspectives on the Pentateuch between synchrony and diachrony, T&T Clark, London.

[4242] Die term "aartsouers" word gebruik omdat nie net die vaders maar ook die moeders hulle rol speel in hierdie verhale. Die verhale word geroof van hulle rykdom as daar net na een van die ouers in die paar gekyk word.

Tydens die ballingskap, vestig 'n baie groot gemeenskap uit Israel in Alexandrië in Egipte en die vertaling van die Eerste Testament in Grieks, d.i. die Septuagint, vind ook hier in Afrika plaas. Dit word die bronteks vir honderde jare gebruik, die spreektaal vir eeue, ook in die vroeg Christelike era.

Jesus, word soos Moses, uit Egipte geroep, sy kruisdraer kom uit Afrika en met die hoof van die Kandake uit Etiopië wat besig is om die Jesaja teks te lees, word die sirkelgang voltooi sodat Afrika weer die 'kneg van Jahwe' word wat vir alle eeue, onlosmaaklik deel is van die Bybel. Jesus se Bybel kom uit Afrika omdat die Septuagint die populêre Bybel van daardie tyd was.

### *2.1.2 Augustinus van Hippo 354-430*

Augustinus (354-430 n.C.) is verseker die grootste teoloog in die geskiedenis van die kerk en hy kom van Hippo, in Afrika. Hy skryf agt duisend bladsye en sy werk bepaal die koers van die teologie.

> In sy groot werk oor die Christelike geloofsleer, 'De Doctrina Christiana', verklaar Augustinus dat in die teks na die outeur se bedoeling gesoek moet word. Wie dit nie doen nie, was op die verkeerde eksegetiese weg (De docrina christiana, I,36). Maar hoe gemaak met die moeilike dele? Almal weet daar is tekste wat nie so maklik verklaar kan word nie. Volgens Augustinus het God doelbewus hierdie moeilike gedeeltes in die Skrif (lees: Ou Testament) geplaas. Daarmee wou Hy die oormoedige leser temper. Onverstaanbare gedeeltes moes die hoogmoedige beteuel, die beterweterige nederig maak en die selfversekerde op sy onkunde wys. Niemand moet die intellektueel-bevredigende gevoel kry dat hy alles van die Bybel af weet nie. Niemand moet in oormoed meen hy verstaan alles en daarom die mag het om ander by sy Skrifbeskouing te laat inpas nie. Niemand ken en weet volledig nie. Daarvoor sorg die baie moeilike dele in die Bybel. Dus: om iets van die Ou Testament te verstaan, vereis baie harde werk en 'n gesindheid van groot nederigheid (De docrina christiana, I,6,7).[43]

In die teologie staan dit vry algemeen bekend dat alle teologie gewoon net kantaantekening is by Augustinus se teologie. Hy het woord en begrippe gegee wat

[43] Le Roux, J., 2012. http://teo.co.za/artikel/articles/289/1/Geskiedenis-van-Ou-Testament-eksegese-07--Augustinus--was-anders-01/Bladsy1.html

teologie moontlik gemaak het.[44]Afrika het bygedra tot die teologie en die hoop beskaam nie dat dit weer so kan word.

Twee Pentateug kenners wat 'n baken in Afrika is, 'n lig wat altyd in die geskiedenis van die lees van die Pentateug sal skyn, is John William Colenso en Ferdinand Ettienne Deist.

### *2.1.3 John William Colenso 1814-1883*

Op 20 Mei 1855 land Colenso en sy geselskap by Durban se hawe vanaf Forncett St Mary, Norfolk in Engeland waar hy vir sewe jaar 'n leraar was en vertrek na Pietermaritzburg om vir die res van sy lewe daar as Biskop te gaan werk, op die sendingstasie, Ekukanyeni. Hy skryf 'n Engels-Zoeloe woordeboek, vertaal die Nuwe Testament in Zoeloe en laat 'n skat van skryfwerk agter. Maar dit is sy werk oor die Pentateug, hier onder die suiderkruis, wat hom waarskynlik die grootste teoloog ooit, suid van die Sahara maak.[45]

Colenso was 'n uitermatig deeglike en hardwerkende mens. Vroeg in sy lewe moes hy teen terugslae veg en hierdie briljante brein se grootste gawe aan hierdie kontinent was sy eerlikheid en sy deernis vir mense. Hierdie kombinasie het die grootste teologiese werk aan die suidpunt van Afrika tot stand gebring.

Dit was uit pastorale oorwegings en weens sy opregtheid, wat die vuurhoutjie getrek is om sy magistrale werk oor die Pentateug te laat ontbrand. Sy Zoeloe medewerkers wou by hom weet of elke feit oor die Noagverhaal in Genesis 6-9 korrek is. Hulle het hom ook gevra of wanneer jy jou slaaf doodslaan (Eksodus 21:21), dit eties verantwoordbaar is dat jy nie daarvoor gestraf word nie? Hierdie eenvoudige vrae het Colenso doodeenvoudig eerlik begin antwoord. Die resultaat is 'n meesterwerk in sewe volumes oor 'n periode van sewentien jaar (1862-1879) met die titel *The Pentateuch and the book of Joshua critically examined*.

[44] Chacwick, H 1986.
[45] Draper, JA 2003.

Omdat hy wiskundig geweldig sterk was, het die somme van die Pentateug vir hom net glad nie sin gemaak nie. Die 603 550[46] soldate wat weggetrek het uit Egipte, maak net nie sin nie. Sy berekening is dat daar dan 2 000 000 mense optrek was. Tydens Pase sou dus ongeveer 150 000 skape, jaaroud rammetjies, geslag moes word[47], wat beteken dat hulle 'n kudde van minstens 500 000 skape moes hê omdat die ooilammers plus die ouer ooie en -ramme ook nog saam sou moes trek. Dis sou baie onwaarskynlik wees dat die Egiptenare vir die slawe van Israel 160 000 hektaar grond sou gee vir hulle skape om op te wei.

Sy besondere fyn en presiese, wiskundige lees van die teks, maak dat hy die bronne daarin raaklees. Hy lees 'n Elohis-bron daarin en het ook baie respek vir die skrywers van Deuteronomium. Moses kon nie die Deuteronomiumteks geskryf het nie omdat dit beslis baie laat ontstaan het, voor of tydens die ballingskap. Hy vermoed dat Jeremia dit kon skryf. Die Pentateug is in die tyd van Esra voltooi.

Hierdie wetenskaplike lees, het die Pentateug net meer bruikbaar vir Colenso gemaak en het sy werk onder die Zoeloes bevorder. Die res van die Engelse wêreld het daarteen in opstand gekom. Die vloedgolf van apologetiese werke teen Colenso was oorweldigend. Die Anglikaanse kerk in Suid-Afrika het geskeur. Niemand kon die grootsheid van sy werk waardeer of raaksien nie. Niemand het sy werk voorgesit nie. Die onverkwiklike resultaat is dat feitlik niemand aan sy genialiteit erkenning gegee het nie en hy is deur kerklike- en imperiale politiek gemarginaliseer. Was sy werk 'n verlore saak? Dit het net minder as honderd jaar geneem, voordat iemand weer hier te lande, sy werk kon optel en dit verder voer.[48]

### *2.1.4 Ferdinand Ettienne Deist 1945-1997*

Hy was net anders. Sy manier om moeilike goed, eenvoudig te kon stel, het gemaak dat hy met die grootste intellektuele van sy tyd, maar tegelyk ook met die gewone

46 Numeri 2:32
47 Eksodus 12:5
48 Le Roux, JH 1993:91-107

mense, die man op straat, in 'n taal kon praat wat elkeen verstaan het. Hy was 'n storieverteller.[49]

Vir sy amper 53 jaar se lewe het hy die teologie van die middel sewentiger jare af, op nuwe hoër bane laat beweeg. As teologiese student maak sy studie oor Gunkel die komplekse maar wonderwêreld van die Duitse teologie in Afrikaans oop. Sy vroeë werk oor die Pentateug in 1976[50] op 31 jarige ouderdom, stel in gewone Afrikaans 'n ongeëwenaarde standaard van publikasie wat hy sy lewe lank volgehou het. In keurige, verbeeldingryke en pakkende taal ontvou hy amper soos in 'n lekkerleesboek die verweefdheid van die Pentateug op 'n manier wat die teks laat lewe.

Waar hier in ons land die kritiese denke van die verligting nie geleef het nie, was dit anders by Deist. Hy het die sprong gemaak wat niemand kon nie. Hy het mondig geraak en die moed gehad om sy verstand te gebruik.

> Aufklärung ist der Ausgang des Menschen aus seiner selbstverschuldeten Unmündigkeit. Unmündigkeit ist das Unvermögen, sich seines Verstandes ohne Leitung eines anderen zu bedienen. Selbstverschuldet ist diese Unmündigkeit, wenn die Ursache derselben nicht am Mangel des Verstandes, sondern der Entschließung und des Mutes liegt, sich seiner ohne Leitung eines andern zu bedienen. *Sapere aude*! Habe Mut, dich deines eigenen Verstandes zu bedienen! ist also der Wahlspruch der Aufklärung.[51]

Hierdie gees van die verligting is wat Deist in die Suid-Afrikaanse toneel ingedra het. Sy kritiese lees van tekste het hom profeties na die konteks waarin hy geleef het laat kyk. Sy eerlikheid het seer gemaak maar die skille van die oë van baie het afgeval.[52]

Deist lees en verstaan die grondtekste of dit nou Hebreeus of Duits of wat ook al was. Hy kon die gees van die teologiese diskoers aanvoel en deurgrond en aktueel dit

[49] Ek kan in my Filosofsfie II-klas onthou dat Gadamer 'n lesing vir ons gegee het. Die grootheid van hierdie geleentheid het my verbygegaan. Wat ek wel kan onthou is dat Deist ook kom luister het. Tydens vraetyd het hy 'n vraag gevra wat Gadamer met die grootste instemmendheid geantwoord het. Sy 35 populêre boek wat hy geskryf het was so uitstekend verantwoord op teologies vlak, maar ek onthou goed hoe my pa, 'n gewonde maar denkende man, een keer met 'n boek van Ferdinand na my toe gekom het en dit hoog aanbeveel het.

[50] Deist, FE 1976.

[51] Kant, I 1784.

[52] Deist, FE 1994.

weergee. Hy was eerstehands in gesprek met die oorspronklike outeur en nie die interpretasie van sekondêre of onder hoorsê gesprekke nie. Sy deeglike en harde en noukeurige werk het almal aangespoor.

Vir hom was die historiese lees van tekste vanselfsprekend. Maar om krities en verbeeldingryk met tekste om te gaan, het hom uniek gemaak in sy werkswyse. Sy waardering vir Colenso is vanselfsprekend. Hy sien hom as die een wat voorloop in die soektog na integriteit as dit by eerlike lees van die Bybel kom. So hoor ons eerder God se woorde as wat ons die Bybel gebruik as 'n weerkaatsing van ons eie stem.

Deist werk histories met die Pentateug en plaas die oorsprong daarvan in die hofhouding van Dawid. Met die skeiding van die ryk, is daar 'n noordelike- en suidelike bydra tot die Heksateugvorming. Vir hom bly die avontuur om die teks te ontplooi nog tussen die bladsye weggesteek en sal dit ons altyd uitnooi om dieper in die misterie in te gaan wat ons die Pentateug noem.

'n Reeks van sy aanhalings gee iets weer van hierdie baie besonder mens.

> "Om kerk te wees, beteken om nie met kits- of pasklaar antwoorde tevrede te wees nie, maar om voortdurend aan die soek, weeg en herbesin te bly."
>
> "Die wetenskap kan die spore oopmaak waarop die lokomotief van die geloof kan loop, maar dit kan die geloof self nie vervang nie."
>
> "Ek sal eerder sukkel met die man wat sê hy kan nie hierdie dinge glo wat die kerk sê nie. Daar is genoeg dominees wat kan sorg vir die man wat in die middel langs loop en gelukkig is. My belangstelling lê in diegene wat by die rand van die kerk afval. Dis dikwels mense wat 'n probleem ondervind met hoe ons dinge formuleer."
>
> "Godsdiens het twee kante soos ek dit sien. Die eerste kant, 'die ontvangkant', as 't ware, oor dié het ons 'n mindere of selfs geen beheer nie. Dit is die mistieke, die Godgegewe. Maar wanneer dit by die 'geekant' kom, kan ons *doen*. Dan is die tyd van praat verby, maar kommunikeer ons deur ons dade; en dit is, wat my betref, wat aktiewe Christenwees behels."[53]

[53] http://www.litnet.co.za/Article/ferdinand-deist-19441997

Sy heel grootste bydra tot die studie van die Pentateug is dat hy die gemeenskap in Suid-Afrika wakker gemaak het sodat hulle nooit weer dieselfde sou kyk na die hierdie groot geskenk nie, dit is die Pentateug.

Wat het toe gebeur toe hierdie twee grotes nie meer by ons was nie?

### *2.1.5 Jurie le Roux geb.1944*

Wanneer jy die Pentateug vandag in Suid-Afrika lees wil jy besonder graag vir Jurie Hendrik le Roux as luistergenoot saam nooi. Sy lewens- en werksagenda is vol en lank maar besig en opwindend; Ou-Testamentiese studies, Kerkgeskiedenis, Sosiologie, Filosofie, Musiek, Kultuur, Afrikaans sy moedertaal en Nuwe-Testamentiese studies. ‘n Liturgie wat van besondere betekenis vir hom is en die mense wat die voorreg het om dit met hom te deel, is om iewers in een van die baie koffiekafees in Pretoria te kuier. Daar kry teologie lewe en lewe teologie. En die lewe en alles daarmee saam word intellektueel beluister en geworstel en gewroeg en gevier. Sake van die dag en nuwe dinge word met erns ontleed. En verskille word gevier. Insigte ontwikkel en die diepe erns van ‘n intellektueel verantwoorde lewe met diep deernis maar ook met omsigtigheid en klipharde werk word gepraktiseer.

> In my byna veertig jaar as dosent in die teologie (eers by UNISA en nou by UP) het ek mettertyd vir myself twee merkers vir ’n goeie teologie uitgesonder. Een is die verinnerliking van die Pentateugkritiek en die ander die studie van die historiese Jesus. Nodeloos om te sê dat (volgens my) die Afrikaanse teologie in vele opsigte hierin gefaal het en dat ’n mens dit in die prediking kan hoor en in talle teologiese werke kan lees.[54]

Hy pas nie in die lyn van Ou Testamentici wat teologie aan die kerklike teologiese skole beoefen het nie. Sy eerste prioriteit is goeie teologie en eintlik, maar net dit. Hy is self ook vir byna vier dekades self ‘n pastor en V.D.M.. Maar om werklik die teks na die spreekwoordelike Jabbok te vat en daar met hom ten dode te worstel, dit is sy praktyk en nalatenskap. Die moeilike weg is die historiese. En dit doen hy. Hy werk histories-wetenskaplik met die vak en bely telkens sy onmag met die teks omdat hy voel hy werk met iets wat veel groter is. Sy hermeneuties-

[54] http://www.teo.co.za/wmview.php?ArtID=594

filosofiese bemoeienis maak dat hy geen oplossing aanbied nie, maar telkens maar weer net die leser uitdaag tot oorspronklike denke.

> Thus Le Roux painstakingly constructed a historical consciousness that was influenced by the textual discipline of Church History, the sociological awareness of ideology as well as the dynamics between text and social context; the historically informed and aesthetically pleasing theological reflection of von Rad and a self-critical attitude stimulated by philosophical hermeneutics. Combine this academic training with a longstanding appreciation for art, literature and music and you have the makings of an exceptional historian![55]

Elke klas word geopen met gebed en die misterie oorweldig hom telkens maar dan raak hy saam met sy studente besig om die beiteltjie te slyp. Vraag op vraag en moontlikheid op moontlikheid. Altyd histories, altyd met verantwoording. Nooit met enige sweem daarvan dat hy beheer oor die teks het nie, altyd in gebrokenheid.[56] Daar het baie dinge gebeur, maar in 1998 is sy lewe op 'n nuwe baan geplaas.

> Dit was 'n informele gesprek met die Pentateug-kenner Eckart Otto op 6 Augustus 1998 tydens die internasionale IOSOT-kongres in Oslo, Noorweë, wat tot 'n nuwe inisiatief rondom Pentateug-navorsing in Suid Afrika gelei het. Jurie le Roux het dit inisieer. Sedert 2001 het Jurie, in samewerking met die veelsydige Max Weber kenner en Münchener teoloog, Otto, aan die Universiteit van Pretoria 'n jaarlikse spesialisasie seminaar oor die Pentateug begin. Hierdie inisiatief staan as Pro Pent (Projek Pentateug) bekend en het deel geword van die Ou-Testamentiese Werksgemeenskap se subgroep aktiwiteite. Sowel nasionale as internasionale Pentateug-kenners is hierby betrek. Die jaarlikse driedaagse seminaar vind sedertdien in Augustus in Pretoria plaas.[57]

Al kommentaar wat hierop gelewer kan word is: "En die res is geskiedenis." Twee wêrelde en twee kenners het ontmoet, op die regte plek en tyd, op die regte tydvak in die geskiedenis en 'n nuwe epog in Pentateug-navorsing in Afrika is vanaf 2000 geopen. Jurie ken nie die kollig nie en hy hou niks daarvan nie maar hy weet hoe om die kollig te gooi. Eckart Otto het die stem geword van 'n nuwe manier van Pentateug-studies doen. Afrika het hom nodig gehad en hy vir Afrika. Hier het sy

[55] Bosman, Hendrik 2012. The Historical Understanding of the Old Testament in South Africa: From Colenso to Le Roux and beyond. Lesing gelewer by OTWSA 2012.
[56] Le Roux, J., 2009, 'Old Testament Studies: The story of a department', *Verbum et Ecclesia* 30(3), Art. #182, 9 pages. DOI: 10.4102/ ve.v30i3.182
[57] Human, Dirk 2006. Jurie Hendrik le Roux – Deernisvolle Mens en Veelsydige Akademikus OTE 19/3 (2006), 801-819 801-819

gedagtes ontplooi en is die denke van tientalle vooraanstaande Pentateug-kenners wat nou al in die honderde tel van dwars oor die wêreld by ProPent in 'n koor gehoor. Die vorming van gedagtes en nuwe idees, die ruwe gesprek om weer nuwe weë oop te maak, publikasies en vennootskappe, selfs vriendskappe, is gesluit. Wanneer die geskiedenis van die Pentateug-navorsing is Afrika geskryf word, sal die verhaal van ProPent eerste vertel moet word en Jurie le Roux en Eckart Otto sal beslis die hoofopskrif haal.[58]

### *2.1.6 Eckart Otto geb.1944*

Hier word nie volledig oor Otto geskryf nie omdat die breë prentjie deurgans sal bydra om hom in fokus te kry. Die verskillende sleutels wat hy gebruik in sy navorsing blyk duidelik uit sy Curriculum Vitae op sy Universiteitswebwerf.

Vita

- geb. 1944
- 1973 Promotion zum Dr. theol.
- 1975 Habilitation
- 1974–1984 Ausgrabungen im Libanon und in Syrien
- 1978–1979 stellv. Direktor des Deutschen Ev. Instituts für Altertumswissenschaften des Heiligen Landes
- 1979–1996 Professor für Altes Testament und Biblische Archäologie in Hamburg, Osnabrück und Mainz
- seit 1996 Ordinarius für Altes Testament an der Universität München und Honorary Professor an der Universität Pretoria (Südafrika)
- seit 2007 Ehrendoktor (Dr. theol. h.c.) der Universität Pretoria (Südafrika)
- Ehrenmitglied der Old Testament Society of Southern Africa
- Herausgeber von Band I/21.1–2 der Max-Weber-Gesamtausgabe: Die Wirtschaftsethik der Weltreligionen. Das antike Judentum. Schriften 1911–1920
- Herausgeber und Mitherausgeber zahlreicher Monographiereihen und Zeitschriften insbesondere zur antiken Rechtsgeschichte (siehe auch Publikationen)
- Zahlreiche Gastprofessuren u.a. in Innsbruck, Jerusalem, Pretoria, Sibiu und Stellenbosch
- Gastvorlesungen an zahlreichen inländischen und ausländischen Universitäten, u. a. in Baltimore, Bloomington, Kapstadt, Kopenhagen, Madrid, New York, Paris, Uppsala und Wien[59]

[58] Le Roux, J., 2012, 'Pro Pent: A project for the study of the Pentateuch in South Africa', HTS Teologiese Studies/ Theological Studies 68(1), Art. #1277, 10 pages. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1277
[59] http://www.at2.evtheol.uni-muenchen.de/personen/otto/vita/index.html

As daar in een aanhaling van Le Roux saamgevat kan word oor hoe Otto werk, dan klink dit so:

> Volgens Otto is Deuteronomium die sleutel tot die verstaan van die Pentateug. Wie laasgenoemde wil begryp, moet dáár begin en die magspel tussen idees en die Sadokitiese belangegroepe raaksien. Hierdie Jerusalemse priesters was die intellektuele bolaag wat 'n bepaalde religieuse idee wou realiseer (Otto 2002a:57-75). Hulle is gedryf deur 'n soeke na die een wil van God wat as 'n hermeneutiese sleutel kon dien: " ... der Einheit des Gotteswillens als hermeneutischem Schlüssel ... " (Otto 2002b:291). Hierdie soeke het 'n lang pad met baie spanning en botsende belange gevolg. Uiteindelik het die boek Deuteronomium (asook die Pentateug) 'n lang ontwikkelingsfase deurloop en elke redaksiefase is deur 'n bepaalde religieuse idee gekenmerk.[60]

Die reuse bydra wat Eckart Otto lewer om die studie van die Pentateug in Suid-Afrika op 'n uitnemende vlak te plaas, kan nooit onderskat word nie. Saam met Jurie le Roux word hulle die breintrust van ProPent en sal die nawerking van wat hierdie projek dusver opgelewer het, hopelik in die toekoms nog veel vrug dra.

### *2.1.7 ProPent 2000-2012*

ProPent se diepste motief is om 'n intellektuele geskiedenis te skep wat blyke gee dat daar redelik met die Pentateug omgegaan is. Vanaf die begin is daar ooreengekom dat daar innoverend gewerk sal word. As basis vir gesprekvoering is die nuutgevormde teorie van Otto gebruik. Die uitgangspunt is dat die navorsingsgeskiedenis van die Pentateug as riglyn gebruik sou word. Daar is deurgans histories gewerk. Otto se boek oor die Pentateug wat in 2000[61] verskyn het in opvolging van die lesing wat vroeër in die jaar in Pretoria gehou is, het 'n basis gebied waarvandaan daar gewerk kon word. Saam met ProPsalm het dit 'n sentrum vir uitnemendheid geword vir geleerdes van dwarsoor die wêreld vanuit verskillende oortuigings.[62]

ProPent se verklaarde idee was om die bestaande tradisie in Suid-Afrika te verryk. Belangrike uitgangspunte het gegeld. Eerstens sal die kritiese tradisie van

[60] Le Roux, JH 2002. *Die mag van religieuse idees*.HTS 60(3) 2004 743-753
[61] Otto, E 2000.
[62] Le Roux, J., 2012, 'Pro Pent: A project for the study of the Pentateuch in South Africa', HTS Teologiese Studies/ Theological Studies 68(1), Art. #1277, 10 pages. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1277

die Pentateug gebruik word. Dit sou as kreatiewe basis geld. Vervolgens sal die historiese oorsprong van die Pentateug gerespekteer word en ook dat dit 'n ontwikkelingsgeskiedenis het. Daar sou deurgans ook gepoog word om teoreties innoverend met die Pentateug te werk. Laastens is die navorsingsgeskiedenis van die Pentateug ook as uitgangspunt aanvaar.[63]

Daar is ook kontekstueel gedink oor Afrika. Dit maak natuurlik die projek 'n voortgaande noodsaak as daar gedink word watter allerbelangrike rol die Pentateug in die verlede gehad het maar ook in die toekoms in Afrika kan speel.

## 2.2 Pentateug-navorsing

### *2.2.1 Die samestelling van die Pentateug tot voor die Verligting*

In die twee godsdienste wat die Pentateug gebruik, Judaïste en Christene, is daar deur al die eeue aanvaar dat Moses die outeur van hierdie teks is.

> "Daar het nie weer 'n profeet in Israel opgetree wat soos Moses was nie. Hy het die Here persoonlik geken."[64]

Hy was die grootste profeet wat ooit geleef het en sy gesag was onaantasbaar vir almal. Daar sou nie eers oorweeg word om dit te bevraagteken nie. Daar was wel tekste wat ongemak verskaf het maar daar is blindelings daaroor gelees.

> "Nadat hulle in Kanaän aangekom het, het Abram deur die land getrek tot by Sigem se aanbiddingsplek by die groot waarsêersboom. In daardie tyd het die Kanaäniete die land bewoon."[65]

Hierdie is duidelik 'n baie later toevoeging tot die Pentateug en sou dit onmoontlik deur Moses geskryf kon word, net soos hy ook nie sy eie dood in die derde persoon enkelvoud sou kon beskryf nie.[66]

[63] Le Roux, J., 2012, 'Pro Pent: A project for the study of the Pentateuch in South Africa', HTS Teologiese Studies/ Theological Studies 68(1), Art. #1277, 10 pages. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1277
[64] Dtn 34:10
[65] Gen 12:5b-6
[66] Dtn 34:1-9

Zenger wys daarop dat die Pentateug ‘n komplekse ontstaan het.[67]Daar is verskeie duidelike merkers in die tekste wat daarop dui. Die naamswisseling tussen Jahwe en Elohim, dubbelvertellings soos die skeppingsverhale, spanning binne vertellings soos die vloedverhaal, dubbel-oorlewerings soos die dekaloog in Eksodus en Deuteronomium, verskeie wetsboek soos die bondsboek, die heiligheidskode en Deuteronomium se wette, teenoorstellende teologiese konsepte soos die Godsbegrip in Genesis wat veel verskil van die in Eksodus tot Deuteronomium en laastens die literêre grondprobleme soos die verhouding wet en geskiedenis.

### *2.2.2 Pentateug-navorsing van die Verligting tot vandag*

Dit begin reeds vroeër by die Renaissance en die Reformasie as die uitroep *ad fontes* (na die fontein = terug na die oorspronklike bronne / tekste) weergalm. Richard Simon (1638-1712) sien dat daar verskillende stories oor die aartsouers is en aanvaar dat daar bronne was, dat sommige van die materiaal van Moses self gekom het en dat alles deur Esra finaal geredigeer is. Astruc (1753) sien dat daar verskillende name vir God gebruik word. Waar Jahwe se naam voorgekom het was dit die Jahwis (J) wat die bron ten grondslag van die teks was, so ook met die Elohis (E) waar Elohim die aanduiding van die teks se oorsprong was. Wilhelm M. L. De Wette (1805) kom tot die insig dat daar ‘n Oer-Deuteronomium was, nie in Moses- of die vroeg koningstyd nie maar tydens die kultushervorming van Josia 622/21 v. C. Die rame om Deuteronomium (Deuteronomium 1-11; 27-34) is onderskei van die wetboek (Deuteronomium 12-26). ‘n Derde bron word nou (D) genoem, die Deuteronomis. Hupfeld (1853) ontdek ‘n tweede J en noem nou die eerste J nou (P), omdat dit volgens hom duidelike priesterlike trekke gehad het wat die Priesterlike geskrif word. Hierdie klassieke hipotese staan nie op losse skroewe nie. Daar is duidelike kriteria gebruik: duplikasie of herhaling in tekste, ‘n variasie in die gebruik van die name van God, kontras in die outeurs se perspektief, woord en styl verskille en tekens van redaksionele aktiwiteite.[68]

Volgens die klassieke bronneteorie bestaan die Pentateug uit vyf verskillende bronne. Die eerste en oudste bron is die Jahwis (J), herkenbaar deur die gebruik van

[67] Zenger 2008:76-86
[68] Bandstra 1999:36

die Godsnaam Jahwe. Die oorsprong daarvan is in 950 v.C. in Jerusalem tydens die koningskap van Dawid en Salomo. Die tweede bron is die Elohis en is herkenbaar weens die gebruik van die Godsnaam Elohim. Dit het in ongeveer 750 v.C. ontstaan in die Noordryk, na die skeuring van die ryk. Die derde bron is die Jehovis en is ’n vermenging van die bronne van die Jahwis en die Elohis deur ’n redakteur.

Volgens Wellhausen het die bron sy ontstaan in die tydperk van die Assiriese ryk en dateer dus ongeveer 700 v.C. Die vierde bron is Deuteronomium. Die ontstaan van Deuteronomium se inhoud is onseker. Die ontdekking van die Wetboek deur koning Josia in 621 v.C. en die volk se aanvaarding daarvan, word as datum van oorsprong gebruik. Die Wetboek het dele van Deuteronomium bevat. Die laaste en jongste bron is die Priestergeskrif; die ontstaan daarvan kan terug herlei word na die volk se Babiloniese ballingskap en die tydperk ná die ballingskap. Hoewel die ontstaansdatum as ongeveer 550 v.C. gereken word, reken Wellhausen dat 444 v.C. die korrekte datum sou wees. Hierdie bronne het Wellhausen se verwysings geword wat gebruik is om *Geschichte Israels* en die *Prolegomena* te skryf.[69]



70

[69] Serfontein, G.J. & Le Roux, J.H., 2012, ‘Julius Wellhausen – die denke van ’n Ou-Testamentikus’, *Verbum et Ecclesia* 33(1), Art. #701, 8 pages. http://dx.doi. org/10.4102/ve.v33i1.701
[70] http://www.infidels.org/library/modern/gerald_larue/otll/chap3.html

## 2.3 Nuwe uitdagings aan die Pentateugteorie, einde tweede millenium

Die uitdaging is duidelik. Hoe kan daar verder beweeg word? Wat is die knelpunte? In die volgende hoofstukke word aspekte van Eckart Otto se Pentateugteorie gebruik om te kyk of daar nie ‘n stappie vorentoe beweeg kan word met die tekste nie. Die sleutel wat die oorsprong vir die Pentateugnavorsing moet bied, is die verkennersverhale, maar eers kyk ons na hoe die boek Deuteronomium se eerste lyne loop.

"*And now I tremble at the result of my enquiries,*
*rather, I should do so, were it not that I believe firmly*
*in a God of Righteousness and Truth and Love,*
*who both 'IS', and is a rewarder of them that diligently seek him*."

*John Colenso (1814 – 1883)*

## HOOFSTUK DRIE: OER-DEUTERONOMIUM

Vir gesonde teologie is ‘n goeie Pentateugteorie ‘n *sine qua non*. Die Tora is die fondament. Die *lectio continua* is die voortgaande lesing van die Tora op die Sabbat. Dit vind deur die eeue weekliks in die sinagoge plaas. Selfs in ‘n moderne tyd dui dit daarop dat die Tora onderskei word as die gesaghebbend brondokument van die Eerste Testament. Beide die Nebi’im (profete) en die Ketubim (geskrifte) het geen betekenis nie behalwe as dit in verband gebring kan word met die Tora. Die profete, of dit nou die vroeë (Josua tot II Konings) of die latere profete is (Jesaja tot Maleagi), is in voortdurende gesprek met die Tora. Die geskrifte bly in hoofsaak liturgiese- en wysheidsdokumente, wat deurgans ‘n refleksie van die daaglikse lewe is, maar altyd weer in die lig van die Tora. Die Tweede Testament bly ook betekenisloos totdat dit gesien word as ‘n verklaring van die Tora. Die Nuwe Testament se populêrste- en mees gesaghebbendste brondokument is Deuteronomium. Daar word telkens maar weer met teologiese probleem of morele krisis teruggekom na hierdie fontein.

Die Pentateug se oer oorsprong is Deuteronomium. Programmaties bied Dtn34:11-12 die sleutel tot die Tora. Die Tora is onvergelykbaar, onoortrefbaar en die ewig-geldende openbaring en lewensgids. Die profete het die nodige sanksie om die Tora uit te lê en die Eksodusgebeure word die “grondgebeurtenis” van die hele geskiedenis.[71]Echart Otto wil in sy lang reis ons vinger op hierdie eerste bladsye van die Bybel sit, naamlik Deuteronomium.[72]

Vir hierdie studie is dit belangrik om hier by die oorsprong van Deuteronomium te vra of Deuteronomium wel die begin van die Pentateug-navorsing is? Deuteronomium is wel die oorsprong van die Pentateug maar is dit die begin van die? Om dit uit te vind is dit nodig om te lees en goed te luister wat die tekste sê. Deuteronomium mag moontlik die eerste reëls wees wat neergeskryf is, maar dit is nog nie die Pentateug nie. Die groot wins in die afgelope twee dekades is dat in die

[71] Zenger, E 2008:24
[72] Otto, E 2000:1

Pentateug-navorsing daar nou by Deuteronomium begin word en nie meer by Genesis of enige ander plek nie. Hierin het Eckart Otto geen geringe invloed nie.[73]

Otto se Pentateugteorie begin by Deuteronomium, maar hoewel dit 'n goeie plek is om te begin in Pentateug-navorsing vra dit vir 'n nog nadere verwysing waar dit in Deuteronomium begin.

### 3.1 Oer-Deuteronomium

In sy werk, *Das Deuteronomium*[74], dui Otto duidelik aan dat die oer oorsprong van Deuteronomium buite-Bybels is en ontspring het uit die lojaliteitseed van die neo-Assiriese koning, Asarhaddon (681-669). Die eed ontstaan toe sy seun Assurbanipal (668-627) sy pa onreëlmatig moes opvolg, die seun wat hy by sy liefling vrou gehad het. Asarhaddon het ook vroeër die troon bestyg in 'n ongereeld opvolgingskonflik. Dit was praktyk in Hetitiese- en Assiriese onreëlmatige troonopvolgings om 'n getrouheids- of lojaliteitseed uit te reik in 'n poging om die oorname so sag as moontlik te maak.[75]

Die belangrike spelers is hierdie tyd is Hiskia (725-697 = 29 jaar) wat hierdie groot tydvak inlei met die sentralisering van offerkulus. Manasse (699-643 = 56 jaar) volg 'n baie naby beleid aan die Assiriese ryk. Josia (640-609 = 32 jaar) wat met die kultussuiwering (II Kon 22-23) 'n geweldige groot impak maak op die psige van Juda.[76] Wie moet ons bedank vir die wetboek wat ontdek (geskryf) is? Hilkia die hoëpriester wat die boek gevind het en Hulda wat die orakel was wat die koning oortuig het dat hierdie boek die hoogste gesag is. Hierdie geskiedenis word deur Jurie le Roux pragtig en kompak saamgevat[77].

> The Judean Deuteronomy's answer to resistance. In the seventh century Judean intellectuals grappled with the problem of insubordination and defiance. It was the time of the neo-Assyrian power and the loyalty oath of the Assyrian King Esarhaddon (VTE) of 672 BCE. Due to the massive military power of the neo-Assyrian empire the Northern kingdom was destroyed in 722 BCE and in 701

[73] Otto, E 2000:1
[74] Otto, E 1999
[75] Otto, E 1999:23
[76] Zenger, E 2008:143-4
[77] Le Roux, J.H. 2012. *Searching for a question and an answer*. Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif, North America, 51, feb. 2012. Available at: <http://ngtt.journals.ac.za/pub/article/view/80>. Date accessed: 28 Dec. 2012.

> Jerusalem narrowly escaped Sanherib's siege. By 699 BCE Manasseh subdued himself to the Assyrians and Judah became an Assyrian vassal state. This implied that Manasseh had to accept the vassal treaty of Esarhaddon, which expected absolute loyalty. Even the smallest member of the family was involved in this act of loyalty and any form of disobedience was brutally punished. As a vassal of this world power Manasseh also had to accept the Assyrian thinking that only they had a positive influence on the world and that only through them could all nations unite and live in peace, harmony and social justice. And of course he had to worship Assur. This god was enforced upon all defeated nations and all had to revere Assur.
>
> Many people in the seventh century experienced everyday life as harsh and difficult to cope with but the "judäischen Intellektuelen" devised a brilliant "intellectual rebellion". They took over the Assyrian totalitarian ideas and terminology and rewrote it in such a way as to honour yahweh alone. An anti-Esahaddon strategy was developed by borrowing Assyrian ideas and terminology but redefining and rewriting it in such a manner that yahweh's uniqueness was emphasized and Israel's absolute loyalty was stressed. A consequence of this resistance and devotion to yahweh alone was the rejection of Assyrian anthropology and the clear boundaries for state intervention, political demands and allegiance to the king that were set. According to Assyrian political theology the king was the "representative" of Aššur but in the eigth psalm everything is democratised. Although frail and weak, human beings are nevertheless God's representatives "und ... insgesamt mit der Königsfunktion beauftragt". This answer of the "judäischen Intellektuelen" to the question of resistance thus had a tremendous influence on the history of Israel and of human rights in general.

Die sesde opgrawingsveldtog van die Britse skool van argeologie in Irak het in 1955 het by die Nimrod-tel plaasgevind. In 'n gebou noord van die Nabu-tempel, wat 'n troonkamer was met 'n podium daarin, is meer as 350 fragmente van 9 tafels, opgegrawe waarvan een daarvan die lojaliteitseed is.[78] Deuteronomium 13:1-11; 28:15,20-44 is feitlik woordeliks dieselfde as hierdie eed.

Die historiese konteks waarin die teks gebore word is wesenlik vir die verstaan van die teks. Uit die haas onuitstaanbare druk wat Isreal in hierdie tyd beleef het word daar 'n nuwe verhaal gebore.[79]

> In hierdie smeltkroes van politieke magsoorheersing en religieuse sinkretisme moet die begin van die Pentateug gesoek word. Teenoor die Assiriese politiek is 'n teenkonsep ontwikkel: Israel bewoon die land wat Jahwe met In eed beloof het en daarom moes Hy alleen aanbid word. In sy vroegste gestalte was die Pentateug dus In versetskrif teen die Assiriers: die Jerusalemse geskiedswerk was 'n versetpoging; in Deuteronomium 13:2-6* word die aansprake in die

[78] Otto, 1999:15
[79] Le Roux, J.H. 2000. *Die oue weier om te verdwyn*. Verbum et Ecclesia; Vol 21, No 3 (2000), . doi: 10.4102/ve.v21i3.600-601.

> Essarhadonverdrag geheel en al omgekeer en op Israel se verhouding tot Jahwe toegepas; die verbondsteologie in Eksodus en Deuteronomium wou kritiek teen die neo-Assiriese heerskappy uitspreek; die Mosesfiguur was as kritiek teen die neo-Assiriese koningsideologie bedoel. Hierdie versetspoging is op 'n briljante manier uitgevoer: die heersende Assiriese idees en motiewe in verband met staatsmag en godsdiens is oorgeneem en met 'n radikaal nuwe en ander betekenis gevul. Assur, die Assiriese ryksgod was nie die enigste ware god nie, maar Jahwe; die land was nie gawe van Assur nie, maar van Jahwe; die koning was nie Assur se plaasvervanger op aarde nie en hy het ook geen aanbidding nie verdien nie; die volk was lojaliteit aan Jahwe en nie aan die koning verskuldig nie; die volk en nie die koning nie, moes sekere religieuse verpligtinge nakom. Kortom: Assiriese idees en terminologie is oorgeneem en die angel is daaruit geneem. Alles is so herskryf dat Jahwe alle eer moes ontvang. Op hierdie manier het die heersersaansprake van die Assiriese koning en die Assiriese god, Assur, hulle totalitere aansprake verloor. In hierdie verset het Israel sy eie identiteit ontdek en is die andersheid van sy God besef. En in hierdie daad van verset moet die begin van die Pentateug gesoek word.[80]

Die konteks waarin Deuteronomium ontstaan maak die lees daarvan anders. Sou die teks vroeg ontstaan sou dit iets toevoeg aan die betekenis wat anders is as die in 'n laat tydperk ontstaan. Deuteronomium ontstaan in die Assiriese tydperk.

> Vir die Deuteronomium navorsing is dit van beduidende belang dat die neo-Assiriese lojaliteitseed net in die konteks van die ongereelde troonopvolging van Asarhaddon en Assurbanipal in die jare tussen 683/3 vC en 669/8 vC aangeslaan word. Dit het 'n gattungsvoorgeskiedenis wat tot in die jare 1300 vC teruggaan, as die gattung wat in konteks van 'n ongereelde Hetittiese troonopvolging ontstaan – wat egter geen nageskiedenis het nie. Die gattungsgeskiedenis eindig met die ondergang van die Assiriese ryk. Toe die Mediers in die troonsaal van Kalhu die eksemplare van die VTE, wat die Mediese stadsvorste met 'n eed bind, saam met die ivoor, hulle belasting, stukkend geslaan is, maak hulle daarmee ook hierdie gattung van lojaliteitseed en daarmee saam hierdie vorm van regeringsekuriteit 'n einde aan. Nog die neo-Babeloniese, nog die Persiese tydvak, het vir ons lojaliteitsede opgelewer.[81]

### *3.1.1 Die teks van Deuteronomium 13*[82]

Die verskillende redaksies van die teks is hier elkeen in ander lettertipes aangedui sodat die verskillende lae van die teks van mekaar onderskei

80 Le Roux, J.H. 2000. *Die oue weier om te verdwyn*. Verbum et Ecclesia; Vol 21, No 3 (2000), . doi: 10.4102/ve.v21i3.600-601.
81 Otto, E 1999:32
82 Die Afrikaanse vertaling van 1933/53 word gebruik omdat dit 'n letterlike vertaling is en nader aan die Hebreeuse teks beweeg. Daar is nie gepoog om 'n eie vertaling te doen of om krities na Otto se vertaling te kyk nie omdat so 'n omvang buite hierdie studie val.

kan word, maar ook gesien kan word hoe hulle bymekaar inpas. Die betekenis van die tekste groei wanneer verskillende tydvakke en fases in die geskiedenis van Israel en ook verskillende teologië komplimentêr tot mekaar gestel word. Sou die teks net op een vlak gelees word is die betekenis moontlikhede daarvan beperk. Wanneer die teks historie en wetenskaplik gelees word sien ons net veel meer.

|B| Gewoon = Basisverhaal[83]

**|N| Vetgedruk = Deuteronomium 12-26**

|R| HOOFLETTER = DEUTERONOMIUM 1-34

|B| 1 As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan **|N|en jou 'n teken of wonder aankondig,** **2** **en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het** |B| met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop -- wat jy nie geken het nie -- en hulle dien, 3 dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie;**|N|want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel.** **4** **Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang.**|B| 5 Maar dié profeet of dié man wat as dromer optree, moet gedood word, want hy het afval verkondig van die HERE **|N|julle God wat julle uit Egipteland uitgelei en jou uit die slawehuis verlos het, deur jou af te drywe van die weg wat die HERE jou God jou beveel het om daarop te wandel.**|R| SO MOET JY DAN DIE KWAAD UIT JOU MIDDE UITROEI.

|B| 6 As jou broer, die seun van jou moeder, of jou seun of dogter of die vrou wat jy liefhet, of jou vriend wat soos jou eie siel is, jou in die geheim verlok en sê: Laat ons gaan en ander gode dien **|N|-- wat jy en jou vaders nie geken het nie,** **7** **uit die gode van die volke wat rondom julle is, naby jou of ver van jou af; van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde --** |B| 8 dan moet jy nie inwillig en na hom nie luister nie; |R| OOK MAG JOU OOG HOM NIE VERSKOON NIE,|B| en jy mag jou nie ontferm en niks om sy ontwil wegsteek nie, 9 maar jy moet hom sekerlik doodmaak; |R| JOU HAND MOET EERSTE TEEN HOM WEES OM HOM DOOD TE MAAK, EN DAARNA DIE HAND VAN DIE HELE VOLK. 10 EN JY MOET HOM STENIG, DAT HY STERWE;**|N|want hy het probeer om jou weg te drywe van die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.**|R| 11 EN DIE HELE ISRAEL SAL DIT HOOR EN VREES, EN HULLE SAL NIE MEER SO 'N VERKEERDE DING BY JOU DOEN NIE.

[83] Otto, E 1999:38-57 Die verskillende redaksies is baie betekenisvol. Wanneer die historiese agtergrond van die Basisverhaal wat nou met die lojaliteitseed verbind, die voor-eksiliese N-redaksie wat die redaksie is wat tydens die skryf van Deuteronomium 12-26 plaasvinb en die R-redaksie wat deel van Deuteronomium 1-34 is en na-eksilies is, verreken word, beteken hierdie teks net soveel meer.

**|N| 12 As jy in een van jou stede wat die HERE jou God jou gee om daar te woon, hoor sê: 13 Deugniete het by jou opgetree en die inwoners van hulle stad verlei deur te sê: Laat ons gaan en ander gode dien -- wat julle nie geken het nie -- 14 dan moet jy terdeë ondersoek en naspeur en uitvra, en as dit waarheid is, staan die saak vas, is hierdie gruwel by jou gedoen, 15 dan moet jy die inwoners van dié stad sekerlik verslaan met die skerpte van die swaard deur dit met die banvloek te tref en alles wat daarin is, ook die vee, met die skerpte van die swaard. 16 En al die buit daarvan moet jy op die stadsplein bymekaarbring en die stad en al die buit as voloffer met vuur verbrand aan die HERE jou God; en dit moet vir ewig 'n puinhoop wees, dit mag nie weer opgebou word nie. 17 Ook mag daar niks van wat bangoed is, aan jou hand bly kleef nie, sodat die HERE Hom van die gloed van sy toorn kan afwend en aan jou barmhartigheid kan bewys en Hom oor jou ontferm en jou vermenigvuldig, soos Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het -- 18 as jy luister na die stem van die HERE jou God om al sy gebooie te hou wat ek jou vandag beveel, deur te doen wat reg is in die oë van die HERE jou God.**

|B| Gewoon = Basisverhaal

**|N|Vetgedruk = Deuteronomium 12-26**

|R| HOOFLETTER = DEUTERONOMIUM 1-34

Deuteronomium 13:1-5, 6-11 gaan oor godsdienstige hoogverraad van die enkeling en Deuteronomium 13:12-18 weer oor geloofsverraad en wel dan vir ‘n hele stad. Die hele regsgemeenskap word in v.12-18 aangespreek.

Die resepsie is egter so dat die eed van Asarhaddon ontvorm is tot ‘n subversiewe opname daarvan wat nou ten koste van die Assiriese Groot-koning ingespan word tot ‘n totale verheerliking van Jahwe.[84] Die getrouheidseed van 672 vC word eers in Josia se tyd omgewerk[85]. So klink die godsdiens oorsprong van Israel na ‘n subversiewe projek waar hoër magte wat ons die empaaier[86] sou kon noem, telkens uitgedaag moet word deur die god Jahwe wat hom bemoei met slawe, weduwees, vreemdelinge en kinders. Sy mense is magteloos, maar Sy mag funksioneer op ‘n heel ander vlak. Dit gebeur alles tussen 672 en 612vC.[87]So word

84 Otto, E 2007:132 Die kultiese vereering van Jahwe is die fokus van elke Israeliet maar ook die hele stad en land mag net vir hom dien. Die volk het die druk beleef om eerder vir Assur te aanbid as Jahwe.
85 Otto, E1999:217
86 Die woord word gebruik omdat dit ‘n spotterm is en die magtige ryk van Assirië wil relativeer tot ‘n leë dop soos dit maar met enige groot wêreldryk is.
87 Otto, E 1999:14

oer-Deuteronomium 'n getrouheidseed aan Jahwe wat die universele heerser word. Hierdie is die geboorte uur van die verbondsteologie in Deuteronomium.[88] Die ontstaan van oer-Deuteronomium is dus voor-eksilies en beslis nie eksilies of na-eksilies nie.[89]

**Die teks van die lojaliteitseed van Asarhaddon 672 vC**


[90]

Dit val buite die bestek van hierdie studie om die duidelike ooreenkoms tussen Deuteronomium 13 en die lojaliteitseed van Asarhaddon aan te toon omdat dit reeds deeglik gedoen is en algemeen in die navorsingsgemeenskap aanvaar word dat dit reeds bewys is.[91]

[88] Otto, E 1999:32,72,74
[89] Otto, E 1999:75
[90] *Artikel: Jacob Lauinger (The Johns Hopkins University)** Esarhaddon's succession treaty at tell tayinat: text and commentary. http://www.utoronto.ca/tap/publications/Lauinger_JCS_64_2012.pdf Geen datum
[91] Otto, E 1999:57-88

Die eerste asemteug van die Ou Testament het sy ontstaan in Deuteronomium. Deutronomium is die middelpunt van die teologie- en literatuurgeskiedenis van die Eerste Verbond. Dis die Assiriese lojaliteitseed wat tot die ontstaan lei maar is tegelyk ook dit waarteen die teks met sy wese protesteer. Die eerste stamelende woorde is 'n vloek teen die opperheersers, die "Empire"[92]. Verbondsteologie, waar 'n god 'n verbond sluit met die kring van mense wat hom vereer, is nie uniek aan die Tora nie. Die unieke karakter van die Jahwe godsdiens is dat dit 'n nie-geweldadige teologie skep wat die Assiriese heerskappy en – koningskap omseil en daarteen opstaan. Daar word met Jahwe 'n verbond gesluit wat vir Israel vrymaak en so word die Assiriese koning gerelativeer. Aan Jahwe word daar in die kultus rituele eer bewys, dit is die volk se plig want dit kon nie die Assiriese groot-koning toe nie. Dit bly ook altyd belangrik om te onthou dat huweliksmetafore, baie prominent in die verbondsteologie funksioneer, dat daar nie agter ander volke of gode aan gehoereer moet word nie. Die aansprake wat van hulle af kom moet gesien word as om oneer aan Jahwe te wys. Die literatuurhistoriese- en argeologiese wortels van die Tora, lê duidelik in die agtste- en sewende eeuse Assiriese tyd, die kerntemas van die Eksodus en die Sinai-verbond. Die familiefees, pasga en die Massotfees word in hierdie tyd omvorm.[93]

Wanneer daar na die begin van Pentateug-navorsing gesoek word speel Deuteronomium 13 en die lojaliteitseed van Asarhaddon 'n baie belangrike rol. Genesis is die begin van die Pentateug maar dit is onteenseglik deur Otte bewys dat Deuteronomium as beginpunt van die Pentateug-navorsing dien. As Deuteronomium die begin is sal later ook gesien word dat dit in volgende rondtes verantwoordelik is vir die ontplooiing van die Pentateug. Hierin speel die verkennersverhale die hoofrol. Deuteronomium is natuurlik ook die slot van die Pentateug.

Maar nou eers die ontwikkeling van Deuteronomium wat ons uitbring by die afskrif van die Tora waarvan die koning 'n kopie moet hê soos dit verduidelik word in Deuteronomium 12:26.

[92] Otto, E 1999:74
[93] Otto, E 1999:86-7

### 3.2 Deuteronomium 12 -26

Maar hoe steek hierdie geheim wat miskennend "tweede wet" genoem word verder inmekaar? Hierdie teks in Deuteronomium 12-26 word beskou as die skat van die literêr-kritiese- en oorleweringsgeskiedenis se soeke na 'n oorsprong. Waar kon dit vandaan?[94]

Is dit deel van die Tetrateug[95] of 'n Midrash[96]? Wat is die voorgeskiedenis van die bronne wat Deuteronomium gebruik het? Sou jy literatuurkrities alleen kan werk of moet die regsgeskiedenis as bakermat dien? Moontlik is hierdie 'n utopiese program vir 'n voor- of na-eksiliese gemeenskap. As daar na die struktuur gekyk word, kan dit moontlik met 'n ander korpus tekste vergelyk word, dalk 'n tempelrol of 'n hand van die Mishna. Hier gaan dit oor die assosiasie van die teks.[97]Die teks het dalk 'n innerlike logika en hermeneutiek. Die 2de en 3de persoon manlik enkelvoud dui 'n wisseling[98] van 'n bevryde bevolking aan die een kant aan en die priesters aan die anderkant aan. Ook die terme, "almal, sommige en geen" is moontlike merkers in Deuteronomium 14-18,26.[99]

Daar is behalwe die getrouheidseed van Asarhaddon in Deuteronomium 13 en 28, drie agtergrondtekste wat in Deuteronomium geresepteer word: die Bondsboek, die Dekaloog en die Middel-Assiriese Regsversameling Tafel A (MAT). Eers die MAT omdat dit die oudste tekste is wat 'n invloed op Deuteronomium gehad het.

### 3.3 Middel-Assiriese Regsversameling Tafel A (MAT)

Die getrouheidseed groei nou na iets veel meer. Onder die invloed van die neo-Assiriese regshervoming, word 'n regshervormingsprogram van stapel gestuur, waar die Bondsboek (Eks 20:21-23:12), 'n voor–Deuteronomium en –Priesterskrif-

[94] Otto, E 1999:218
[95] Die 'tetrateug' is die eerste vier boeke van die Bybel, Genesis tot en met Numeri. Dit kom van die Griekse woorde 'tetra'en 'teug' wat 'vier rolle' beteken.
[96] 'n "Midrash" is 'n "preek" deur 'n Rabie.
[97] Otto, E 1999:219-220
[98] Eksodus 20:22 tot 23
[99] Otto, E 1999:222

dokument, gebruik word om Deuteronomium (12 – 26) tot stand te bring.[100] In Deuteronomium word die reg van die Bondsboek aangevul ("fortschreiben") tot 'n kultiese sentraliseringshervorming met 'n sentralisasieformule en –wet in Deuteronomium 12 deur die altaarwet in die Bondsboek te gebruik.[101] Tussen die twee regshervormingsprogramme is daar duidelike ooreenkomste aan te dui. Die sentralisering van die regspraak is ook deel van hierdie proses in Deuteronomium 17:8-13, met 'n sentrale regbank as resultaat daarvan. Dit word die rugraat van hierdie voor-eksiliese hervormingsprogram van die redaksie van Deuteronomium.

Die argumentering teen die Assiriese god Assur word die geboorte uur van die verbondsteologie van Deuteronomium. Tora is eerste en later kom die verbond. Die kultiese hervorming en – reiniging van Josia het ten doel om die Assiriese astrale kultus, –priesters en –altare te vervang (II Kon 23:5,11,12). Ook die sentralisering in die stad Jerusalem is 'n anti-Assiriese stelling inname omdat God hier regeer deurdat die volk sy wil doen soos in die Tora dit helder duidelik gelees kan word en nie die god Assur deur sy koning is die stad Assur nie of deur die wette of dokumente wat deur Assirië opgestel is nie. Die Assiriese kultus wat geen antropomorfiese beelde het nie, het 'n permanente gevolg dat Israel ook anti-ikonies in sy kultus is.[102] Die verbondsluitingsvertelling word met die Teofanie (Sinai) verbind deurdat die Bondsluiting (Eks 34:27) met die fees- en offerreëlings (Eks 34:18 – 24.25) gekoppel word in 'n vertelkonteks. So word dit nie 'n eenmalige geleentheid nie maar 'n konstante voortsetting vir alle opeenvolgende geslagte.[103] Die sentraliseringsformule en –wette in Deuteronomium 12, skryf die altaarwette van die Bondsboek voort en word so herformuleer in Deuteronomium12 – 26.

Daar is ook duidelike inhoudelike en strukturele ooreenkomste aan te wys tussen Deuteronomium en die Middelassiriese Regsversameling Tafel (MAT). Die MAT is 'n regshervormingsprogram waarin 'n privaatregsboek die privaatreg en die publieke reg integreer tot uitbreiding van die publieke- of strafreg. In hierdie proses word daar deur omraming wette langs mekaar geplaas en word daar telkens 'n

[100] Otto, E 1999:90
[101] Otto, E 1999:90,203
[102] Otto, E 1999:75
[103] Otto, E 1999:77

hoëre regsposisie verleen aan die offisiële regsposisie. Meerdere bronne word geredigeer en so word byvoorbeeld die huweliksreg nie meer eksklusief 'n private aangeleentheid nie maar word dit deel van die staats- en publiekregtelike opset. Skriftelik word dit dus 'n regshervormingsprogram.[104]

Deuteronomium 12-26 word in totaal 'n regshervormingsprogram in antwoord en 'n uittarting van die neo-Assiriese politieke aansprake en wêreldbeeld. Die wêreldheerskappy aansprake van die Assiriese groot-koning en die uitdaging aan alle vasaalstate om lojaliteit te bewys word uitgetart deur die Deuteronomium outeur wat lojaliteit aan Jahwe daarteenoor stel.

Die aanwysing dat die MAT en Hetitiese wette deel is van Deuteronomium 12-26 se resepsie is in die navorsing duidelik aangewys.[105] Vir die verstaan van Deuteronomium is dit wesenlik om hierdie literêr-historiese konteks te verreken. Dit dra sinvol by tot die groter prentjie van die verstaan van die Pentateug met Deuteronomium as die oorsprong, sowel as om deel van die binne werking van die ontplooiing van die Pentateug te wees. Tog is dit nie hier waar die Pentateug-navorsing begin nie. Daar sal verder gekyk moet word na die ontwikkelingsgeskiedenis van Deuteronomium om daar 'n begin te probeer kry. Vervolgens word na die Bondsboek gekyk as 'n moontlike beginpunt vir die Pentateug-navorsing.

### 3.4 Die Bondsboek

Die Bondsboek is die oudste regsversameling in die Pentateug.[106] Die *Shema* (Dtn 6:4-5) staan heel voor wat onverdeelde trou aan Jahwe eis met 'n lojaliteitseed (Dtn 13:1-11) wat religieuse hoogverraad uitdaag, wat daarop volg. Die eed omraam weer die uitdaging van offersentralisasie as die hermeneutiese sleutel tot die herformulering van die Bondsboek en die kultus (Eks 34) van die voorpriesterlike Sinai-perikope. Jerusalem staan dus nie terug vir die god Assur nie en ook die Jahwekultus staan nie terug vir die Assurkultus nie. Die verstedelikingsproses van

[104] Otto, E 1999:201
[105] Otto, E 1999:91-203
[106] Otto, E 2007:121 Hierdie versameling is nie lank voor Deuteronomium 12-26 se samestelling gedoen nie, moontlik in die tyd van Koning Hiskia omdat hy ook 'n sentraliseringprogram gehad het en verstedeliking in sy tyd aangemoedig is.

Juda in die agste- en sewende eeu vC word ook hierin gedien. Politiek, militêr, reg en religie word gesentraliseer en 'n nuwe orde kon tot stand. Boervolk word stadsvolk. Hiskia het byvoorbeeld teen 735 vC in sy veldslag teen Tiglatpileser III, al begin met die proses deur sy land te fortifiseer. Die posetiewe effek wat dit het kan gesien word is Sanherib se veldtog in 702/1 vC waar hy 201 500 Judeërs deporteer maar niks aan Jerusalem gedoen het nie. In Manasse en Josia se tyd brei Jerusalem se stadsbevolking geweldig uit en word dit ook 'n florerende handelsentrum en help dit natuurlik ook die verstedelikingsproses. Hierdie ongekende goue eeu in die geskiedenis van Israel is 'n tyd van industrialisasie en ekonomiese welvaart. In hierdie tyd van ekonomiese vooruitgang word die naelstring,die belangrikheid van grondbesit grootliks afgesny omdat die volk verstedelik. Die band met die grafte van hulle voorouers, die familiegodsdiens en voorvader-verering/kultus word ook losgemaak. Die groot families se bande val uiteen. Dit alles word deur die Assiriese bedreiging teweeg gebring. Nou word Juda 'n gemeenskap wat vanuit 'n stadskultuur leef en die lyn word nou soos in enige stadsgemeenskap getrek tussen ryk en arm en nie meer die familie, voorouers of stam nie. Die samebindende faktor is die gemeenskaplik vyand Assirië. Die teologie en die hele lewe sentreer om hierdie bedreiging. Die hervormingsprogram is 'n uitdagende antwoord (Die Antwoord) op die Assiriese krisis.

Die lojaliteitseed en sentraliseringswet word omraam met publieke reg (Deuteronomium14,22-15,23; 26,2-13), wat die institusionele- en regsordening insluit (Dtn 16 – 25) en onder God se heerskappy stel. Die randfigure, armes en swakkes moet hierin beskerm word en kry beslag in Deuteronomium 19-25. Die land en volk is reinof vervul hulle goddelike funksie as na die randfigure omgesien word. Ook die kultiese wette maak dan die hele land skoon. Die sentralisering het tot gevolg dat die land nie meer verdeel word in heilige- en profane ruimtes nie, maar die hele land en volk word nou gevul met die teenwoordigheid van een God. Almal is nou onder die heerskappy van die Tora en het deel daaraan deur dit aktief uit te leef[107] So kan Jerusalem goedskiks met enige moderne demokrasie vergelyk word.[108]

[107] Otto, E 1999:368
[108] Otto, E 2002

Hoe vind die resepsie van die Bondsboek plaas? Die Bondsboek word in Deuteronomium herformuleer as 'n program van regshervorming. Teen die agtergrond van die Assiriese regshervormingsprogram doen die skrywers van Deuteronomium nou dieselfde om op 'n subversiewe manier hulle onafhanklikheid van die Assiriese mag te bewys. Hoe lyk die Bondsboek?[109]

Altaarwet Eks 20,24-6




Die navorsing is duidelik dat die Bondsboek in Deuteronomium geresepteer word.[110] Dit onderstreep weer dat Deuteronomium die voor-eksiliese ontstaan. Hierdie nuwe beginpunt van die Pentateug-navorsing het 'n helderder teorie tot gevolg. Die Bondsboek is 'n belangrike sleutel in die ontwikkeling van Deuteronomium en die Pentateug. Die begin van die Pentateug-navorsing is in Deuteronomium, wel nie in die Bondsboek nie, maar waar presies kom ons later by uit. Die Dekaloog dra God se handskrif. Dit sou moontlik die beginpunt van die Pentateug-navorsing kon wees.

[109] Otto, E 1999:238
[110] Otto, E 1999:217-364

### 3.5 Die Dekaloog

Kaufman sien dat die dekalogiese strukturering in Deuteronomium 12-26 en Braulik werk later verder daaraan voort. Hier word aangetoon dat Deuteronomium in sy begronding 'n duidelike koppeling met die Dekaloog het en onderliggend aan die teks die dekaloog as uitgangspunt neem.[111]

| Kaufman | Braulik |
|---|---|
| I/II Gebot: Dt 12:1–31 | I Gebot: Dt 12:1–13:19<br>JHWH is die enigste een deur sy verkose offerplek en die enigste God wat deur Israel vereer word<br>II Gebot: Dt 14:1–21<br>Israel se rituele verskille met ander volke en gode |
| III Gebot: Dt 13:1–14:27 | III Gebot: Dt 14:22–16:17<br>Kultus en broerskap in heilige ritme |
| IV Gebot: Dt 14:28–16:17 | IV Gebot: Dt 16:18–18:22<br>Ampsdraers – Dt 16:18 17:1 het "oorgangsfunksie" |
| V Gebot: Dt 16:18–18:22 | V Gebot: Dt 19:1–21:23<br>"Intensionele moord" met afwykings Dt 22:1–11 Oorgangsteks van regstelling van die tema "lewe bewaar" en "sextum" |
| VI Gebot: Dt 19:1–22:8 | VI Gebot: Dt 22:13–23:15<br>Die waardigheid van man en vrou beskerm |
| VII Gebot: Dt 22:9–23:19 | VII Gebot: Dt 23:16–24:7<br>Menslike hulp in betrekking tot eiendomsreg |
| VIII Gebot: Dt 23:20–24:7 | VIII Gebot: Dt 24:8–25:4<br>Die armes, sosiaal swakkes en veroordeeldes nie hulle regte weier |
| IX Gebot: Dt 24:8–25:4 | IX Gebot: Dt 25:5–12<br>Nakomelinge nie verhinder |
| X Gebot: Dt 25:5–16 | X Gebot: Dt 25:13–16<br>Geen valse gewigte en mates |

[111] Otto, E 1999:223-226

Die dekaloog Deuteronomium 5:6–21 word eksilies Deuteronomisties geredigeer. Dis duidelik dat die navorsing wys dat die vraag na die beginsels en tegniese redaksie van die wet in Deuteronomium in Dtn 12-26 'n oop vraag bly.[112] Die Dekaloog speel 'n belangrike rol in die aanvulling van Deuteronomium en bly 'n hoogtepunt in die vorming van die Pentateug. Tog is dit duidelik dat die Dekaloog nie die begin van die Pentateug is nie en moet daar verder gesoek word na duideliker beginpunt.

Voordat daar na die verdere ontwikkeling van die Pentateug in Hoofstuk 5 gekyk word gaan die volgende hoofstuk grondig navors waar die Pentateug-navorsing begin en dan wel by die verkennersverhale in Deuteronomium 1:19-46.

[112] Otto, E 1999:227

*Jy weet nooit hoe die verlede teen more opgemaak gaan word nie.*

*Thomas Römer*

*– n.a.v. gesegde uit die voormalige kommunistiese lande*[113]

[113] http://www.jhsonline.org/Articles/article_117.pdf Hierdie noem Römer 'n baie fyn opmerking want ons herkonstueer altyd ons verlede binne enige nuwe konteks. Ook akademiese teorië word omgewerk om te pas by die heersende ideologie en in 'n veranderende wetenskaplike situasie of -paradigma.

## HOOFSTUK VIER: DIE VERKENNERSVERHALE ONTSLUIT DIE PENTATEUG

Op Hervormingsdag in die jaar 2000die eerste jaar van die derde millenium skryf Eckart Otto die voorwoord tot sy boek *Das Deuteronomium im Pentateuch und Hexateuch.* Hierdie werk saam met sy boek vandie vorige jaar (sien hoofstuk 3)ontsluit nuwe moontlikhede vir die lees van die Pentateug. Hy dui baie duidelik in *Das Deuteronomium* van 1999 aan dat Deuteronomium die wieg is waaruit die Pentateugontstaan,[114] maar n sy boek in die jaar 2000 word dit duideliker hoe sy Pentateugteorie 'n baie netjiese geheel vorm. Die probleem met die teorie-vorming oor die Pentateug is dat daar altyd sommige aspekte van die Pentateug is wat nie mooi by die teorie inpas nie. Die feit dat hy in sy Pentateug-navorsing by Deutronomium begin maak nuwe moontlikhede oop.

Deuteronomium is ook daarmee saam tegelyk die finale afsluiting en die hoogtepunt in die ontsluiting van die Pentateug. Dat Deuteronomium in die vergetelheid verdwyn het in die navorsingsgeskiedenis is tot skade vir Deuteronomium en beslis ook die Pentateug. Hy wys baie oorspronklik hoe śy teorie 'n nuwe lig op die Pentateug laat skyn en daartoe bydra dat veel van die doodloopstrate van die bronnehipotese tot nuwe uitweë kom. Otto is reeds vir nagenoeg 'n halfeeu met die Ou Testament besig en daarmee saam ook die Pentateug. Sy werk het 'n baie eenvoudiger Pentateugteorie tot gevolg met potensiaal om die Pentateug-storie beter te ontsluiting, ook die gedeeltes wat in die geskiedenis van die navorsing van die Pentateug in 'n sekere sin 'n toe boek gebly het.

Hy noem in sy voorwoord dat Deuteronomium die sleutel van die Pentateug en saam met die Priestergeskrif die wieg van die Pentateug-literatuur is deur die later Heksa- en Pentateugredaksies uitgebrei en verryk word wat dan die Tora word wat vandag die skitterendste juweel in die kanon is. Die redaksie van Deuteronomium volg 'n proses. Die oorsprong is eerstens 'n laat-voor-eksiliese Deuteronomium,waarop 'n Horeb-redaksie volg, waarin daar 'n derde

[114] Otto, E 2000:1

oorsprongsmite geskep word. Hierdie mite[115] staan naas die aartsouers- en die uittogverhale naamlik dat God daar op die berg Horeb sy Boek gegee het wat sy verbond met sy volk duidelik maak. Die boek word dan nog weer verder deur Moses geskryf en uitgebrei. Daarna volg die Moab-redaksie waarin die terugkerende tweede generasie van Israel wat in ballingskap gebore is onderrig word oor hoe belangrik hulle land is. Dit is die land waarvandaan hulle ouers gekom het en waarheen hulle moet terugkeer. Die Heksateug koppel in die tyd van Nehemia weer Josua saam met die Tetrateug aan Deuteronomium wat die noodsaak van die land vir die volk van Jahwe as hoogste vorm van geluk beklemtoon. Die Pentateug-redaksie sny in die tyd van Esra die boek Josua weer af om so vir Israel te laat onthou dat dit nou net die Tora is wat vir hulle die grootste moontlike geluk kan bring. Die Äronidiese teologie, wat na die ballingskap ontwikkel word dan met die Jerusalem-teologie van die Sadokiete se teologie in een groter teologiese skema verwerk waarin daar ruimte vir altwee gebied word.[116] Otto vul duidelik die gaping op wat in die histories-kritiese navorsing ontstaan het tussen Deuteronomium en die Pentateug. Wat haas onoorbrugbaar gelyk het en soveel onopgeloste probleme in die Pentateug-navorsing gebring het word deur hierdie teorie kreatief ontsluit.

### 4.1 Deuteronomium 1-3, die groot uitdaging in Pentateug-studie

‘n Baie fyn draadjie wat geduldig getrek word vou letterlik die hele Pentateug oop. Hierdie fyn puntjie draadjie in Deuteronomium 1-3. Om dit nog meer skerp te maak is dit Deuteronomium 1:19-46 en op sy heel duidelikste is dit sigbaar in Deuteronomium 1:19. Otto noem die verkennersverhale[117] ‘n “toetssnit” en noem dat die verkennersverhale naas die eksodusverhaal die sleutelstorie in die hele Pentateug is. Dit het talryke parallelle in die Pentateug en knoop deur die

[115] Barthes, R 1972:109 What is myth, today? I shall give at the outset a first, very simple answer, which is perfectly consistent with etymology: *myth is a type of speech.*
Taal wat wat op ‘n seker manier gebruik word, word mite. Enige iets kan ‘n mite wees. ‘n Mite is ‘n sisteem van verwysing. ‘n Mitologie skep ‘n geslote sisteem van verwysings waar enige iets wat deur die sisteem aanvaar is dood eenvoudig so is. Mites skep wêrelde van sin en betekenis. Daarsonder kan ons nie lewe nie.

[116] Wellhausen 2004:204-282

[117] Die meervoudsvorm, verkennersverhale, word gebruik omdat dit ‘n aanduiding wil wees van ‘n komplekse verhaalstrategie wat meerduidig is en die leser uitnooi om verder en dieper te lees en te soek. Die verhaal strek oor bykans al die boeke in die Heksateug en leen oor en weer en verryk en werk kreatief binne die konteks waarin dit voorkom, om so die teologiese agenda in daardie teks te promofeer.

Deuteronomium-omraming met die Tetrateug en die vroeë profete.[118] Later in Hoofstuk 5, sal die groter kontoere of bewegings van die Pentateugteorie van Eckart Otto oorskou word. In hierdie hoofstuk word Deuteronomium 1-3 ontrafel met die klem op die verkennersverhale in die eerste hoofstuk van Deuteronomium. Die verkennersverhale neem ons na die hart van die Pentateug. Dit word die senuweesentrum waarin die Pentateug as 'n vervlegte verhaal bymekaargemaak word. Dit roep die Pentateug in die lewe.

Maar voor ons by die verhale uitkom moet ons eers die blok aan die voet van die Pentateug-navorsing bekyk. Hierdie blok is Deuteronomium 1-3.By Deuteronomium 1-3 is die turbulensie in die Pentateug-studies op sy heel duidelikste. Vir ongeveer die afgelope halfeeu, het die bestudering van die Pentateug gestol by Deuteronomium 1-3. Martin Noth sien Deuteronomium as 'n probleem en stel dan voor dat Deuteronomium 1-3 die inleiding word tot die Deuteronomistiese geskiedskrywing. Die geskiedenis volg dan op hierdie drie hoofstukke tot en met die einde van II Konings.

Die voortgang van Pentateug-navorsing kan bevorder word wanneer daar oplossings aangebied word vir twee vraagstukke.[119] Een is dat Deuteronomium die inleiding van die Deuteronomistiese geskiedskrywing is wat beteken dat dit dan die Pentateug in twee deel naamlik 'n Tetrateug en vervolgens die geskiedskrywing wat by Deuteronomium begin en by II Konings eindig. Twee is die vaste rotse waarby die Pentateug-navorsing ontstaan het. Dit het begin by die uitbreiding van die Bondsboek (Eks 20:21-23:12), Deuteronomium 12-26, die Heiligheidskode (Lev 17-26) en die Kultus-orde (Eks 34). Die sleutel om die korrekte antwoord op hierdie vrae te gee kan ontsluit word deur Deuteronomium 1-3. In die noukeurige ontleding van hierdie teks lê 'n groot deel van die ontsluiting van die Pentateug-geheim. Dit sal duidelik blyk dat die groter prentjie van Numeri, Deuteronomium en Josua in Deuteronomium 1-3helder gesien kan word en dat daar ook dele in Eksodus aan

[118] Otto 1999:17

[119] Die vraagstukke in die Pentateug kry nooit permanente oplossing nie. Die wetenskap het 'n geskiedenis. Dit beteken dat daar nuwe kennis en nuwe teorieë geskep word wat weer nuwe perspektiewe oproep. 'n Vorige teorie is nie uitgedien of verouderd nie. Dit vorm eenvoudig die boustene vir 'n nuwe teorie. Eckart Otto kry dit reg om die oue te respekteer en die nuwe daaruit te laat voortvloei. In hierdie studie word daar ook probeer om 'n venster oopmaak na 'n nuwe manier van kyk na die Pentateug. Die verkennersverhale is hier die sleutel.

hierdie teks koppel. Die punte word bymekaar gemaak en nuwe moontlikhede ontplooi om die skitterende Pentateug as juweel nog helderder te laat skyn.

Elkeen van die vertelling in Deuteronomium 1-3 word parallel gelees aan die vertellings in die twee boeke naamlik Numeri 13-14 en Josua 14-15, maar terselfdertyd ook aan die ander gedeelte van Deuteronomium self. Deuteronomium 1-3 het dus direkte betrekking op die res van die boek Deuteronomium self. Wanneer daar na die woorde en teologie gekyk word is daar beslis 'n netwerk van verwysings wat die eenheid van Deuteronomium aandui maar tegelyke tyd ook 'n direkte verband met die omliggende boeke aandui. Die Numeri tekste in ongeordendheid en is voor Deuteronomium geskryf. In Deuteronomium 1-3 is daar 'n duidelike orde en 'n afgerondheid waar die dele netjies inmekaar pas. Die reël is baie eenvoudig dat die ongeordende teks altyd die geordende teks vooraf gaan. Wanneer die fynere instelling gemaak word tussen die drie boeke raak dit kompleks. Oor en weer vind daar redaksies plaas tussen Deuteronomium en Numeri en die HeksRed[120] en PentRed.[121] Dit veroorsaak dat daar 'n interessante spel in en tussen hierdie tekste plaasvind.

Die Kaleb vertelling in Josua 14:6-15 is jonger as die Numeri 13v. redaksies en dit sluit ook by die verkenningsverhale daarin aan. Deuteronomium 1:19-46 sluit weer met Josua 14 aan om so 'n landinname vertelling daain te inkorporeer. Duidelik vorm die HeksRed enPentReddeel van hierdie verweefde verhaal. So word dit algaande duidelik dat Deuteronomium 1-3 nie die inleiding tot 'n Deuteronomistiese geskiedswerk kan wees nie. Soos hierdie ontwerp verder ontplooi is dit ook duidelik dat die bronnehipotese in sy klassieke vorm teen die einde van die vorige millennium grondig hersien moet word. Die omraming[122] van

[120] Die term HeksRed word gebruik vir die Heksateugredaksie. Die woord 'heksa' beteken 'ses' in Grieks en die woord 'teug' beteken 'rolle'. Die sesrolle is die eerste ses boeke van die Bybel van Genesis tot en met Josua. Die HeksRed is post-eksilies en fokus op die beloofde land as die grootste gawe van Jahwe. Hierdie redaksie loop oor al ses die eerste boeke van die Bybel.

[121] Die term PentRed word vir die Pentateugredaksie gebruik. Die woord 'penta' beteken 'vyf' in Grieks en daarom die vyfrolle van Genesis tot Deutronomium. Die PentRed is post-eksilies en fokus op die Tora as die grootste gawe van Jahwe. Hierdie redaksie loop oor al vyf die eerste boeke van die Bybel.

[122] 'Omraam' is 'n term wat gebruik word om die voor- en agtervoegings by Deuteronomium 12-26 aan te dui. Die omraaming het in 'n reeks van twee redaksies plaasgevind.(Sien voetnoot 117 & 118) Voor en agter aan Deuteronomium 12-26, is gedeeltes bygevoeg tydens sekere tydperke in die

Deuteronomium kan ook beslis nie los gemaak word van Deuteronomium 12-26 nie. Die teologiese wins wat behaal word deur hierdie unieke posisie van Deuteronomium 1-3 tussen Numeri en Josua te ontsluit en ook die waarde daarvan in die hele boek Deuteronomium dra by tot 'n afgeronde Pentateugteorie. Dit bied duideliker verklarings wat minder vrae tot gevolg het want enige teorie kan net 'n sekere lig op 'n vraagstuk gooi en kan nie 'n totale oplossings aanbied nie. Dit is duidelik dat die gedagte dat Deuteronomium 1-3 'n inleiding vir die Deuteronomistiese geskiedskrywing is 'n ongemaklikheid in hom ronddra. Otto help met sy Pentateugteorie om die impasses te ontrafel.

## 4.2 Enkele uitgangspunte van Eckart Otto rondom die Pentateug

In die begin was Deuteronomium daar. Uit Deuteronomium ontstaan die res van die Eerste Testament en later ook die hele Bybel. Deur Deuteronomium ontspring 'n gesaghebbende werk deur 'n reeks redaksies in die laat-voorballingskaptyd, maar ook tydens die ballingskap en daarna. Eers omraam die HorebRed[123] en daarna die MoabRed[124] die oorspronklike Deuteronomium 12-26. Vervolgens is daar 'n HeksRed en PentRed wat die boek Deuteronomium en ook later dan die Pentateug voltooi.

Belangrik is dat die oorsprong van alles by Deuteronomium is. Die Deuteronomistiese aanvullings wat gedoen word deur die HeksRed en PentRed roep Josua in oorsprong. In hierdie proses word die Priesterskrif deel van die

geskiedenis. Naas die twee redaksie is daar ook nog twee of meer verdere redaksies gedoen met die hele Pentateug in die oog. (Sien voetnoot 114 & 115)

[123] Die HorebRed, is 'n afkorting vir die Horebredaksie. Hierdie redaksie het plaasgevind toe aan die eerste generasie wat pas in die woestyn beland het, verduidelik is wat dan gebeur het dat hulle daar uitgekom het. Hierdie redaksie gaan oor dit wat by die berg Horeb gebeur het toe God hom aan sy volk vanaf die berg openbaar het. Deuteronomium 5, 9-10 word voor aan Deuteronomium 12-26 gevoeg. [Otto het hierdie redaksie in sy vroeër werke DtrD wat die hoofredaksie van Deutronomium genoem word en die Dekaloog is hier in fokus.]

[124] Die MoabRed, is 'n afkorting vir die Moabredaksie. Hierdie redaksie gaan oor die tweede generasie, die kinders van die eerste generasie wat in die woestyn gebore is wat gehelp moet word om in die beloofde land uit te kom. Deuteronomium 1-3 word voor aan Deutronomium gesit en Deuteronomium 29-30 aan die einde. Later in dieselfde redaksie word die eenheid vanaf Deuteronomium 4:45 tot en met 28:68 gevorm plus die boek Josua.[Otto het hierdie redaksie in sy vroeër werke DtrL wat die redaksie van Deutronomium genoem wat die landinname van Josua hier in fokus bring.]

Heksateug deur by die Horeb-verbond in Deuteronomium 29-30 aan te knoop. Die Horeb-verbond word deur die PentRed geredigeer tot die Pentateug waardeur Deuteronomium ingrypend verander word. Met elke omraming of redaksie van Deuteronomium het die betekenis en invloed van Deuteronomium eksponensieel gegroei.

Deuteronomium 12-26 het 'n regshervormingsprogram met 'n politieke teologie as grondslag. Hierop is volledig in Hoofstuk 3 ingegaan. Die HorebRed het die eerste generasie woestynswerwers in die oog wat die openbaring by Horebberg ontvang het, maar gerebelleer het teen God se opdrag om die beloofde land in te neem. Die land as die hoogste geskenk van God aan sy volk is hier van sentrale belang. Hulle moes eers sterf alvorens die beloofde land betrek kon word. Die goue kalf-verhaal is die fokus waarom hierdie redaksie sy betekenis ontsluit.

Die MoabRed het die tweede generasie woestynswerwers in gedagte wat gebore is in die woestyn en nie self by die Horebberg was nie. Met hulle moet die verbond vernuwe word in die land Moab waar hulle gereed staan by die Jordaanrivier om die beloofde land binne te gaan. Hulle weet nie wat met hulle ouers gebeur het nie en daarom moet Moses vir hulle verduidelik[125] wat die Horeb-verbond beteken en hoe hulle met hierdie verbond die nuwe land kan betrek. Sentraal tot hierdie redaksie is die verkennersverhale.

Met die verbinding van Deuteronomium met die Priesterskrif ontstaan Josua en word die Heksateug gebou. Hierdie redaksie se fokus is baie direk en eenduidig daarop gerig om die teruggekeerdes uit ballingskap te bemoedig om die land as hulle hoogste goed te sien. In 'n laaste rondte word Josua afgesny van die Pentateug om daardeur die klem op die Pentateug of Tora te plaas wat God se mees uitsonderlike gawe aan sy volk is. Hiermee kan hulle die beloofde land betree en sal dit werklik 'n plek van melk en heuning word.

Otto maak 'n baie belangrike onderskeiding tussen verteltyd en verteldetyd.[126] Verteltyd beteken die tyd waarin die teks geskryf word. Dit is die tyd wat die storie

[125] Dtn 1:5
[126] Otto, E 2009:587-601

vertel of dan neergeskryf word. Wesenlik vir die waardering van verteltyd is om die skryfkonteks baie fyn te ontleed. Die woorde en taal, die gedagtes en die leefwêreld van die verteltyd, deursuur die teks. Die verteltyd moet minstens veronderstel word. Wanner dit beskryf word kan die betekenis wat aan die teks toegesê word helderder vanuit die korrekte hoek belig word. Een so 'n duidelike aanduiding kry ons in Gen 12:6b waar die skrywers duidelik te kenne gee dat hy in 'n ander tyd skryf. Hy was nie 'n ooggetuie nie want hy sê: "In daardie tyd het die Kanaäniete die land bewoon.". Die teks kan maklik anakronisties gelees word waar begrippe, woord of tydsaanduidings vanuit die verteltyd beskryf word wat nie in die historiese konteks sou kon gebeur nie. Dis is skrywers se gewoonte om die geskiedenis in hulle eie woorde te skryf wat vir hulle betekenisvol is en nie noodwendig die historiese feite in ag neem nie. 'n Goeie storie hoef nie op feite gebaseer te wees nie. Dit sou verkeerd kon klink, maar die geskiedenis is vol van hierdie waarheid.

Verteldetyd is die tydperk waarin die geskrewe teks afspeel. As daar in die jaar 2012 'n teks geskryf word oor die Anglo-Boere oorlog, is die verteltyd 2012 maar die verteldetyd is die jare 1899-1902 toe die konflikte plaasgevind het tussen die twee Boererepublieke in die Vrystaat en Transvaal en die Britse ryk aan die ander kant. So is die Pentateug se verteltyd voor-, tydens- en na die ballingskapstyd. Die teks word geskryf voor en na die jare 587-538 vC toe die volk in Babel was. Die verteldetyd van מֹ שֶׁה בֵּנוּ רַ, dit is 'Moses die leraar', is ongeveer 1400 vC. Duidelik kan die teks op minstens twee vlakke gelees mag word. Eerstens gaan dit oor die ontstaansgeskiedenis van Israel waarin die drie ontstaansmites uitgewerk word naamlik die aartsouersverhale, die uittog uit Egipte en derdens die Tora wat by Horebberg skriftelik aan die volk gegee is. Tweedens gaan dit weens die verteltyd ook oor die ballingskap en hoe die oorsprongverhale transparant word om duidelik leiding aan die volk te gee oor hoe hulle met hulle bevryding moet maak, hierdie keer nie uit Egipte nie, maar wel uit Babel.

Die bronnehipotese[127] het as 'n teorie alle navorsing oor die Pentateug telkens by Genesis laat begin. Die bronne was die verskillende boustene wat die Pentateug opgemaak het, maar daar was nie 'n plan oor hoe die huis gebou is nie.

[127] Otto, E 2012:100-102

Die teorie oor die bronne plaas die verteltyd daarvan in die vroeë koningstydperk. Tog kan dit nie verduidelik wat die inhoud van hierdie historiese konteks is wat gelei het tot die verskrifting van die bronne nie. Die hipotese was lukraak en 'n aanwysbare historiese substansie het ontbreek. Vir die afgelope driehonderd jaar word daar by Genesis begin, maar telkens vasgesteek by Numeri. Wellhausen sien wel dat Deuteronomium sentraal staan in die verbinding van die historiese- en die wetsvertellings. Dit is met die invoering van die Dekaloog wat 'n proses ontkiem in die verbinding met oer-Deuteronomiumwat die wet en die geskiedenis in Deuteronomium bymekaar uitbring en Moses as openbaringsbemiddelaar dit alles laat gebeur. Deuteronomium het in die omraming daarvan in Deuteronomium 1-4; 27 en Deuteronomium 5-11; 28-3 en in die verbinding met die Priestergeskrif in die Persiese tyd vir Moses 'n Deuteronomistiese openbaringsbemiddelingsposisie geskep. Die hipotese van 'n Deuteronomistiese geskiedskrywing wat inbind met Deuteronomium word in Otto se werk ontkoppel.

Belangrik is om te verstaan dat kort voor die ballingskap in Deuteronomium die fondament van die Pentateug gelê is en die aanvullings van verskillende redaksies die pad oopmaak vir die HeksRed en PentRed van die Pentateug. Die integrasie van die Priesterskrif met sy Äronitiese teologie vind in die Persiese tyd plaas met Deuteronomium en sy Sadokiede-teologie uit Jerusalem.[128] Die navorsingsgeskiedenis wys dat 'n veelheid van teorieë wat in die geskiedenis ontwikkel is oor die Pentateug reusewerk gedoen het in die moeisame proses om die Pentateug-geheim te ontsluit. Daar is altyd heel aan die einde van hierdie projekte uitgekom by Deuteronomium. Omdat Deuteronomium nooit by die teorieë wou inpas nie is ad hoc idees as nagedagtesgebruik wat onoortuigend was om Deuteronomium se posisie in die Pentateug te probeer verklaar. Sou die Tetrateug byvoorbeeld 'n afgeslote eenheid wees soos Noth voorgestel het is daar in die laaste hoofstuk van Numeri 36 géén aanduiding dat dit die Tetrateug afsluit nie.

### 4.3 Deuteronomium 1:19-46

[128] Wellhausen 2004:204-282

### *4.3.1 Die teks van Deuteronomium 1:19-46*[129]

Deuteronomium 1:19-46

Die verskillende redaksies van die teks is hier elkeen in ander lettertipes aangedui sodat die verskillende lae van die teks uitmekaar gehaal kan word, maar ook gesien kan word hoe hulle bymekaar inpas. Die betekenis van die tekste groei wanneer verskillende tydvakke en fases in die geskiedenis van Israel en ook verskillende teologieë komplimentêr tot mekaar gestel word.

|B|Gewone = Basisverhaal

**|H|Vetgedruk = Heksateug**

|B|19Toe het ons van Horeb af opgebreek, en ons het daardie hele groot en vreeslike woestyn deurgetrek wat julle op pad na die gebergte van die Amoriete gesien het, soos die Here onse God ons beveel het; |H|***en ons het tot by Kades-Barnéa gekom.*** |B| 20Toe het ek vir julle gesê: Julle het tot by die gebergte van die Amoriete gekom wat die Here onse God aan ons sal gee.21Kyk, die Here jou God het die land aan jou oorgegee; trek op, neem dit in besit soos die Here, die God van jou vaders, jou gesê het; wees nie bevrees en wees nie verskrik nie.22Toe het julle almal na my toe aangekom en gesê: Laat ons manne voor ons uit stuur, dat hulle vir ons die land kan verken en ons berig kan bring aangaande die pad waarlangs ons moet optrek, en die stede waarby ons sal kom.23En die saak was goed in my oë, sodat ek twaalf man uit julle, uit elke stam een man, geneem het.24En hulle het weggedraai en na die gebergte opgetrek en tot by die dal Eskol gekom en dit verken.25Hulle het toe van die vrugte van die land met hulle saamgeneem en dit na ons afgebring en aan ons verslag gegee en gesê: Die land wat die Here onse God aan ons sal gee, is goed.26Maar julle wou nie optrek nie, maar was wederstrewig teen die bevel van die Here julle God.27En julle het in jul tente gemurmureer en gesê: Omdat die Here ons haat, het Hy ons uit Egipteland uitgelei om ons in die hand van die Amoriete oor te gee, dat hulle ons verdelg.28Waarheen moet ons optrek? Ons broers het ons hart laat versmelt deur te sê: Dit is 'n volk groter en hoër van gestalte as ons; die stede is groot en tot aan die hemel versterk**;** |H|***en ons het daar ook die kinders van die Enakiete gesien.29Toe het ek aan julle gesê: Word nie verskrik en wees nie bevrees vir hulle nie.30Die Here julle God wat voor jul uit trek, Hy sal vir julle stry net soos Hy voor julle oë met julle in Egipte gedoen het31en in die woestyn, waar jy gesien het hoe***

[129] Otto, E 2000:17-19

***die Here jou God jou gedra het soos 'n man sy seun dra, op die hele pad wat julle getrek het, totdat julle tot by hierdie plek gekom het.32Maar ondanks hierdie woord het julle nie geglo in die Here julle God nie,33 wat voor julle uit getrek het op die pad om vir julle 'n plek uit te soek om julle laer op te slaan, snags in die vuur om julle te laat sien op die pad waar julle langs moes trek, en bedags in die wolk***. |B| *34En toe die Here die stem van julle woorde hoor, het Hy toornig geword en gesweer en gesê:*35 Waarlik, geeneen van hierdie manne, hierdie verkeerde geslag, sal die goeie land sien wat Ek met 'n eed beloof het om aan julle vaders te gee nie —|H|***36 behalwe Kaleb, die seun van Jefúnne; hy sal dit sien, en aan hom en sy kinders sal Ek die land gee waarop hy geloop het, omdat hy volhard het om die Here te volg.37Ook was die Here toornig op my om julle ontwil, sodat Hy gesê het: Jy sal daar ook nie inkom nie. 38 Josua, die seun van Nun, wat voor jou staan — hý sal daar inkom; versterk hom, want hý sal Israel dit laat beërwe.39En julle kindertjies van wie julle gesê het: Hulle sal 'n buit word!***|B|en julle kinders wat vandag van geen goed of kwaad weet nie — húlle sal daar inkom en aan hulle sal Ek dit gee, en húlle sal dit in besit neem.40Maar julle, draai om en trek weg na die woestyn op pad na die Skelfsee.41Toe het julle geantwoord en vir my gesê: Ons het teen die Here gesondig; ons self sal optrek en veg net soos die Here onse God ons beveel het. En toe julle elkeen sy oorlogswapens aangord en daar nog maklik oor dink om in die gebergte op te trek,42het die Here vir my gesê: Sê vir hulle: Julle mag nie optrek en veg nie — want Ek is nie in julle midde nie — dat julle nie voor julle vyande verslaan word nie.43Maar toe ek met julle gespreek het, het julle nie geluister nie, maar julle was wederstrewig teen die bevel van die Here en het vermetel in die gebergte opgetrek.44Toe het die Amoriete wat in dié gebergte gewoon het, uitgetrek julle tegemoet en julle agtervolg soos die bye maak; en hulle het julle verstrooi in Seïr tot by Horma.45En julle het teruggekom en voor die aangesig van die Here geween, maar die Here het na julle stem nie geluister en julle geen gehoor gegee nie.|H| ***46So het julle dan baie dae in Kades gebly, solank as julle daar gebly het.***

|B|Gewone = Basisverhaal

**|H|Vetgedruk = Heksateug**

In Deuteronomium se verkennersverhale in hoofstuk 1:19-46word een van die mees gesofistikeerde literêre meesterstukke van alle tye geskilder. Die oorsprong daarvan in Deuteronomium en voor-Deuteronomium, die redaksionele posisie en die

omwerking of aanvulling daarvan maak dit 'n veelkleurige kaleidoskoop waardeur jy, om dit nie ligtelik te stel nie, werklik die onsienlike kan sien.

### *4.3.2 Die struktuur van Deuteronomium 1:19-46 en twee redaksies*

Die verkennersverhaal verklaar wat gebeur nadat God 'n belofte maak en opdrag gee dat sy volk die bergland van die Amoriete moet betrek in Deuteronomium 1:6-8, maar hulle dan nie verder as Kades kom nie. Die teks het 'n basisverhaal wat ongeveer sestig persent van die teks uitmaak. Die basisverhaal is deel van die MoabRed. Die fokus in hierdie redaksie is die tweede generasie van die volk wat in die woestyn gebore is. Hulle was nie teenwoordig nie toe die openbaring op die Horebberg deur Moses ontvang is, hulle was nog nie gebore nie. Moses het aan die eerste generasie die openbaring van Jahwe by Horeb bemiddel waarna hulle veertig jaar in die woestyn was. Die agenda van die tweede generasie is anders. Hulle het nie die openbaring ontvang nie. Nou staan hulle oos van Jordaan in die land Moab[130] en Moses verduidelik aan hulle[131] wat die openbaring presies vir hulle beteken terwyl hulle op die drumpel staan om die nuwe en beloofde land te betree. Die groot teologiese swaartepunt in hierdie redaksie is die oorheersende belang van die beloofde land en wat dit alles vir die volk moet beteken. Deuteronomium is dan Moses se onderrig of preek aan hierdie tweede generasie.

Vanaf v.19 tot 28a het ons die MoabRed met slegs 'n halfsin onderbreking in v.19b van die HeksRed. 'n HeksRed blok strek dan van v.28b tot 33. Twee verse word ingevoeg in v.34 en 35. Vervolgens het ons die tweede HeksRed blok vanaf v.36 tot 39a. Die laaste verse vanaf v.39b tot 45 is weer 'n MoabRed. Die verhaal word afgesluit met een enkele vers wat deel is van die HeksRed in v.46. Hierdie vers terugkoppel weer na die halwe sin in v.19b wat die verhaal in 'n sekere sin destabiliseer omdat dit die HeksRed se strategie is om die koppeling te maak tussen die meeste boeke in die Heksateug. Sou dié twee verse nie daar wees nie was dit net 'n gelykmatige eenduidige verhaal wees.

[130] Dit is hoekom hierdie redaksie van Deuteronomium die MoabRed genoem word.
[131] Dtn 1:5

Die HeksRed is 'n poging om die volk wat in die land aangekom het te ondersteun in hulle vestiging in hierdie nuwe konteks aangesien hulle veertig jaar in die woestyn was en dit nou 'n realiteit geword het dat hulle in die nuwe land is en hulle nou daarmee moet saamleef. Die samevoeging van die Tetrateug en Josua via die bemiddeling van Deuteronomium om só die ses boeke van die Heksateug te vorm is die HeksRed se agenda. Die hoogte.punt in hierdie redaksie is die volle inbesitname van die land deur Moses se opvolger Josua en die verdeling van die land sodat daar 'n plek vir elkeen is.

Wat die struktuur betref die volgende. As daar oorsigtelik na die teks gekyk word[132] val dit naas v.19 wat as 'n opskrif gesien kan word in drie dele uiteen naamlik v.20-33, v.34-40 en v.41-45 met v.46 wat die ringkomposisie wat by v.19 begin as 'n slot voltooi. Hierdie teks vorm deel van die MoabRed van Deuteronomium 1-3 en is inhoudelik gerig op die tweede generasie bannelinge wat in die woestyn gebore is. Hulle moet verstaan watter verkeerde besluite hulle ouers as Horeb-geslag geneem het met die gevolg dat hulle in die woestyn moes ronddwaal.

Deel een val weer uiteen in 5 onderdele: v.20-21, v.22-23, v.24-25, v.26-28 en v.29-33. Aan die voor- en agterkant van deel een word dit omsluit deur 'n Moses-redevoering. Die eerste Moses-rede is 'n uitnodiging om die beloofde land te betrek en die tweede om te herinner dat God hulle uit Egipte laat trek het en hulle deur die woestyn gelei het. In die middel is die verkiesing van die verkenners, dan die verkenning van die land en laastens die reaksie van die volk. Dit kan as volg geskets word:

[132] Otto 2012:375-377

**Struktuur van die verkennersverhale**

v.19 God se bevel & Kades, simbool van vertrouensbreuk

Moses nooi die volk uit om die land in besit te neem

v.20-21 **Moses-redevoering**: Uitnodiging “vrees nie”

v.22-23 Verkennersverkiesing

v.24-25 Verkenning van die land

v.26-28 Volk se reaksie

v.29-33 **Moses-redevoering**: Uitnodiging “vrees nie”

v.34-40 God se regspraak

v.41-45 Sonder God, misluk volk met landsinbesitname

v.46 Kades, die ewige simbool van vertrouensbreuk[133]

Naas die Eksodusverhaal is die verkennersverhale die sleutel tot die verstaan van die Pentateug. Die rede daarvoor is ooglopend. Daar is nie een verhaal in Deuteronomium 1-3 wat alleen staan nie want elkeen is verweef met ander parallelle verhale uit die ander boeke van die Pentateug. Deuteronomium 12-26 en die omramings word saam met die Tetrateug deel van Josua deur die HeksRed.

[133] Otto, E 2012:375-376. Otto het die gaping tussen sinkronie en diakronie opgevul. Die wig wat tussen hierdie leesstrategieë ontstaan het, reeds in die negentiende eeu, het tot onverkwiklike konflikte gelei. Die Sjineese uitdrukking dat mens twee hande nodig het om hande te klap, kom hier goed te pas want die een kan nie sonder die ander nie.

### *4.3.3 Die 'versluierde' teksvers, Deut 1:19, sleutel vir Pentateug-geheim*[134]

Dit verg 'n uiters noukeurige en oplettende lees om die Pentateug te ontsluier. Dit gebeur in een teksvers, Deuteronomium 1:19. Die kritiese vraag oor die lokalisering van die verkennersverhale wys 'n duidelike spanning in die teks. Alleen deur fyn te lees word dit opgemerk. Daar is 'n dubbel lokalisering verskuil in die teks. Vers 19a lees "die gebergte van die Amoriete", maar vers 19b praat van "Kades-Barnéa". In 'n onkritiese lees kan daar maklik oor hierdie teks gelees word en die spanning onopgemerk verbygelees kon word. Die geografiese werklikheid is dat Kades en die Amoriete se bergland vêr van mekaar is. Kades is in die vlakte in die Paranwoestyn[135] wat beslis nie deel van 'n bergland is nie. Die verkennersverhale wil hierdie spanning verduidelik. Waarom het die volk vasgeval by Kades en nie by die bergland uitgekom nie soos God hulle beveel en beloof het om hulle uit te bring? Die basisverhaal lyk of dit slegs van 'n reis wil vertel na die bergland van die Amoriete en terug na die Skelfsee[136].

Waar sou gesoek kan word of wat sou die oorsprong dan wees van die invoering van hierdie Kades-teks wat ongemaklik in die verhaal sit? Die Kades-motief in Deuteronomium 1:19b,46 gryp terug na die oorspronklike teks in Num 13:26, maar dit koppel tegelykertyd ook vorentoe in die Heksateug na Jos 14:6-15 waar hierdie motief verbind word aan Hebron. Hierdie is 'n post- Deuteronomium, maar ook 'n post-eksiliese aanvulling van Deutronomium. Wat die redaktors wil doen is om 'n boog te span om die boeke van die Pentateug bymekaar in te bind. Die Tetrateug, Deuteronomium en Josua staan nou op dieselfde lyn.[137]

[134] Otto, E 2012a:384-386
[135] Num 13:26
[136] Dtn 1:19,40
[137] Wannneer jy 'n teorie oor 'n teks of byvoorbeeld die Pentateug het, sal jy in die toepassing van jou teorie eenvoudig meer of minder uit die teks kry. Sou daar vanuit 'n openbaring teologie na Dtn 1:19 gekyk word, sou daar nie "foute" in die teks mag wees nie. Daar kan op verskillende maniere verklaar word hoekom dit lyk of daar probleme in die teks is, maar eintlik is alles reg. Daarteenoor wanneer die teks as literatuur gelees word weet ons dat foute in 'n teks nie beteken dat die kwaliteit van die teks swak is nie. Outeurs maak foute omdat dit net nog 'n tegniek is om klem te lê op iets of iets te versterk ens.

Die basisverhaal het nie die mislukte landname van die oos-Jordaan in die Amoritiese berggebied in die oog nie. Met die inbinding van die Kadesverhaal word dit 'n antitipe van die suksesvolle inisiatief vanuit die wes-Jordaangebied van die Amoriete. Deur die koppeling met Josua word die landname ook deel van die teks van die verkennnersverhale en kry die outeur dit reg dat deur die Kades-motief 'n netwerk geskep word tussen die drie laaste boeke van die Heksateug.

### *4.3.4 Deuteronomium 1:20-21: Moses-redevoering: Uitnodiging "vrees nie"*

In v.20 word die volk in die tweede persoon meervoud meegeneem uit die perspektief van 'n suksesvolle woestyntog om die Amoritiese bergland in te neem. Gesien vanaf v.19a is dit 'n terugskrywe uit die perspektief van 'n terugskouing, 'n terugblik, om terug te kyk in die verlede. Daarteenoor is v.21 in die imperatief geskryf in die tweede persoon enkelvoud uit die perspektief van 'n vooruitskouing wat die enkeling oproep tot verantwoording om God te vertrou en die opdrag uit te voer wat Hy in Deuteronomium 1:6-8gegee het naamlik om die bergland van die Amoriete in te neem.

Hierdie naamwisseling is 'n tegniek wat velerlei perspektiewe losmaak.[138] Dit dien in een opsig as "aanhalingstekens" om die leser van die teks daarop attent te maak dat hierdie 'n invoeging is en nie die hand van die oorspronklike skrywer of basisverhaal is nie wat aan die woord is. Wat van die leser vereis word is om baie noukeurig te lees en die verskil wat dit in die betekenis van die teks bring op bedag te wees. Nie net die huidige teks wat gelees word nie maar ook die teks waaruit die aanhaling kom moet ondersoekend gelees word. Fyn woordspeling beteken dat daar 'n veelheid van betekenisse in die teks ontplooi word.[139] Dit fokus die aandag op 'n spel van moontlikhede en bewaar die teks daarvan om eensydig of ideologies gelees te word vir eie gewin of vir seksionele belange. Dit maak binne die teks 'n "gesprek"oop wat voortgesit moet word in elke nuwe geslag. Opponerende of kontrasterende stemme moet in dieselfde "koor" gehoor word.

[138] Otto, E 2012:386-388. Die lees van tekste sonder om die oorsponklike taal met sy taalkunde as deel van sy uitdrukking te waardeer, maak vir teologie wat nie die volle betekenis van die teks kan ontsluit nie. Hierdie teorie oor die naamwisselinge help om veel meer uit die teks te kry.

[139] Kearney, R 2004. Ricoeur gebruik die idee van 'n oorvloed van betekenis wat in die taal lê. As daar nie taalmatig met tekste gewerk word nie, verloor jy dood eenvoudig net te veel van die betekenis van die teks.

Die naamwisseling het voorts ook ‘n paranetiese funksie. Die enkeling word aangespreek en aangespoor om die opdrag uit te voer. Verantwoording word van ‘n indiwidu gevra. In v.31 is ook in die tweede Moses-redevoering ‘n naamwisseling. Die twee Moses-redevoerings in v.20-21 en v.29-33 wat ‘n omarming bied vir die eerste deel van die verkennersverteling v.20-33 het beide dus ‘n naamwisseling in v.20 en 31. Hierdie naamwisseling plaas ook klem op Moses as die bemiddelaar tussen God en sy volk wat toe én nou mense aanspreek en wys ook sy uitsonderlike posisie in die verkennersverhale, maar ook as die een wat sentrale gesag het en die mees prominente figuur in die Pentateug is. Hierdie metafoor is daarop afgestem om die verhouding tussen God en sy mense op ‘n indiwiduele vlak, maar ook in ‘n intieme verhouding te sien soos ‘n vader wat sy kind dra omdat die kind nie meer in staat is om iets self te kan doen nie. Onderliggend in die hele verkennersvertelling eis die diepsinnige teologiese lyn van vertroue op God en om daarmee saam erns te maak om sy opdragte uit te voer en Sy leiding sonder voorbehoud te aanvaar en Hom alleen te volg.

In die naamwisseling gebeur ook wat “Seidel se wet”[140] genoem word. Die woordorde word omgekeer van ‘n aanhaling om so ekstra aandag daarop te vestig omdat dit nie dieselfde as die oorspronklike teks is nie. Daar kan ook ‘n opsomming van die aanhaling gemaak word. In v.31 byvoorbeeld word Deuteronomium 8:2b,5b aangehaal maar dit is net ‘n opsomming van Deuteronomium 8:2-5.

Die dramatiese effek van die vertelling word by die opbreek van die kamp in v.19a aangekondig en moet reglynig uitloop op die arrivering by die Amoritiese bergland. Hierdie ritme word onheilspellend onderbreek. Die frase in v.19, “daardie hele groot en vreeslike woestyn”, gryp terug na die na-eksiliese aanvulling wat in Deuteronomium 1:2 gedoen is as ‘n soort kontrapunt op die trek van Horeb na Kades. Die togduur slegs elf dae wanneer die volk gehoor gee aan God se belofte, opdrag en leiding. Die onweerswolke pak saam want die elf dae het uiteindelik veertig jaar geword. Hierdie invoering wys egter ook dat deur die HeksRed en PentRed, Deuteronomium die sleutelrol speel en die eenheid van die Pentateug hierdeur bevestig word.

[140] Otto 2000:21

Die woorde “wees nie bevrees en wees nie verskrik nie”[141], verdien aandag. Dit word gestel teenoor die werklikheid van “daardie hele groot en vreeslike woestyn”[142]. ‘n Aangrypende spel ontstaan wanneer die verteltyd en vertelde tyd in aanmerking geneem word. Maar eers oor die frase self.

Wanneer die frase gebruik word, is dit ‘n tegniese formule vir ‘n orakel of Godsopenbaring. Toe Moses, reg aan die begin, sy roeping ontvang het by die brandende braambos,[143] was hy ook in “vrees” gewees. Dit vra onmiddellik dat die verkennersverhale in dieselfde kategorie geplaas behoort te word. Die roeping van Moses is geen geringe saak nie.[144] Duidelik is reeds in Moses se geboorteverhaal te kenne gee dat ongekende gesag aan hom toegesê behoort te word. Hierdie verhaal is geskryf in die tyd van die Assiries bedreiging in die sewende eeu, ‘n sinspeling op die groot Assiriese mitologiese koning Sargon. Daar moet nooit vergeet word nie dat in Moses alles bymekaarkom.Net so by die Horebberg God homself met gesag aan Moses openbaar het, skuif die verkennersverhale by dieselfde sfeer van belangwekkende gebeurtenisse in. Dit koppel ook vorentoe na die aanstelling van Josua as Moses se opvolger.[145]

> Wees sterk en vol moed; **wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie**; want dit is die Here jou God wat saam met jou trek; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie. Toe het Moses Josua geroep en aan hom voor die oë van die hele Israel gesê: **Wees sterk en vol moed**, want jý sal met hierdie volk in die land ingaan wat die Here aan hulle vaders met ’n eed beloof het om aan hulle te gee; en jý sal hulle dit laat erwe. En dit is die Here wat voor jou uit trek; Hy sal met jou wees; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie; jy mag **nie bevrees of verskrik wees nie.**

Uit die HorebRed in Deuteronomium 1-3 word daar ‘n skakeling gemaak met die HeksRed in Deuteronomium 31-34. In die eerste Moses-rede in v.20-21 eindig die gesprek met ‘n openbaringsformule, maar in die tweede rede in v.29-33 staan die orakelaanduiding aan die begin van die bemoedigende woorde van Moses aan die volk wat in nood is. Die groei in die openbaringskarakter van Deuteronomium 1

[141] Dtn 1:21b
[142] Dtn 1:19a
[143] Eksodus 3:6
[144] Otto 2001:11-33
[145] Dtn 31:1-8

neem soos die verhaal ontwikkel algaande toe. Eers praat Moses in Deuteronomium 1:8 en herinner die volk aan God se opdrag en belofte. Dan vertel hy vir hulle dat God met hulle sal wees op hierdie reis, maar dat daar stamleiers aangestel moet word om te help in Deuteronomium 1:9-18. Verder is daar die twee redevoerings in Deuteronomium 1:19-46 wat del van die verkennersverhale in Deuteronomium 1:20-21 en Deuteronomium 1:29-33 is. Hier groei die Moses-rede in belangrikheid. Laastens is God self in Deuteronomium 1:34-40aan die woord is. v.34, 37, 41 en 42 stel dit duidelik dat Jahwe aan die woord is. Die prominensie wat hierdie perikoop in die hele Pentateug het is vanselfsprekend.

Wat die verkennersverhale in Deuteronomium so belangrik maak, is juis dat dit die sement vorm vir die Pentateug deur die koppeling met die Tetrateug en Josua. Op geen manier kan Deuteronomium 1-3 dus los van die res van Deuteronomium of die Heksateug en ook later die Pentateug gelees word nie.

Wanneer die frases om nie “bevrees en verskrik” te wees nie en die konteks van ‘n “groot en vreeslike woestyn” gelees word uit die agtergrond van verteltyd en vertelde tyd maak dit vir interessante leesstof. Wat is “vreeslik” en wat beteken dit om “nie verskrik” te wees nie?

Wat vertelde tyd betref is die konteks in die woestyn vry van Egipte met die openbaring reeds op Horebberg ontvang, met die onmiddellike konteks die reis op pad na die beloofde land. Die bedreigings is nog altyd in die agterkop:Egipte, die woestyn met al sy gevare, maar ook die nuwe onbekende land met al sy gevare. Daar is ook die gevaar van interne spanning tussen die mense wat eintlik nog slawe is en nog nie ‘n volk is nie. Dis die pyne van wat dit beteken om saam te staan en besluite te neem en dit uit te voer wat vir hulle voorspoed, geluk en vrede sal bring, ‘n land waarin jy tuis kan wees. Die teologiese onderbou van die verkennersverhale funksioneer op verskeie vlakke, maar een aspek bly baie belangrik. Die openbaring wat in verteldetyd plaasvind is dat Jahwe se opdragte en beloftes vas staan. Wat die nuwe volk kan doen om dit ten volle te benut, om eenvoudig op Jahwe alleen te vertrou. Die wagwoord is “vertroue”.

Wanneer die lens van verteltyd gebruik word is daar 'n ander prentjie wat voor die lens inskuif, maar die ooreenkoms met vertelde tyd bly ooglopend dieselfde. Die konteks van verteltyd het multi-fokii. Hierdie teks het as verteltyd die HorebRed, sowel as 'n HeksRed, maar moet ook in die lig van die PentRed gelees word. Oor "vertroue"in elkeen van hierdie redaksies beteken dit telkens dat daar deur 'n ander lens na die Lig gekyk word.

By die HorebRed is dit die aanmoediging om wel terug te keer en te vertrou dat Jahwe die opdrag en beloftes wat Hy maak waar sal laat word. "Moenie in ballingskap bly nie", is hier die wekroep. In die HeksRed is dit baie op dieselfde lyn van die HorebRed die land wat in fokus bly, maar met die klem op die teruggekeerdes eerder as die twee generasie. Vertroue hier bring die ekstra spanning dat daar sommige is wat baie swaarkry. Eerstens hulle wat nou terug is in die beloofde land waarna hulle teruggekeer het uit ballingskap, maar tweedens ook die wat agter gebly het in Babel met hulle eie soort swaarkry en derdens is daar ook die wat wil terugkeer maar om een of ander rede wel nie terugkeer nie. Die "verskrikking" gaan ongetwyfeld ook oor die teruggekeerdes en die wat nie teruggekeer het nie of gladnie wil terugkeer nie, en die pyn wat dit onderling tussen hulle bring. "Vertroue" kry deur hierdie perspektief 'n komplekse meervoudige dimensie. Die verkennersverhale vereis dat die vinger die hele tyd op al die bladsye gehou moet word van hierdie verhale wat verskillend op verskillende plekke vertel word om daardeur die vraag aanhoudend te bly vra oor wat dit beteken om op Jahwe te vertrou.

Die PentRed bring die belang van die Pentateug in sentrale fokus. Moses gaan nie in die beloofde land in nie, maar die Pentateug wel.[146] Wat beteken dit vir alle rolspelers om nou op Jahwe te vertrou? Elkeen het toegang tot die Pentateug in hulle eie unieke situasie en die verkennersverhale help dat daar teologies diepsinnig gevra word oor die betekenis van vertroue in elke afsonderlike konteks.

Die orakel of openbaringskarakter van die verkennersverhale verskaf aan hierdie teks 'n baie besondere en strategiese posisie in die Pentateug. Indien dit

[146] Dtn 34:1-12 Die oorheersende belang van watter rol die Boek in die lewe van die volk van God moet speel staan hier voorop. Nie mense nie, nie 'n held of leier nie, die boek bring lewe.

met erns gelees en verreken word en die sleutelrol en sentrale posisie wat dit het verstaan word, het dit 'n Pentateugteorie wat daaruit ontspring wat waarde toevoeg en van uitsonderlike teologiese betekenis is, nie net vir die Pentateug nie, maar ook vir die res van die Bybel.

In hierdie eerste Moses-rede staan die land sentraal. As deel van die Moab-redaksie is en bly die land die fokus van die vertelling vir die terugkerende tweede generasie wat in die woestyn gebore is. In v.21 gee Jahwe die land aan die volk oor en die volk neem dit in besit. Die land word in besit geneem deur oorlogvoering. Die militêre sinspeling maak dat Deuteronomium 1-3 'n eenheid vorm vanuit v.21 wat dan vorentoe koppel met Deuteronomium 2-3 wat oorlogsliteratuur is. In Deuteronomium 2-3 word daar oorlog met koning Sihon en Og gemaak, maar vs.21 koppel ook terug met Deuteronomium 1:8 waar die opdrag en beloftedeur Jahwe gemaak word wat duidelik 'n militêre opdragte is. Natuurlik bly die breër netwerk met Numeri en Josua wat die verhale almal saambind tot een groot verhaal. Die verband met oorlogreëlings in Deuteronomium 20 sluit ook by die teks aan. Land en oorlog bly twee temas wat verbind bly en die draad wat 'n storie deur die Pentateug weef. Vertroue of 'n gebrek daaraan in Jahwe bly die onderliggende teologiese diskoers. Deurgans in die verkennersverhale is die skande van die volk wat Jahwe se opdrag geweier het die tema wat ondersoek word. Wat het verkeerd gegaan dat hulle Jahwe se opdrag kon weier? Die ontvangers van hierdie verhaal is die tweede generasie in die woestyn en natuurlik ook in ballingskap wat net nie weer dieselfde foute as hulle ouers moet maak nie. Die antwoord oor die ontsnapping uit die woestynland is deurgans dat Jahwe die antwoord bied en die teenswoordige geslag erns moet maak en duidelik moet hoor, maar ook uitvoering moet gee aan Jahwe se opdragte en beloftes.

Die aartsouers uit Genesis en dus die hoofinhoud van dié boek, kom ook hier ter sprake wanneer die woorde "God van jou vaders" gebruik word in v.21b. Die opdrag en belofte van Jahwe in Deuteronomium 1:8b gebruik ook die eerste oorsprongverhaal van die volk wat uit die verhale van die aartsouers ontspring.

### *4.3.5 Deuteronomium 1:22-23: Die verkennersverkiesing*[147]

In v.22-23 word die verkennersverhale deur die plot wat dit volg gekoppel aan God se openbaring op die berg Horeb. Hierdie verse oor die verkiesing van die verkenners volg die direkte patroon wat ook by Horeb gebeur in Deuteronomium 5:23,28. Op ‘n baie intuïtiewe manier word die verkennersverhale se status verhoog en kry dit ‘n veel groter impak en stewiger posisie in die Pentateug as ‘n sleutelverhaal wat nie misgekyk behoort te word nie. Wanneer hierdie fyn toespelings misgekyk word is die resultaat dat die hele verband van die Pentateug verlore gaan as ‘n baie netjiese uitgewerkte eenheid. Hierdie koppeling van die verkennersverhale aan een van die drie oorsprongsverhale naamlik die openbaring deur God op die Horebberg word nie ligtelik gedoen nie. Dit nooi die leser uit om die fyn struktuur van die Pentateug te ontdek. Dit vra ook dat daar baie hard gewerk moet word om die Pentateug as die grootste geskenk van God aan sy mense nie net raak te sien nie, maar ook baie moeite daarmee te doen. Deur hierdie koppeling te maak word die verweefdheid en netwerk wat die vyf boeke vorm weereens beklemtoon. Dit skreeu vervolgings ook teen die gedagte dat hierdie net ‘n inleiding op ‘n sogenaamde Deuteronomistiese geskiedenis is.[148]Dit moedig ook elke leser van die Pentateug aan om nooit moed op te gee om die geheim te ontrafel nie. Soms kyk jy iets weglaatbaar klein mis en verloor daarmee die moontlikheid van wêrelde wat vir jou kon oopgaan. Hierdie koppeling knoop juis Deuteronomium vas aan die Tetrateug en maak dit ‘n perfekte eenheid. In 1:22 is daar ‘n duidelik sinspeling en ekwivalente woordorde met 5:23.

> Toe het **julle almal na my toe aangekom en gesê**: Laat ons manne voor ons uit stuur, dat hulle vir ons die land kan verken en ons berig kan bring aangaande die pad waarlangs ons moet optrek, en die stede waarby ons sal kom.[149]

[147] Otto, E 2012:388-389 Die teks word “geweef”. Dit beteken dat al die drade in die teks vasgemaak word om ‘n mosaïk te vorm. Dit gebeur nie per ongeluk nie, maar is ‘n kunswerk wat met die fyn verweefdheid die volk van God wil uitnooi om dieper te gaan.
[148] Römer 2009
[149] Dtn 1:22

> En toe julle die stem uit die duisternis hoor, terwyl die berg met vuur brand, het **julle na my toe aangekom, al die hoofde van julle stamme en julle oudstes, en gesê**[150]

In beide gevalle kom daar telkens ‘n versoek van die volk of die leiers en stamhoofde dat Moses iets namens die volk moet doen. Moses word telkens gevra om ‘n bemiddelingsposisie in te neem. In die eerste geval om verkenners uit te stuur en die tweede om die mededelings wat God aan die volk wil doen te verneem en dan aan hulle deur te gee. Die gesag van Moses word bevestig plus die eenheid van die Pentateug word ook daarmee beklemtoon.

> En **die Here het met Moses gespreek en gesê**: Stuur vir jou manne uit, dat hulle die land Kanaän wat Ek aan die kinders van Israel sal gee, kan verken. Van elke vaderlike stam moet julle een man stuur, elkeen ’n owerste onder hulle.[151]

Die verdere verweefdheid met Num 13 blyk duidelik hier en hier gebeur iets baie interessant in Deuteronomium. Dis nie soos by Num 13:1-2 waar Jahwe die opdrag gee om die land te gaan verken in Deuteronomium nie, maar hier is dit Moses self in Deuteronomium 1:23 (sien onder). Die bemiddelingsfunksie van Moses word hiermee beklemtoon. Dit maak gevolglik dat die verkennersverhale in belangrikheid toeneem deur hierdie “karakter”-verwisseling van Jahwe na Moses. Die vraag is hoekom daar so ‘n “fout” sou gemaak word met die aanvullings wat hier in Deuteronomium gedoen word rondom die verkennersverhale. Die outeurs van die HorebRed en die HeksRed wil die aandag daarop vestig dat hierdie nie afsonderlike boeke of verhale is nie. Geen verhaal in Deuteronomium 1-3 is nuut nie. Deur die verhale oor te vertel en aan te vul, maar deur dit ook op ‘n unieke manier te redigeer, trek beslis aandag. In 1:23 is daar ‘n duidelik sinspeling en ekwivalente woordorde met 5:28.

> En **die saak was goed** in my oë, sodat ek twaalf man uit julle, uit elke stam een man, geneem het.[152]

> En die Here het die stem van julle woorde gehoor toe julle met my gespreek het. Toe sê die Here vir my: Ek het gehoor die stem van die

[150] Dtn 5:23-24a
[151] Num 13:1-2
[152] Dtn 1:23

> woorde van hierdie volk wat hulle met jou gespreek het; **dit is alles goed** wat hulle gespreek het.[153]

Die duidelike sentiment is dat wanneer die volk planne maak om Jahwe se opdragte uit te voer, alles goed is. Deur die verkennersverhale aan Horeb te koppelverhoog dit die prominensie van die verhaal, maar beklemtoon daarmee saam 'n lewe van vertroue op Jahwe as 'n duidelike aanduiding van 'n lewe waar "alles goed" is.

Die aanwysing van een leier uit elkeen van die twaalf stamme, is nie 'n Deuteronomium. -gedagte nie. Dit koppel vorentoe na Josua 3:12; 4:4 en is 'n leengedagte wat nou verweef met die inbesitneming van die land in Josua, maar ook met die stamme in die aartsouersverhale. Die HorebRed in Deuteronomium 9:1-8; 22-24, maar ook die hele Deuteronomium 9-10, maak die goue kalf die meesterverhaal om teologies te verduidelik hoekom die eerste geslag ballinge ongehoorsaam was en nie kon terugkeer na die beloofde land toe nie. In die verteltyd beteken dit dat hulle in die woestyn sterf en nie oor die Jordaan kon trek nie. Vir die tweede generasie lê hulle gehoorsaamheidstoets in die verdieping van wat hulle behoort te verstaan van wat in die verkennersverhale gebeur. Die verhale word beide 'n soort sjibbolet wat in die hede, maar ook in die verlede en toekoms as hulpmiddel gebruik kan word om situasies van uiterste aanvegting of krisis te ontleed om daaruit Jahwe se wil te soek en alleen op Hom te vertrou.

Daar word 'n boog gespan tussen die HorebRed in Deuteronomium 9-10 en die MoabRed in Deuteronomium 1-3 en meer spesifiek in Deuteronomium 1:19-46. Die onderliggende binne-gesprek in die Pentateug bied veel vir die ontleding van die teologiese diskoerse, toe en nou. Tussen die twee generasies word die verhale oorgeskryf en herrangskik en word die teologiese betekenis en gehalte daarvan deurlopend bevraagteken en herinterpreteer.

### *4.3.6 Deuteronomium 1:24-25: Verkenning van die land*[154]

> En bekyk die land, hoe dit is, en die volk wat daarin woon, of dit sterk of swak, of dit min of baie is; en hoe die land is waar hulle in woon, of dit

[153] Dtn 5:28
[154] Otto, E 2012a:389-390

> goed of sleg is; en hoe die stede is waar hulle in woon, laers of vestings; ook hoe die land is, of dit vet of skraal is, of daar bome in is of nie; en wees dapper en bring van die vrugte van die land saam. Dit was toe die tyd van die eerste druiwe.[155]

Die oorspronklike teks oor die opdrag aan die verkenners is in Num 13 baie duidelik en uitgebreid. By die Deuteronomium teks is dit egter nie so nie, maar wel die twee verse in Numeri wat die opdrag opsom waarby Deuteronomium 1:24-25 wel aansluit.

> … hulle het in die Suidland **opgetrek** en tot by Hebron gekom; en daar was Ahíman, Sesai en Talmai, die kinders van die Enakiete. En Hebron is sewe jaar voor Soan in Egipte gebou. Daarop het hulle tot **by die dal Eskol gekom** en daar ’n rank met een tros druiwe afgesny, en twee het dit aan ’n draagstok gedra; ook van die granate en van die vye.[156]

Oor die reaksie van die verkenners is daar ‘n reaksie wat baie eenvoudig is deurdat hulle sê “dit is goed” in v.25b. In die oorspronklike verkennersverhale in Num 13:27-28 is daar ‘n meerduidigheid en beslis onsekerheid. Daar word uitvoerig oor die vrugte gepraat en wat daarmee gemaak is. Geen geringe saak in die hele Numeri weergawe nie is dat hierdie verhaalkonteks waarskynlik as agtergrond die Loofhuttefees het.[157] Die verkenning speel in die tyd af wanneer die eerste druiwe gereed was om te oes. Die verhale oor die verkenners is daarom seker jaarliks by die drie groot pelgrimsfeeste en dan wel dalk besonderlik by die Loofhuttefees deur die geslagte heen ‘n herinnering dat vertroue op die Jahwe die reaksie van die mense van God behoort te wees.

> En hulle het hom vertel en gesê: Ons het gekom in die land waarheen u ons gestuur het; en waarlik, dit loop oor van melk en heuning, en dít is sy vrugte. Maar die volk wat in die land woon, is sterk, en die stede is versterk en baie groot; en ons het daar ook die kinders van die Enakiete gesien.[158]

[155] Num 13:18-20
[156] Num 13:22-23
[157] Die loofhuttefees is die hoogte punt in die lewe van die volk in ‘n jaar. Al die dinge kom bymekaar want dis ook ‘n soort van ‘n jaareindfunksie. Sou die koppeling in hierdie teks na hierdie fees gemaak is, verhoog dit ook net die spanningslyn in die verhaal. Wie sou nie kies vir ‘n fees nie? Tog kies hulle daarteen en dit maak niks sin nie.
[158] Num 13:27-28

Die teologiese herinterpretasie in Deuteronomium dat "alles goed" was, maar die volk tog nie gekies het om Jahwe se opdrag uit te voer nie beteken dat mense soms die onwaarskynlike en onlogiese keuse maak om nie op Jahwe te vertrou nie, maar in plaas daarvan eerder aan hulle eie oordele voorrang gee. Die vanselfsprekende katastrofiese gevolge oor 'n baie lang tyd is hartseer vir baie mense oor geslagte heen. Die oorspronklike hoorders van hierdie verhaal is die tweede generasie wat in ballingskap sit en 'n keuse moet maak of hulle wil teruggaan na die land van hulle belofte. Die teks is ideologies en propagandisties eenduidig. Gaan terug na die beloofde wand want alles is goed. Moenie die foute van julle ouers herhaal en vir 'n baie lang tyd rigtingloos leef nie. Hulle moet ook nie hulle lewe in 'n troostelose plek sluit nie.

#### *4.3.7 Deuteronomium 1:26-28: Die volk se reaksie*[159]

Die onderliggende in die teks bly deurgans 'n gebrek aan vertroue in die belofte en opdrag van Jahwe dat hulle die land kan inneem en dat God dit vir hulle sal gee. Die verkenners word in Deuteronomium uit die prentjie gehaal as dit by die "terugrapportering" van die verkenning kom. Daar is net die standpunt van volmondige verwerping en verset. As agtergrond vir Deuteronomium 1:28 dien Num 13:28, 31 wat deel van die oorspronklike basisverhaal is.

> Maar die volk wat in die land woon, is sterk, en die stede is versterk en baie groot; en ons het daar ook die kinders van die Enakiete gesien. Maar die manne wat saam met hom opgetrek het, het gesê: Ons kan nie teen die volk optrek nie, want hulle is sterker as ons.[160]

Die woorde van die verkenners word deur die volk op hulle eie manier verstaan. In Deuteronomium kry die reaksie van die volk 'n militêre perspektief. Die MoabRed wil aansluit by die hele gesprek in Deuteronomium 1-3 om daardeur te wys dat die oorwinning verseker is wanneer jy op Jahwe vertrou.[161] In die Numeri-verhaal is daar nie hierdie aanslag nie. As daar teruggekyk word na v.21, wat 'n heilsorakel is, is dit net nog minder verstaanbaar hoe die volk nie die opdrag kon

[159] Otto, E 2012a:390-392
[160] Num 13:28,31
[161] Oorlog as metafoor bring die moontlikhede van beskerming, seën, leiding en veel meer aspekte in om so die verhouding tussen God en sy volk as 'n verrykende ervaring te skets.

uitvoer nie. Die oorlogstaal wat onderliggend aan hierdie perikoop is sluit ook aan by die oorlogswet in Deuteronomium 20:1-20.

Jahwe haat sy volk in v.27 en die volk die Egiptiese gebruik die uittogverhaal as 'n aanklag teen Jahwe en daarby word ook die spottende Egiptenare bygetrek. Hierdie is helder en duidelik 'n opstandige volk. Die Moab-generasie word nou aangespoor om die Tora in Deuteronomium 12-26 sowel as die verbond wat by Horeb gesluit is, nou in Deuteronomium 29in Moab te herbevestig. Hulle doen dit net voor hulle die beloofde land binnetrek en dit word die basis vir hulle toekoms. Hulle het as tweede generasie nie die wet geken nie, maar nou maak Moses dit vir hulle duidelik. Hy herproklameer dit hier by Moab en hulle weet presies dat hulle met 'n nuwe verbond wat hulle nou verstaan en ken met vertroue die nuwe land kan binnegaan. Die eerste generasie het nie die wet, die verbond en Deuteronomium gehad nie. Daar kan dus versagtend na hulle gekyk word. Die HeksRed en later die PentRed probeer telkens om die opstand teen Jahwe te versag.

Die reuse en Enakiete in v.28 word in Deuteronomium 2:10,21 verder verduidelik, maar die oorsprong van hierdie verhale kom van die dorp Hebron uit Jos 14:14-15a waar Kaleb vandaan kom asook Arba, die reusagtige groot man wat deel van die Enakiete was.

### *4.3.8 Deuteronomium 1:29-33: Moses-redevoering: Uitnodiging "vrees nie"*[162]

Wanneer Moses op die volk se opstand reageer bly hy kontra hulle gesindheid steeds in 'n gedagtegang waar hy verstaan wat die regte ding is om te doen al tree die volk verkeerd op. Sy manier om daarmee te werk is om terug te gaan na die geskiedenis toe en daar te gaan verstaan hoe Jahwe met sy mensewerk. Hy fokus dan in sy redevoering op die uittog verhaal en die omswerwinge in die woestyn o m daaruit te probeer verstaan en vir die volk perspektief te gee.[163] In die hele gesprek

[162] Otto, E 2012a:392-394
[163] Otto, E 2009:46-107 Binne-Bybelse eksegese is 'n term wat gebruik word om te leer hoe die Bybel met homself werk. Die fout moenie gemaak word dat al sulke eksegese goed is nie. Jesus is 'n kind van sy tyd. As hy die eksegetiese metodes van sy tyd gebruik is dit nie noodwendig goeie manier van eksegese doen nie. In hierdie teks sou jy amper kon sê dat histories-wetenskaplik werk omdat hy die geskiedenis gebruik om die 'n vasgeloopte situasie mee te verstaan.

van hierdie MoabRed word daar telkens weer na die Tetrateug toe teruggegryp. Daar word uitvoerig gesprek gevoer oor die uittogverhaal as oorsprongsmite om daarmee die ongehoorsame volk wat nie op Jahwe kan vertrou nie, te laat verstaan wat vertroue werklik beteken. Die verwysing is na Eks 19:1-8 waarin die hoogtepunt van die Horeb-gebeure in die Tetrateug weergegee word.

Die onderliggende teologie van Moses se redevoering is die openbaringswonder, maar tegelyk ook die oorlogsteologie van Deuteronomium 20:1-20. Wanneer hy in v.29 die woorde, "Word nie verskrik en wees nie bevrees vir hulle nie,"gebruik het dit 'n tweeledig betekenis. Eerstens as openbaringswoorde maar tweedens ook onderliggend daaraan gebruik hy militêre taal wat weer die eenheid van Deuteronomium 1-3 beklemtoon.[164] Daarmee saam bind dit aan die Tetrateug. Egipte word in v.30 by die naam genoem om die uittogverhaal as oplossing aan te bied. Die oplossing van die geskiedenis is dat die volk geluister het en altyd "vertroue" sal hê in Jahwe[165] as Hy met hulle praat in die Horeb-tradisie. Die luisteraars van hierdie verhaal wat binne hoorafstand is moet dan duidelik verstaan dat hulle ouers dit nie gedoen het nie. Waar hulle by Moab staan en gereed is om in die land in te trek kan hulle teruggryp na hulle werklike oorsprong en wel op Jahwe vertrou en nie op hulle eie insig en krag nie.

Wanneer in v.30 God self vir die volk gaan veg is dit een van twee plekke waar hierdie woorde gebruik is, die ander een in Eks 14:14. Hierdie redevoering se paranetiese karakter word verskerp. Die teologiese lyn wat ingevoer word is om die volk amper geen keuse te gee as om wel te trek en wel die beloofde land te beset. As God dit vir jou doen hoe kan jy soos jou ouers wees wat die onmoontlike gedoen het om teen Hom opstandig te raak en nie toe te laat nie dat Hy dit wel vir jou doen?

Om die spyker nog dieper in te slaan word 'n verdere metafoor uit die uittogverhaal gebruik: die wolk- en vuurkolom. Hierdie teologiese werklikheid word opgeroep om die volk te herinner aan Jahwe se versorging, beskerming, leiding, nabyheid en dat daar vir hulle sleg een opsie is en dit is om op Hom te vertrou. Die

[164] Die kontrastering van metafore soos oorlog maar ook 'n epifanie dra by tot die versterking van die tekste op verskillende plekke in die Heksa- en Pentateug om daardeur weer die eenheid van die Pentateug te onderstreep.
[165] Eks 19:9b

wolk- en vuurkolom is ‘n oproep om dadelik, onmiddelik te begin trek. Juis die teenwoordigheid van Jahwe in hierdie kolomme maak dat hulle dag en nag kan trek[166] en weet dat hulle beslis daar sal uitkom en daarom op Hom kan vertrou.

Die oorlogsteologie wat ook in hierdie Moses-rede gebruik word is ‘n verdere aansporing vir die volk. In die hele gesprek word die volk aangespoor om nie bang of verskrik te wees nie[167] want God is die een wat intree vir hulle in die stryd.[168] God veg vir hulle[169] en die ontsag wat dit tot gevolg gehad het toe God hulle uit Egipte bevry het, het net een reaksie by die volk tot gevolg gehad en dit is dat hulle in Hom geglo het, maar baie belangrik ook dat hulle vir Moses het wat God se dienaar genoem word in Eks 14:31. Hulle kan Moses ook maar glo. Soos in alle oorlogsretoriek in Deuteronomium verwys hierdie redevoering ook na die oorlogwet in Deuteronomium 20. In besonder in v.3-4 waar daar die versekering gee word dat God die oorwinning vir die volk sal gee omdat Hy by hulle is. Ook in Num 10:33-36 is hierdie teenwoordigheid van God oorweldigend en sy beskerming verseker.

Wanneer daar na temas in die tweede Moses-rede in v.29-33 gekyk word staan dit duidelik uit dat hierdie temas oral in die Tetrateug en in die res van Deuteronomium te vinde is. Deuteronomium is nie net ingebind in die Pentateug nie, maar is onteenseglik deel daarvan. Teologies word hier ‘n aangrypend spel gespeel. Die “bewyse” is gelaai in die rigting dat die volk nie ‘n keuse het nie. God is in beheer en Hy kan beslis vertrou word. Dit word keer op keer met oortuiging aangedui. Dit kom van alle hoeke af en die bewyse word oortuigend gelewer. Al die verhale in die geskiedenis word gebruik om dit te bevestig. Daar is geen teenspraak nie. In die woestyn het Hy dit bewys. Voor die uittog verseker hy sy volk dat Hy met hulle is in die bevryding uit Egipte. Teen hierdie oortuigende bewyse dat God vertrou kan word maak die volk tog ‘n keuse in ongeloof, gestroop van enige vertroue. Al het hulle met hulle eie oë gesien dat Jahwe telkens bevryding en leiding gee uit die moeilikste omstandighede, is selfs die oortuigende woorde van Moses, God se dienaar, nie genoeg om hulle van ongeloof en ontrouheid te vrywaar nie.

[166] Eks 13:21
[167] Dtn 1:29
[168] Dtn 7:21
[169] Dtn 1:30, Eks 14:4,31

Hierdie teks is ‘n klimaks van hoe ongeloof en opstand teen God, onlogies werk. Gedurig moet onthou word dat die tweede generasie wat hierdie verhaal hoor op die punt gekom het om ‘n keuse te maak. Ry ons, of bly ons? Deur hierdie MoabRed wil die outeur vir die volk vrywaar van ‘n klomp pyn wat soos vir hulle ouers vir baie jare kan duur as hulle die onlogiese keuse van ongeloof en opstand teen God maak. Hulle ouers sou nie beloofde land sien nie om daar in God se liefde en teenwoordigheid te kan leef.

### *3.4.9 Deuteronomium 1:34-40: God se regspraak*[170]

Die verweefdheid van die hele verkennersverhale, maar ook elke onderafdelings is belangrik om ‘n duidelike prentjie te kry van die Pentateug. Hierdie sewe verse van v.34-40 is in ‘n seker sin die sentrum waarom die verhaal gebou word. Dit is God se regspraak. Jahwe is hier self aan die woord. In v.34 lees ons van sy “woede”. Hier wil hy die twee generasie waarsku dat hulle moet verstaan dat indien hulle dieselfde swak keuse as hulle ouers maak, om dit eufemisties te stel, sal hulle Jahwe beslis nie plesier nie. Hulle ouers se totale mislukking is gesien in die goue kalf-verhaal in Deuteronomium 9:19. Daar was God ook kwaad. Moses is aan die woord in hierdie HorebRed.

> Want ek was bang vir die toorn en die grimmigheid waarmee die Here op julle so toornig was, dat Hy julle wou verdelg; maar die Here het my dié keer ook verhoor.[171]

In die MoabRed in Deuteronomium 1-4 vind die mars van Horeb tot Moab plaas. In v.35 sweer God ‘n eed wat betrekking het op die eerste generasie. Duidelik is die land goed, maar hierdie generasie is boos. Hulle sal sterf en nie die beloofde land binne gaan nie. Die rede hoekom die Horeb-geslag nie dit kon regkry nie, is omdat hulle nie die voorreg van die Moab-geslag het nie, wat ‘n geleentheid kry om die verbond te verstaan en te kan herbevestig in Deuteronomium 29-30. Hulle het die voorreg dat Moses aan hulle die Tora kan verduidelik[172] sodat hulle insig daarin het en daarvolgens kan lewe. Die verbond is God se antwoord op gehoorsaamheid en daar waar vertroue is. In Deuteronomium 1:8 is dit die

[170] Otto, E 2012a:394-400
[171] Dtn 9:19
[172] Dtn 1:5

uitgangspunt wat God met 'n eed sweer dat hy slegs vertroue vra. Die volk gee egter nie gehoor nie. Duidelik hou God by sy woord. Soos hy 'n eed sweer in Deuteronomium 1:8 sweer hy dit weer in Deuteronomium 1:34 toe die volk nie by die eed hou nie.

Daar is twee uitsonderings, Kaleb v.36 en Josua v.37-38. Hulle is wel van die eerste generasie, maar hulle het anders gemaak. Vir die tweede generasie word Kaleb en Josua dan rolmodelle van hoe hulle op God kan vertrou. Kaleb word via Josua 14:6-15 ingebind as deel van 'n post-Deuteronomium en na-eksiliese redaksie wat ons in Josua 13-19 kry. Kaleb het reeds 'n voorgeskiedenis in Numeri 13:30 wat die basisverhaal is. Na-eksislies word Kaleb in Josua 14:6-15 en 15:13-19 deel van 'n etiologie[173] wat aan Hebron verbind is.

> … en ek het hom berig gebring soos dit in my hart was; maar my broers wat saam met my opgetrek het, het die hart van die volk laat versmelt, terwyl ek volgehou het om die Here my God te volg. En dié dag het Moses gesweer en gesê: Waarlik, die land wat jou voet betree het, sal aan jou en aan jou kinders in ewigheid as 'n erfdeel behoort, omdat jy volgehou het om die Here my God te volg.[174]

Soos God 'n eed sweer in Deuteronomium 1:34 dat die volk nie die beloofde land sal binne gaan nie sweer Moses hier in Josua 'n eed dat Kaleb beslis in die beloofde land sal intrek omdat hy getrou aan Jahwe gebly het. Wat die tweede generasie deur hierdie twee figure moet verstaan is dat daar nie baie van hierdie soort mense is nie. Daar het derduisende mense deelgeneem aan die bevryding uit Egipte en daar is op die ou einde net twee indiwidue wat gehoorsaam was en saamgaan toe die land inneem is. Hierdie is 'n aansporing dat daar nie demokraties met Jahwe se wil omgegaan moet word nie. As die meerderheid so besluit is dit nie noodwendig reg nie. Elke enkeling moet net getrou bly aan Jahwe en op Hom alleen vertrou.

[173] Etiologie is die wetenskap van oorsaak. Die etiologië wat ons in die Ou Testment kry, het te doen met die vroeë geskiedenis van 'n plek en wat daar gebeur het en hoekom die plek die naam dra wat dit by bekend geword het. In Jos 14-15 word die etiologie van Hebron verduidelik. In Eks 15:22-27 word die etiologie van die fontein by Mara gegee. 'Mara' beteken 'bitter' in Hebreeus, want die volk was bitter teenoor Moses en God, omdat hulle nie soetwater gehad het om te drink nie
[174] Jos 14:7b-9

Hebron het ‘n kleurryke geskiedenis. Kaleb word deur Num 13:22 en Josua 14:15 daaraan gekoppel. Abraham gaan woon in Hebron nadat die land tussen hom en Lot verdeel is en daar rig hy ook die eerste altaar vir die Jahwe op.[175]Dis hier waar Abraham sy vrou Sara se graf gekoop het[176]die heel eerste stuk grondgebied wat aan die volk behoort. Dit word ook die plek waar die eerste aartsmoeder se graf is in die grot op Hebron. Ook Arba, die grootman onder die Enakiete kom hiervandaan.[177] Hebron word dan ook Kaleb se erfdeel.[178] Koning Dawid word by Hebron as koning gesalf[179] en hy regeer vir sy eerste sewe en ‘n half jaar uit Hebron.[180] Hebron beteken “plek van verbinding”. Hoewel Hebron nie in ‘n direkte sin deel van die verkennersverhale is nie gee dit tog ‘n duidelike horison waarbinne die verhaal se groter betekenis ruimte kry.

Dit soos ‘n refrein heel duidelik dat Deuteronomium 1:36 ‘n literêre deel vorm van die Pentateug met die invoeging van Kaleb as deel van die verkennnersverhale. Dit is onlosmaaklik deel van die Pentateug omdat dit deur Josua 14-15 en Numeri 13-14 aan Deuteronomium verbind is.

In v.37 word die posisie van Moses vroeg in die Deuteronomium eintlik hier heel aan die begin uitgeklaar. Hierdie teks is na-eksilies deel van die omraming van Deuteronomium deur die Heks- en PentRed. Moses word dis baie laat ‘n karakter in die Pentateug. Dit is heel belangrik dat sy uitsluiting uit die beloofde land, by geen ander plek as by Kades, by die waters van Mériba, plaasvind.[181] Moses weier om aan God gehoorsaam te wees en word so die eerste voorbeeld van een wat nie geskik is vir die beloofde land nie.

> Toe sê die Here vir Moses en Aäron: Omdat julle in My nie geglo het om My voor die oë van die kinders van Israel te heilig nie, daarom sal julle hierdie vergadering nie in die land inbring wat Ek aan hulle gegee het nie.

[175] Gen 13:18
[176] Gen 23
[177] Gen 23:2, Jos 14:15
[178] Jos 14:13
[179] II Sam 2:1
[180] II Sam 5:5
[181] Num 20:1-13

> Dit is die waters van Mériba waar die kinders van Israel met die Here getwis het en Hy Hom onder hulle as die Heilige laat ken het.[182]

Die woorde wat soos 'n refrein die situasie opsom[183] hoekom Moses nie in die beloofde land kan ingaan nie is "om jou eie toedoen".[184] Eie verantwoording is die sleutel om tot die beloofde land toegelaat te word. Die begronding van Moses se uitsluiting is nie in die Deuteronomium-teks te lees nie, maar wel in Num 20:1-13. Dit is die volk se gekerm en kla wat Jahwe moedeloos maak. Dit lei ook tot Moses se moedelose daad van ongehoorsaamheid hier by Mériba.

Moses se noodlot dat net Kaleb en Josua die land van belofte sal betree[185] word ook die tema van die hele boek Deuteronomium en hierdie hele boek is Moses se afskeidsrede. Moses word nie die held in die verhaal van God se volk nie. Dit is die Tora, die Boek, wat in die beloofde land ingaan. Vertroue is die oorwinningstema. Omdat Moses Jahwe nie by Mériba geëer het nie[186], moes hy voortydig sterf en is deur Josua opgevolg.[187]

Die teologiese doel van Moses se voortydige dood is wesenlik belangrik vir die ontvouing van wat God wou doen "om sy volk se ontwil".[188] Dit is die Tora wat saam met die volk in die beloofde land moet ingaan en nie Moses nie. Met Moses se dood sluit die Tora-openbaring af voordat dit volk nog hulle voete in die Jordaanrivier sit om in die beloofde land in te trek. Met die oorgee aan Josua word die opdrag duidelik dat die Tora gelees moet word en beluister word sodat almal dit kan leer en daarvolgens kan lewe en God kan dien in die land wat aan hulle belowe is.[189]

Die toegang tot God se wil is nou eksklusief deur die Tora en die uitlê daarvan. Moses se voorbeeld in Moab vir dít wat die Deuteronomium. -boek bied as die verduideliking van die Tora in die land Moab net voor die volk in die beloofde

[182] Num 20:12-13
[183] Otto 2000:24
[184] Dtn 1:37, Num 20:1-13, Deuteronomium 3:23-28(HeksRed)
[185] Num 14:30
[186] Dtn 32:51
[187] Num 27:12-23
[188] Dtn 1:37
[189] Dtn 31:9-13

land intrek.[190] Die Moab-Tora waar Moses die Horeb-Tora verduidelik word die patroon wat in alle geslagte en in alle tye moet gebeur. Moses se openbaringsbemiddeling gaan oor in die skriftelike Tora. Moses moet sterf en weer "opstaan" in die beloofde land deur die noukeurige ontleding van die skriftelike Tora wat met die volk oor die Jordaan in die nuwe land ingaan.

Die derde karakter naas Kaleb en Moses is Josua wat Moses se opvolger word.[191] Josua is na-eksiliese in Numeri ingevoeg.[192] Ook in die post-Deuteronomiumse landverdeling in Jos 13-21 word Josua 'n karakter. Naas Deuteronomium 1:38 word Josua ook ingevoeg in Deuteronomium 3:28, 31:7 en Josua 1:6. Baie duidelik is die koppeling tussen Josua 13-21, Genenis 15 en Josua 24 wat deel van die HeksRed is soos ons in Deuteronomium 1:6-8 kry. Die gebied wat deur hierdie landverdeling voorgestel word is die land voor die jaar 722/1 vC waar die noordryk nog nie ingeneem is nie en daar net een verenigde ryk is in al sy glorie.

In Deuteronomium 1:38 lees ons dat Josua "voor jou staan", dit is Moses. Dieselfde woord word van die priester gesê wanneer hulle diens voor God moes doen.[193] Na-eksilies word daar aanvullend hieroor geskryf oor die diens van die Leviete.[194] In hierdie teks in die verkennersverhale staan Josua in Moses se diens maar later sien ons weer dat Moses vir Josua moet dien en hom moet versterk sodat Israel deur Josua hulle erfbesitting die beloofde land kan kry wat hy vir hulle moes verdeel[195]. Ten slotte word daar van Moses se kant af aan Josua krag en sterkte toegewens[196], maar ook van Jahwe se kant af ontvang hy die rykste seën.

> En Hy het aan Josua, die seun van Nun, bevel gegee en gesê: Wees sterk en vol moed, want jý sal die kinders van Israel inbring in die land wat Ek hulle met 'n eed beloof het; en Ek sal met jou wees.[197]

[190] Dtn 1:5
[191] Num 13-14
[192] Num 14:6,30,38
[193] Dtn 10:8
[194] Dtn 18:7
[195] Dtn 3:28
[196] Dtn 31:7
[197] Dtn 31:23

Die tweede generasie[198] kry deel aan die belofte maar ook die nodige beskerming omdat hulle nog onmondig is soos 'kindertjies' wat baie maklik weggevoer kan word as deel van die oorlogbuit. Hulle kon nog nie 'n morele oordeel vel nie omdat hulle nog nie mondig was nie omdat hulle nie soos hulle ouers by die berg Horeb in Jahwe se teenwoordigheid was om eerstehands sy wil te kon hoor en verstaan nie want hulle het nie die Tora ontvang en dit is ook nie aan hulle verduidelik nie. Wat egter drie maal seker is: hulle sal 'inkom' in die beloofde land, die land sal vir hulle 'gegee' word en hulle sal die land 'in besit' neem.

Daarteenoor is daar sekerheid dat die eerste generasie nooit die land sal sien of dit inbesit sal neem nie omdat hulle nie op Jahwe vertrou het nie.[199] Hulle sal net verder weg beweeg in die teenoorgestelde rigting van die beloofde land in 'n suidelike rigting en nie noord nie want dit is waar die beloofde land is. Hulle sal wegdraai, omdraai, uitdraai maar nooit 'n draai kan maak in die land wat hulle belowe is nie. Hulle sal uiteindelik by die Skelfsee "uitspoel", hulle sal nie meer vaste grond onder hulle voete hê nie omdat hulle oorgegee is aan die chaos wat hulle self geskep het deur nie na Jahwe se belofte te luister en nie sy opdrag daarmee saam uitgevoer het nie. Die klein woesterny en bietjie chaos van nat voete deur die Jordaan sal hulle nie ervaar nie, maar slegs rigtingloos in die verkeerde rigting wat hulle sal laat uitkom by dit wat hulle voor gekies het om sonder God te sterf, hooploos en met geen grond onder hulle voete wat hulle hul eie kan noem nie.

Wat ons dus hier by die MoabRed kry is 'n hermeneutiese verryking deur die Horeb-verbond wat in Moab nuwe betekenis kry en gekontekstualiseer word vanuit 'n betekenisvolle verlede met die oog op 'n nuwe toekoms deur die Moab-verbond vir die nuwe geslag en aan hulle 'n toekoms bied met baie moontlikhede, 'n belofte wat waar word en 'n opdrag wat hulle met vreugde kan uitvoer.

### *4.3.10 Deuteronomium 1:41-46: Sonder God, misluk die volk met landinbesitname*[200]

[198] Dtn 1:39
[199] Dtn 1:40
[200] Otto, E 2012a:400-402

Mense wat ongehoorsaam aan God se woord is doen baie dom dinge. Die uitloop van die verkennersverhale skep ‘n teologiese probleemvertelling waar mense wat in opstand teen Jahwe kom en hulle nie aan sy woord steur nie sinlose dinge doen. Ons hoor duidelik dat God nie meer in hulle midde is nie[201], maar dit maak dat hulle nog meer dwaas optree. Geen insig lei tot ‘n oppervlakkige kennisname van ‘n verkeerde besluit met ‘n valse erkentenis wat weer eenvoudig aanleiding gee tot groter sotheid. Hulle stap bloot in die vyand se hande en word verstrooi. Hulle steur hulle nie aan God se waarskuwing nie, maar ook nog minder aan Moses wat met deernis hulle probeer keer van hulle eie ondergang[202].

Deur Moses se openbaringsbemiddeling in die eerste generasie se verhale in die HorebRed in Deuteronomium 5:22-23, 27-30 word in die verkennersverhale aan die tweede generasie iets veel meer. In Deuteronomium 5 is dit God wat persoonlik deur die Dekaloog homself in sy eie handskrif openbaar. In die MoabRed in Deuteronomium 1 se verkennersverhale is dit Moses wat namens Jahwe die praatwerk doen. Die landinbesitname word hier as metafoor gebruik. Die Godsrede word tot ‘n Moses-rede omvorm. Dit word ‘n kragtige hermeneutiese sleutel in die MoabRed wat die Pentateug deur die verkennersverhale bemagtig om veel groter invloed te hê as dit net ‘n Godsprake sou wees. God se woorde word in die mond van mense gelê. Die verantwoording word net soveel meer.

Die radikalisering van die verkennersverhale word in die MoabRed net soveel groter. Die volk oortree gewoon God se bevel in die basisverhaal. Hierdie is die grondslag waarvandaan beweeg word. En die gevolg is logies die ongeluk wat dit bring.

> Maar Moses het gesê: Waarom oortree julle tog die bevel van die Here, aangesien dit tog nie sal geluk nie?[203]

In die MoabRed in Deuteronomium is dit ‘n opeenstapeling van opstande. Die opstand word beskryf met “julle luister nie”, “julle was wederstrewig teen die Here se bevel” tot die volk wat “vermetel” is in wat hulle doen.

[201] Dtn 1:42
[202] Dtn 1:43
[203] Num 14:41

> Maar toe ek met julle gespreek het, het julle nie geluister nie, maar julle was wederstrewig teen die bevel van die Here en het vermetel in die gebergte opgetrek.[204]

Die miskenning van God is die treffendste van hierdie opstandigheid. Die totale ignorering van wie God is en wat Hy wil hê kom hier in spel. Hy word sonder seremonie eenvoudig geïgnoreer. God is aan die woord,[205] maar dit word gemaklik normaal om sonder insig Hom te ontken. Die volk is duidelik teen God![206] Die sonde wat hulle nie verstaan nie is dat hulle teen die Jahwe-woord ingaan. Hulle is so arrogant dat hulle gemaklik vir God korrigeer en telkens die teenoorgestelde doen as dit wat God sê. Hulle is vermakerig in die manier wat hulle elke keer die teenoorgestelde doen as wat God hulle vra. Die hoof teologiese lyn is die van vertroue en sodra dit verbreek word is daar geen keer nie. Die gevolg is dan die radikalisering en die verontskuldiging om op te tree sonder enige verantwoording teenoor enige een. Geen verantwoording teen God, Moses, die volk onderling teenoor mekaar of hulle nageslag of enig ander geslag nie.

Moses praat, maar die volk nie luister nie.[207] Hier vind daar 'n slinkse spel plaas waar die volk God se eie woorde buite konteks gebruik om hulle eie optrede te regverdig. God het vir hulle die eerste opdrag gee om op te trek,[208] maar hulle doen die teenoorgestelde.[209] Wanneer hulle wel die tweede opdrag van God kry en dan wel om nie te trek nie,[210] gaan hulle na die eerste opdrag toe en voer dit amper dom astrant uit, met katastrofale gevolge.[211] So beroep hulle hul op die ou woord van God om teen die nuwe woord van God te argumenteer. Hierdie diskoerse wat ook in die orde van die dag toe die volk in ballingskap weggevoer is in 587/6 vC. Die kragteloosheid deur op hulle krag staat te maak, maak die volk dom.

Die laaste Kades nota aan die einde van die verkennersverhale sluit op 'n baie subtiele manier die verhaal af. Die verwysing is terug na Num 20, na die

[204] Dtn 1:43
[205] Dtn 1:42
[206] Dtn 1:41
[207] Dtn 1:43-45
[208] Dtn 1:6-8
[209] Dtn 1:26-28
[210] Dtn 1:42
[211] Dtn 1:43-45

Mériba-waters.[212] Daar waar al die onenigheid begin het. Daar waar Moses homself en ook die belofteland daarmee saam verloor het omdat die volk gekerm en gekla het. Dit is hier waar sy doodsvonnis uitgespreek is en hy die skok nuus moes hoor dat hy voortydig sal sterf.

So word die Moses-redes in die hele Deuteronomium-boek nie ‘n triomftog van ‘n held met heroïese dimensies of proporsies nie. Dit word ‘n tragedie. Dit maak voorsiening vir gebroke mense wat soms sonder insig optree. Hier is ‘n God wat raadop is met mense maar weer van vooraf begin met ‘n nuwe geslag om geduldig, moeisaam en tydsaam te werk vir insig en moontlike gepaardgaande veranderinge. Hierdie God lyk geduldig en versorgend soos ‘n man wat sy seun dra wanneer hy nie meer kan nie.

Deuteronomium 1:19-46 het twee lae, ‘n basisverhaal en ‘n HeksRed wat in ‘n aanvullende verhouding tot mekaar staan. Die jonger HeksRed stel die ouer basisverhaal in die vooruitsig. Die HeksRed oorsien dan die Heksateug van Eksodus tot Josua. Die omraming in Deuteronomium 31-34 word ook in die voorsien. Die verhaal word vanuit die landinbesitname vertel met Josua insig. Deuteronomium 1:19-46 en Num 13-14 bly voortdurend met mekaar in gesprek.

[212] Mériba verwys na “rusie”.

**Die diakroniese verweefdheid van die verkennersvertellinge in die Pentateug in Deuteronomium en Numeri**[213]




[213] Otto 2012a:385

## 4.4 Numeri 13-14

### *4.4.1 Die teks van Numeri 13-14*[214]

|B| Gewoon = Basisverhaal

**|H|Vetgedruk = HeksRed**

|P| HOOFLETTER = PENTRED

**Numeri 13**

Bevel om twaalf manne te stuur om Kanaän te bespied.

**|H|1EN die Here het met Moses gespreek en gesê:2 Stuur vir jou manne uit, dat hulle die land Kanaän wat Ek aan die kinders van Israel sal gee, kan verken. Van elke vaderlike stam moet julle een man stuur**, **|P|**ELKEEN 'N OWERSTE ONDER HULLE.**|H|3En Moses het hulle uitgestuur uit die woestyn Paran, volgens die bevel van die Here —**

**|P|**HULLE ALMAL MANNE WAT HOOFDE WAS VAN DIE KINDERS VAN ISRAEL.4EN DIT IS HULLE NAME: VAN DIE STAM VAN RUBEN: SÁMMUA, DIE SEUN VAN SAKKUR.5VAN DIE STAM VAN SÍMEON: SAFAT, DIE SEUN VAN HORI.6 VAN DIE STAM VAN JUDA: KALEB, DIE SEUN VAN JEFÚNNE.7VAN DIE STAM VAN ÍSSASKAR: JÍGEAL, DIE SEUN VAN JOSEF.8VAN DIE STAM VAN EFRAIM: HOSÉA, DIE SEUN VAN NUN.9VAN DIE STAM VAN BENJAMIN: PALTI, DIE SEUN VAN RAFU.10VAN DIE STAM VAN SÉBULON: GÁDDIËL, DIE SEUN VAN SODI.11VAN DIE STAM VAN JOSEF, VIR DIE STAM VAN MANASSE: GADDI, DIE SEUN VAN SUSI.12VAN DIE STAM VAN DAN: ÁMMIËL, DIE SEUN VAN GEMÁLLI.13VAN DIE STAM VAN ASER: SETUR, DIE SEUN VAN MÍGAEL.14VAN DIE STAM VAN NÁFTALI: NAGBI, DIE SEUN VAN WOFSI.15VAN DIE STAM VAN GAD: GÉHUEL, DIE SEUN VAN MAGI.16DIT IS DIE NAME VAN DIE MANNE WAT MOSES GESTUUR HET OM DIE LAND TE VERKEN; EN MOSES HET HOSÉA, DIE SEUN VAN NUN, JOSUA GENOEM. 17EN MOSES HET HULLE GESTUUR OM DIE LAND KANAÄN TE VERKEN EN VIR HULLE GESÊ:

**|B|**Trek hier in die Suidland op en beklim die gebergte.18En bekyk die land, hoe dit is, en die volk wat daarin woon, of dit sterk of swak, of dit min of baie is;19en hoe die land is waar hulle in woon, of dit goed of sleg is; en hoe die stede is waar hulle in woon, laers of vestings;20ook hoe die land is, of dit vet of skraal is, of daar bome in is of nie; en wees dapper en bring van die vrugte van die land saam. Dit was toe die tyd van die eerste druiwe.

[214] Otto, E 2000:26-29

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



|H|**21En hulle het opgetrek en die land verken van die woestyn Sin af tot by Rehob, na die ingang van Hammat —**|B|22hulle het in die Suidland opgetrek |H|**en tot by Hebron gekom; en daar was Ahíman, Sesai en Talmai, die kinders van die Enakiete. En Hebron is sewe jaar voor Soan in Egipte gebou.**

|B|23 Daarop het hulle tot by die dal Eskol gekom en daar 'n rank met een tros druiwe afgesny, en twee het dit aan 'n draagstok gedra; ook van die granate en van die vye.24Dié plek het hulle die dal Eskol genoem vanweë die tros wat die kinders van Israel daar afgesny het.

|H|**25En ná verloop van veertig dae het hulle teruggekom van die land te verken.26En hulle het weggegaan en by Moses en Aäron en die hele vergadering van die kinders van Israel gekom in die woestyn Paran, in Kades, en aan hulle berig gebring, en aan die hele vergadering en hulle die vrugte van die land laat sien**.

|B|27En hulle het hom vertel en gesê: Ons het gekom in die land waarheen u ons gestuur het; en waarlik, |H|**dit loop oor van melk en heuning**,|| en dít is sy vrugte.28Maar die volk wat in die land woon, is sterk, en die stede is versterk en baie groot;

|H|**en ons het daar ook die kinders van die Enakiete gesien.29 Die Amalekiete woon in die Suidland, maar die Hetiete en Jebusiete en Amoriete woon in die gebergte, en die Kanaäniete woon by die see en aan die kant van die Jordaan**.

|B|30Toe het Kaleb die volk stil gemaak teenoor Moses en gesê: Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig.31 Maar die manne wat saam met hom opgetrek het, het gesê: Ons kan nie teen die volk optrek nie, want hulle is sterker as ons.

|H|**32So het hulle dan slegte gerugte onder die kinders van Israel versprei oor die land wat hulle verken het, deur te sê: Die land wat ons deurgetrek het om dit te verken, is 'n land wat sy inwoners verteer; en al die mense wat ons daarin gesien het, is groot manne.33Ons het daar ook die reuse gesien, die kinders van Enak, van die reuse afkomstig; en ons was soos sprinkane in ons oë; so was ons ook in hulle oë.**

**Numeri 14**

Omdat hulle na Egipte wil teruggaan, moet die Israeliete 40 jaar in die woestyn bly.

|H| **1TOE het die hele vergadering uitgeroep — hulle het hul stem verhef,**|B| en die volk het dié nag geween.|H| **2En al die kinders van Israel het gemurmureer teen Moses en teen Aäron, en die hele vergadering het aan hulle gesê: Ag, as ons maar in Egipteland gesterf het! Of as ons maar hier**

**in die woestyn gesterf het!3En waarom bring die Here ons na hierdie land
om deur die swaard te val? Ons vroue en ons kinders sal 'n buit word. Sal
dit nie beter vir ons wees om na Egipte terug te gaan nie?4En hulle sê vir
mekaar: Laat ons 'n hoof aanstel en na Egipte teruggaan.5Toe het Moses
en Aäron op hulle aangesig geval voor die hele vergadering van die
gemeente van die kinders van Israel.6En Josua, die seun van Nun, en
Kaleb, die seun van Jefúnne, twee van die wat die land verken het, het
hulle klere geskeur7en die hele vergadering van die kinders van Israel
toegespreek en gesê: Die land wat ons deurgetrek het om dit te verken, is
'n buitengewoon goeie land.8As die Here 'n welbehae in ons het, sal Hy
ons in hierdie land inbring en dit aan ons gee, 'n land wat oorloop van melk
en heuning.9Wees net nie teen die Here opstandig nie, en wees julle nie
bevrees vir die volk van die land nie, want hulle is ons spys. Hulle
beskutting het van hulle gewyk, en die Here is met ons. Wees nie bevrees
vir hulle nie!10 Toe sê die hele vergadering dat hulle gestenig moet word.
Maar die heerlikheid van die Here het in die tent van samekoms verskyn
voor al die kinders van Israel.**

|P| *11DAAROP HET DIE HERE AAN MOSES GESÊ: HOE LANK SAL HIERDIE
VOLK MY VERAG? EN HOE LANK SAL HULLE IN MY NIE GLO NIE,
ONDANKS AL DIE TEKENS WAT EK ONDER HULLE GEDOEN HET?12EK
SAL HULLE MET DIE PES TREF EN HULLE UITROEI; EN EK SAL JOU 'N
GROTER EN STERKER NASIE MAAK AS HULLE.13TOE HET MOSES AAN
DIE HERE GESÊ: MAAR DIE EGIPTENAARS HET GEHOOR DAT U DEUR U
KRAG HIERDIE VOLK ONDER HULLE UIT LAAT OPTREK HET14EN DIT AAN
DIE INWONERS VAN HIERDIE LAND GESÊ. HULLE HET GEHOOR DAT U,
HERE, IN DIE MIDDE VAN HIERDIE VOLK IS; DAT U, HERE, DUIDELIK
WAARNEEMBAAR VERSKYN; DAT U WOLK OOR HULLE STAAN EN U IN 'N
WOLKKOLOM VOOR HULLE UIT TREK BEDAGS EN IN 'N VUURKOLOM BY
NAG.15AS U NOU HIERDIE VOLK SOOS EEN MAN OMBRING, DAN SAL DIE
NASIES WAT DIE TYDING AANGAANDE U GEHOOR HET, SPREEK EN
SÊ:16OMDAT DIE HERE HIERDIE VOLK NIE KON INBRING IN DIE LAND
WAT HY HULLE MET 'N EED BELOOF HET NIE, HET HY HULLE IN DIE
WOESTYN OMGEBRING.17LAAT DAN NOU TOG DIE KRAG VAN DIE HERE
GROOT WORD, SOOS U GESPREEK HET DEUR TE SÊ:18DIE HERE IS
LANKMOEDIG EN GROOT VAN GOEDERTIERENHEID, WAT DIE
ONGEREGTIGHEID EN OORTREDING VERGEWE, MAAR NOOIT
ONGESTRAF LAAT BLY NIE, WAT DIE ONGEREGTIGHEID VAN DIE
VADERS BESOEK AAN DIE KINDERS, AAN DIE DERDE EN AAN DIE VIERDE
GESLAG.19 VERGEEF TOG DIE ONGEREGTIGHEID VAN HIERDIE VOLK NA
DIE GROOTHEID VAN U GOEDERTIERENHEID, EN SOOS U HIERDIE VOLK
VAN EGIPTE AF TOT HIERTOE VERGEWE HET.20TOE SÊ DIE HERE: EK
VERGEWE, VOLGENS JOU WOORD.21MAAR SO WAAR AS EK LEEF EN
DIE HELE AARDE VAN DIE HERE SE HEERLIKHEID VOL SAL WORD,22AL
DIE MANNE WAT MY HEERLIKHEID EN MY TEKENS GESIEN HET WAT EK
IN EGIPTE EN IN DIE WOESTYN GEDOEN HET, EN MY NOU AL TIEN MAAL*

*VERSOEK HET EN NA MY STEM NIE GELUISTER HET NIE,23HULLE SAL DIE LAND NIE SIEN WAT EK AAN HULLE VADERS MET 'N EED BELOOF HET NIE, JA, ALMAL WAT MY VERAG HET, SAL DIT NIE SIEN NIE.24MAAR MY KNEG KALEB, OMDAT 'N ANDER GEES IN HOM WAS EN HY VOLHARD HET OM MY TE VOLG — HOM SAL EK BRING IN DIE LAND WAARIN HY GEKOM HET, EN SY GESLAG SAL DIT IN BESIT NEEM.25DIE AMALEKIETE EN DIE KANAÄNIETE WOON IN DIE LAAGTE — DRAAI MÔRE WEG EN TREK TOG DIE WOESTYN IN, OP PAD NA DIE SKELFSEE.*

|*H*| **26Daarna het die Here met Moses en Aäron gespreek en gesê:**

|P| *27HOE LANK SAL HIERDIE BOSE VERGADERING AANHOU DAT HULLE TEEN MY MURMUREER?*

|*H*| **Ek het die murmureringe van die kinders van Israel gehoor waarmee hulle teen My bly murmureer. 28Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die Here, waarlik, soos julle voor my ore gespreek het, so sal Ek aan julle doen.29Julle lyke sal in hierdie woestyn lê,**

|P| *NAAMLIK AL JULLE GETELDES, VOLGENS JULLE VOLLE GETAL, VAN TWINTIG JAAR OUD EN DAARBO, JULLE WAT TEEN MY GEMURMUREER HET.30WAARLIK, JÚLLE SAL NIE IN DIE LAND KOM WAAROOR EK MY HAND OPGEHEF HET OM JULLE DAARIN TE LAAT WOON NIE, BEHALWE KALEB, DIE SEUN VAN JEFÚNNE, EN JOSUA, DIE SEUN VAN NUN.*

|*H*| **31 En julle kinders waarvan julle gesê het: Hulle sal 'n buit word — dié sal Ek inbring en dié sal die land leer ken wat julle verwerp het.**

|P| *32MAAR JÚLLE LYKE SAL IN HIERDIE WOESTYN LÊ.33EN JULLE KINDERS SAL SOOS HERDERS RONDTREK IN DIE WOESTYN, VEERTIG JAAR LANK, EN SAL SO DIE GEVOLGE VAN JULLE HOERERY DRA TOTDAT JULLE LYKE IN DIE WOESTYN VERTEER IS.34 VOLGENS DIE GETAL DAE DAT JULLE DIE LAND VERKEN HET, VEERTIG DAE, VIR ELKE DAG EEN JAAR, MOET JULLE JUL ONGEREGTIGHEDE DRA, VEERTIG JAAR LANK, EN MY TEËSTAND GEWAAR WORD.*

|*H*| **35Ek, die Here, het dit gespreek; waarlik, dit sal Ek aan hierdie hele bose vergadering doen wat teen My bymekaargekom het. Hulle sal in hierdie woestyn omkom en daar sterwe.**

|P| *36 EN DIE MANNE WAT MOSES GESTUUR HET OM DIE LAND TE VERKEN EN WAT NÁ HULLE TERUGKOMS DIE HELE VERGADERING TEEN HOM LAAT MURMUREER HET DEUR 'N SLEGTE GERUG AANGAANDE DIE LAND TE VERSPREI,*

|*H*| **37die manne wat 'n slegte gerug aangaande die land versprei het, het gesterwe deur 'n plaag voor die aangesig van die Here.38 Maar van dié**

**manne wat die land gaan verken het, het Josua, die seun van Nun, en Kaleb, die seun van Jefúnne, in die lewe gebly.**

|P| *39EN TOE MOSES HIERDIE WOORDE AAN AL DIE KINDERS VAN ISRAEL GESÊ HET, HET DIE VOLK BAIE GETREUR*

|*B*|40en die môre vroeg klaargemaak en op die top van die berg geklim en gesê: Hier is ons, en ons wil optrek na die plek wat die Here gesê het, want ons het gesondig.41Maar Moses het gesê: Waarom oortree julle tog die bevel van die Here, aangesien dit tog nie sal geluk nie?42 Moenie optrek nie, want die Here is nie in julle midde nie — anders word julle verslaan voor julle vyande.43Want die Amalekiete en die Kanaäniete is daar voor julle, en julle sal deur die swaard val; omdat julle van die Here afvallig geword het, daarom sal die Here nie met julle wees nie.44 Nogtans het hulle vermetel gehandel om op die top van die berg te klim;

|H| **maar die verbondsark van die Here en Moses het nie uit die laer gewyk nie.**

|B| 45Toe het die Amalekiete en die Kanaäniete wat in dié gebergte woonagtig was, afgekom en hulle verslaan en hulle verstrooi tot by Horma.

|B| Gewoon = Basisverhaal

**|H|Vetgedruk = HeksRed**

|P| HOOFLETTER = PENTRED

### *4.4.2 Die struktuur van Numerie 13-14 en die redaksionele gelaagdheid*

Daar is drie duidelik lae of redaksies: 'n voor-Deuteronomium-basisverhaal wat vervolgens eers deur 'n HeksRed en derdens verder deur 'n PentRed omvorm word om die kanonieke teks vir ons te gee wat ons vandag het. Die basisverhaal word voor Deuteronomium geskryf as deel van die Priesterskrif.

Die basisverhaal is die eerste redaksie en ook die kleinste deel van die verhaal met ongeveer 16 verse of 20% van die teks. In Num 13 is die eerste deel van die basisverhaal met ongeveer vier verse van v.17b tot 20. Dan is daar drie redaksies in die res van die hoofstuk van twee verse elk in v.23-24, 27-28 en 30-31. In Num 14 is aan die einde die grootste blok in v.40-44 met 'n laaste vers v.45. Alle verdere redaksionele byvoegings tot die verhaal is post-Priesterskrif.

Die HeksRed is ongeveer 26 verse of 33% van die verhaal. In Num 13 is daar 5 blokkies van meestal 2 verse elk in v.1-3, 21-22, 25-26, 29, 32-33. In Num 14 is daar een groot blok aan die begin van v.1-10 en dan 6 keer meestal net een vers, in v.26, 28-29, 31, 35, 37-38 en 44.

Die heel grootste deel van die verhaal is ‘n PentRed met 35 verse of 45% van die verhaal. Daar is twee groot blokke in elkeen van die twee hoofstuk met ‘n paar kort redaksies in hoofstuk 14. In Numeri 13:3b-17a en Numeri 14 in v.11-25 en die kort redaksies in v.27, 29b-30, 32-34, 36, en 39.

Die sonde wat die volk pleeg in Numeri 14:41b word in Deuteronomium 1:41a uitgebrei om nou ‘n sonde te word wat “teen Jahwe” gepleeg word. Die eenvoudige opmerking in Numeri 14:44a, “nogtans het hulle vermetel gehandel” word in Deuteronomium 1:43 ”Maar toe ek met julle gespreek het, het julle nie geluister nie, maar julle was wederstrewig teen die bevel van die Here en het vermetel in die gebergte opgetrek.”

In Deuteronomium 1:42-43 word die kommunikasie tussen God en die volk verbreek tengunste van Moses se middelaarskap maar anders as in Deuteronomium 5:23-30 by die Horeb-openbaring waar dit ‘n teken van vertroue word is dit in Deuteronomium 1 net ‘n verdere bewys van die volk se breek in vertroue met God. Hierdie MoabRed het waarskynlik ‘n vertelling wat dit voorafgaan in ‘n bron wat eerder die verlies van Hebron in die agtste eeu vC in die oog het, maar hier wedersyds deur Numeri en Deuteronomium nou anders gebruik word vir hulle redaksies.

Die Moses-rede in Numeri word in Deuteronomium ‘n traktaat vir ongehoorsaamheid wat uitgebou word tot die verwerping van die woord van God in Deuteronomium 1:41. Die “geween” van die volk in Num 14:1b, word in Deuteronomium 1:45 ‘n “geween” sonder om na God se woord te luister en waarin ‘n gebrek aan vertroue en twyfel die manier bly waarin die volk bly voortleef. Soos die bondsboek deur Deuteronomium aangevul word, word hierdie verhaal binne Deutronomiumin Deuteronomium 9:1-8, 22-24 ook aangevul.

Die spanningslyne en dubbelslagtigheid in die Numeri-vertelling van die verkennersverhale word later voortgesit in Deuteronomium. Daar is duidelik spanninge. Die lokalisering is Kades in die woestyn Sin in Num 13:26 sowel as die Paranwoestyn in Num 13:3,26. Watter een van die twee? Die vraag bly staan tot waar die verkenning gedoen moet word? Is dit die hele land vanaf die woestyn Sin tot Regob in Num 13:21 of is dit net tot by Hebron of is dit die Druiwe-dal soos in Num 13:22v.? Wie van die eerste generasie mag in die beloofde land ingaan, net Kaleb in Num 14:24 of Josua ook in Num 14:6vv, 38. Is dit die Kanaäniete en Amalekiete in Num 14:43, 45 en wat van die Enakiete Num 13:22, 28b?Telkens wil die outeur 'n boog span tussen Numeri, Deuteronomium en Josua. Die inbring van Hebron in Num 13:22 vra duidelik na 'n buite bron en Jos 14:6-15 en 15:13-19 blyk dit wel hier goed te pas. Later meer hieroor.

Die voortgesette redaksies poog nie om van hierdie spanningslyne ontslae te raak nie. Dit word eerder gelos in die teks om die groei van die teks, maar ook die uniekheid van kontekste en tydvakke in die geskiedenis te respekteer en te erken en ook dat daar tye was wat daar geen antwoorde was nie en die beste ding wat jy kon doen maar net was om te huil. In Num 14 vind daar 'n besondere fyn spel plaas. Die volk is in opstand teen Moses en Aäron in v.2. Hulle wil terug Egipte toe. Die motief gryp terug na Eks 16:3.

> En die kinders van Israel het aan hulle gesê: Het ons maar in Egipteland deur die hand van die Here gesterwe toe ons by die vleispotte gesit en volop brood geëet het! Want julle het ons in hierdie woestyn uitgelei om hierdie hele vergadering van honger te laat sterwe.[215]

Hier word Egipte opgestel teenoor die land wat God beloof het. In 'n geromantiseerde Egipte is daar geen geweld nie, maar om in die beloofde land te moet ingaan lyk dit of jy kan sterf in 'n oorlog en dit dalk nooit gaan maak nie. Die vraag bly staan of die land baie, baie goed is soos in Num 14:7 en of daar onsekerheid is en daar eers moet bepaal word of die land goed of slegs is soos in Num 13:19.

[215] Eks 16:3

Num 14:1-10 word onderbreek deur v.11-25 en weer voortgesit in 26-38. In Num 14:11-25 kry ons 'n dialoog tussen Jahwe en Moses wat uitloop op die aankondiging van die straf vir die woestyn generasie in v.21-23. Belangrik in hierdie perikoop is die teruggryp na die Sinai-verhaal in Eksodus. Num 14:11b-20 haal direk uit Eks 32:10-14, 34:6-7 en 13:21 aan. In hierdie redaksie kry ons weer die boog wat gespan word tussen die verskillende boeke van die Heksa- en Pentateug. As 'n voorbeeld die volgende:

> Ek sal hulle met die pes tref en hulle uitroei; en Ek sal jou 'n groter en sterker nasie maak as hulle.[216]

> Laat My dan nou begaan, dat my toorn teen hulle ontvlam en Ek hulle verteer. Dan sal Ek jou tot 'n groot nasie maak.[217]

> Laat My staan dat Ek hulle verdelg en hulle naam onder die hemel uitdelg; en Ek sal jou 'n nasie maak wat magtiger is en meer as hulle.[218]

Al drie hierdie tekste is deel van die PentRed en span weer die boog tussen die boeke van die Pentateug. Deuteronomium 32:7-14 kom van Deuteronomium 9 vanuit die aanvulling uit die Bondsboek en die PentRed in Eks 22:19, 23:24 wat aansluit by die dekaloog 20:4, almal tekste rondom die dekaloog wat die Pentateug se nou verweefdheid weer beklemtoon. Die verkennersverhale bied 'n persoonlike intieme kyk op God die een wat by uitsondering geduldig en getrou bly. Hy wil wys dat Hy in 'n hoë mate vertrou kan word en op sy woord geneem kan word. Hy is ook altyd by sy mense wat nooit daaraan hoef te twyfel nie.

Soos Numeri 'n terugblik op die Sinaï-perikoop bied wys Deuteronomium weer vooruit na die inbesitname van die land in Josua. Deuteronomistiese outeur werk in sy basisverhaal in Deuteronomium 1:19-46 die verhaal van Numeri om tot 'n verhaal van vertrouensbreuk tussen Jahwe en sy volk en die volk se onvermoë. God berei deur hierdie verkennersverhale die volk voor om wel in die beloofde land te kan ingaan. Deur die inbinding van Deuteronomium met die verkennersverhale in die HeksRed, kom daar baie los in die Pentateug. Deuteronomium se vroeëre verkennersverhaal, spoel weer deur die volgende redaksies terug na Numeri.

[216] Num 14:12
[217] Eks 32:10
[218] Dtn 9:14

Numeri 13,33 se voorgegewe verhaal is in Deuteronomium 1:28b en die Kaleb-vertelling in Josua 14:6-15. Die outeur van die laat verkenningsvertellings in Numeri 13v., het die boek Josua in hulle blikveld. In Numeri 13:29 en 14:45 oor die latere inwoners van die land is gelyk met Jos 11:3. Numeri 13:21, 28, 32v. maak hierdie verkennersverhaal paraneties met as tema dat God vertrou kan word en dat die gawe van die land die sterkste aanduiding is dat dit waar is.

Om Numeri se verkennersverhale ten beste te waardeer en te verstaan, moet daar by Deuteronomium 1:19-46 begin word. Numeri se verhale het ten doel om die blikwydte so in te stel dat die hele Pentateug oorskou moet word. Die Tertateug, Deuteronomistiese omraming en dan veral Deuteronomium 1-3, het die oog op Josua as teologiese doel van Heksateug. Die landbesetting is 'n ruimte wat vir 'n barmhartige God geskep word wat nie maklik straf nie. Soos die Bondsboek die bron vir Deuteronomium in sy hervormingsprogram is in Deuteronomium 12-26, word die Heks- en PentRed se verstaansleutel die vereniging van die ou en nuwe verwerkings van die verhale in die Pentateug om só vir ons die Pentateug as 'n afgeronde produk te lewer.

Deur die twaalf stamme in die begin van die Num verhale in te sit maak dit ook die weg oop om by die landinbesitname uit te kom in Josua. Nie net Juda en Efraim nie, maar die hele volk soos hy in 722/1 vC en daarvoor gelyk het, die hele land vir die hele volk.

In Numeri kom die aardse leier deur die PentRed se insig en word die outoriteit wat gesaghebbend die Tora as Jahwe se grootste geskenk aanbied. Hierdie outeur pas uitstekend in die Juda van die Persiese tydperk in wat 'n polities-aardse outoriteit moet wees wat ook 'n outoriteit op die Tora moet wees en die Moses-karkater word terugskouend 'n uiters handige manier om dit in dié tyd te doen.

## 4.5 Die interafhanklikheid van Num 13v. en Deuteronomium 1:19-46

Die basisverhale van beide hierdie tekste waar die verkennersverhale vertel word is onderling interafhanklik en word verder geïnterpreteer deur twee redaksies, die MoabRed en die HeksRed.

Die HeksRed behou nie die basisverhaal in Numeri nie. Wanneer die teks noukeurig gevolg word, lyk dit na 'n versnippering van die basisverhaal. (Kyk 4.4.1 op p.94) Daarteenoor behou die HeksRed in Deuteronomium 1:19-46 die basisverhaal volledig. (Kyk 4.3.1 op p.65) By die Deuteronomium bly die basisverhaal die hoofstorie terwyl die HeksRed in Numeri die hoofverhaal daar word. Die Deuteronomium basisverhaal verskil op twee maniere van die ou Numeri verhaal. Die Mosesopdrag om die land te gaan verken in Num 13:17b-20, word in Deuteronomium 1:22 'n pleitrede van die volk. Tweedens word die dubbelslagtige rapport van die verkenners dat die land goed is maar die inwoners sterk en die stede groot is in Numeri 13:27v., by Deuteronomium net 'n eenduidige aankondiging en dit is dat die land wat Jahwe aan hulle sal gee goed is.[219]Dit is duidelik dat die outeur in Deuteronomium 1 die eenduidige intensie het om aan te dui dat die volk geen vertroue het en ongehoorsaam aan God se woord is.

Hier is die verweefdheid van die twee tekste. Die oudste laag van Num 13v. is die bron vir die basisverhaal van Deuteronomium 1 se verkennersverhale. Daarteenoor neem die jonger laag se outeur van Numeri 13v. weer die basisverhaal van Deuteronomium 1 op as die bron vir die vertelling van sy verhaal. Die afsluiting van altwee die verkennersverhale in Numeri en Deuteronomium gee duidelik hiervan blyke. Dit is die basisverhaal in Num 14:40-44 wat die materiaal verskaf vir die tweede groot deel van die basisverhaal in Deuteronomium 1 in v.41-44.

> **40**en die môre vroeg klaargemaak en op die top van die berg geklim en gesê:
> Hier is ons, en ons wil optrek na die plek wat die Here gesê het, want ons het
> gesondig. **41**Maar Moses het gesê: Waarom oortree julle tog die bevel van die
> Here, aangesien dit tog nie sal geluk nie? **42Moenie optrek nie, want die Here
> is nie in julle midde nie** — anders word julle verslaan voor julle vyande.
> **43**Want die Amalekiete en die Kanaäniete is daar voor julle, en julle sal deur die
> swaard val; omdat julle van die Here afvallig geword het, daarom sal die Here
> nie met julle wees nie. **44** Nogtans het hulle vermetel gehandel om op die top
> van die berg te klim; maar die verbondsark van die Here en Moses het nie uit die
> laer gewyk nie. **45**Toe het die Amalekiete en die Kanaäniete wat in dié gebergte
> woonagtig was, afgekom en hulle verslaan en hulle verstrooi tot by Horma.[220]

[219] Dtn 1:25b
[220] Num 14:40-45

> **41**Toe het julle geantwoord en vir my gesê: Ons het teen die Here gesondig; ons self sal optrek en veg net soos die Here onse God ons beveel het. En toe julle elkeen sy oorlogswapens aangord en daar nog maklik oor dink om in die gebergte op te trek, **42**het die Here vir my gesê: Sê vir hulle: **Julle mag nie optrek en veg nie — want Ek is nie in julle midde nie** — dat julle nie voor julle vyande verslaan word nie. **43**Maar toe ek met julle gespreek het, het julle nie geluister nie, maar julle was wederstrewig teen die bevel van die Here en het vermetel in die gebergte opgetrek. **44**Toe het die Amoriete wat in dié gebergte gewoon het, uitgetrek julle tegemoet en julle agtervolg soos die bye maak; en hulle het julle verstrooi in Seïr tot by Horma.[221]

In die twee tekste is daar verskeie woordelikse ooreenkomste soos byvoorbeeld in Num 14:42 en Deuteronomium 1:42 maar inhoudelik is die twee tekste parallel. In Deuteronomium 1 word hierdie teks die voortgang van die opdrag en belofte van Jahwe in Deuteronomium 1:6-8 wat een hoof teologiese doel het en dit is om te bewys hoe die eerste generasie 'n gebrek aan vertroue in Jahwe gehad het. Baie belangrik is dat die Moses-rede in Num 14:42 in Deuteronomium 1:42, 'n Jahwe-rede word, wat ook deur Moses bemiddel moet word maar wat nogtans onsuksesvol is.

Daar is 'n reeks van beklemtoninge wat die twee verhale anders maak. Die vrugte wat in die land geneem word in Numeri, word uitvoerig verduidelik,[222] terwyl daar net 'n kort opmerking daaroor in Deuteronomium is[223] want die gekerm van volk moet harder klink hier. Daar is ook 'n militêre klem[224] wat ingevoeg word om die verhaal te laat aansluit by Deuteronomium 2-3 se oorlogverhale.

Die klem is baie subtiel in Deuteronomium in die rigting van 'n paranetiese redevoering om die volk aan te spoor om op Jahwe te vertrou met die landinbesitname formule as die aansporing om net in Jahwe te glo en nie ongelowig te wees nie. Die versoek van die volk[225] word die woorde wat die weg open om in Deuteronomium 2-3 te marsjeer na die beloofde land. Hierdeur word Horeb en Moab aan mekaar verbind. Waar God die opdrag in Numeri gee, is dit Moses wat in Deutronomium net soos op die berg Horeb die bemiddeling moet doen.

[221] Dtn 1:41-44
[222] Num 13:27
[223] Dtn 1:25
[224] Dtn 1:42, 44
[225] Dtn 1:22

Deuteronomium 1 en 5 word so aan mekaar gekoppel en die openbaringskarakter van die verkennersverhale kry daarmee dieselfde sê-krag as die openbaring by Horeb. Hier is ‘n versoek wat dieselfde klink as die versoek by Horeb.

Net soos Moses die openbaring van God en sy gebooie by Horeb bemiddel het bemiddel hy nou die inbesitname van die beloofde land en die belofte en opdrag wat daarmee saamgaan deur die verkennersverhale. Soos die volk by Horeb ‘n gebrek aan vertroue in Jahwe het en Moses om bemiddeling vra gebeur dieselfde in die verkennersverhale met die land as gawe waarin die volk weereens nie in Jahwe hulle vertroue stel nie.

Die eenvoudige vraag watter verkennersverhaal is op watter een aangewese, is nie so eenvoudig nie. Wat was eerste, Numeri of Deuteronomium of hoe het hulle mekaar gebruik en beïnvloed? Deuteronomium neem ‘n verkennersverhaal en bou in sy basisverhaal dit om tot ‘n negatiewe oorsprong vir die blik op die oorlogsverhale in Deuteronomium 2-3. Toe die HeksRed gedoen word, word die status van Moses daardeur verhoog. Die verhaal van die volk se rebellie teen Jahwe help om die koppeling te maak vanuit die verkennersverhale met die koppeling aan die landinbesitname met die Horebberg waar Moses die sentrale rol speel wat hy hier ook doen. Na sy dood gaan die Tora die land binne. Die prentjie lyk dus so:[226]




[226] Otto, E 2000:74

## 4.6 Josua 14:6-15; 15:13-19

Die Numeri 13v. en Deuteronomium 1:19-46 verkennersverhale word in Josua 14:6-15 en 15:13-19 veranker. Dit gebeur deur die HeksRed.

### *4.6.1 Die teks van Jos 14:6-15*[227]

Die HeksRed het die Priesterskrif met die MoabRed van DeutronomiumDeuteronomium geredigeer en Josua het uit daardie projek gegroei. Die landsverdelingoorlewering in Josua 13-19 en die Kaleb-Hebron etiologie in Josua 14:6-15 word in die Numeri 13-14 en Deuteronomium 1:19-46 verkennersverhale ingevoer en veranker.

Die HorebRed is die eerste groot omraming van Deuteronomium 12-26 wat vir ons Deuteronomium 4:45 tot Deuteronomium 28:68 gee. Met die MoabRed word die werk verder omraam tot Deuteronomium 1-30 en die verbinding met Josua gemaak. Die standplaas van die boek skuif nou vanaf die laer van die volk by die Horebberg na die land Moab, oos van die Jordaanrivier. Josua vertel hoe daar van oos na wes oor die Jordaan beweeg is en die land ingeneem en verdeel is om uiteindelik by die Sigem-verbond in Josua 24 te eindig. Die HeksRed begin by die skepping met as hoogtepunt van die skepping dat die volk die beloofde land verower en sy finale klimaks in Josua se inbesitname en verdeling van die beloofde land kry. Een groot werk is geskep van Genesis 1 tot Josua 24. In die verkennersverhale in Numeri 13-14 en Deuteronomium 1:19-46 word die Kaleb-vertellings ingevoeg en omgewerk.

Wie was hierdie Josua outeur van die Kaleb-verhaal? Kaleb is deel van die basisverhaal van Numeri 13:30. Deur die HeksRed kom Numeri 14:6, 38 by en in 'n PentRed weer Numeri 14:30. Ook in Deuteronomium 1:36-39a word Kaleb en Josua deel van 'n Jahwe-rede wat deur Moses aangehaal word. So word Deuteronomium 1 verbind beide vorentoe met Josua en terug met Numeri. Die verbinding tussen Deuteronomium en Josua is duidelik:

[227] Otto, E 2000:76

> … behalwe Kaleb, die seun van Jefúnne; hy sal dit sien, en **aan hom en sy kinders** sal Ek die land gee waarop hy geloop het, **omdat hy volhard het om die Here te volg**.[228]

> En dié dag het Moses gesweer en gesê: Waarlik, die land wat jou voet betree het, sal aan **jou en aan jou kinders** in ewigheid as 'n erfdeel behoort, **omdat jy volgehou het om die Here my God te volg**.[229]

> Daarom het Hebron die erfdeel geword van Kaleb, die seun van Jefúnne, die Kenissiet, tot vandag toe, **omdat hy volgehou het om die Here, die God van Israel, te volg**.[230]

Die outeur van Jos 14:6-15 is die HeksRed. Deur die Kaleb-verhaal bind hy die landinnamevertelling in Josua 1-11 met die Pentateug in Num eri13v.. Die beloofde land en die berg waar Jahwe hom aan sy volk openbaar word aanmekaar verbind om so 'n eenheid te vorm in die totale versorging van Jahwe deur sy teenwoordigheid en beskerming.

|B| Gewone = Basisverhaal

**|H| Vetdruk = HeksRed**

|B| 6Toe het die kinders van Juda nader gekom na Josua in Gilgal, en Kaleb, die seun van Jefúnne, die Kenissiet, het vir hom gesê: U weet die woord wat die Here met Moses, die man van God in Kades-Barnéa gespreek het met betrekking tot my en met betrekking tot u. 7Veertig jaar was ek oud toe Moses, die kneg van die Here, my uitgestuur het van Kades-Barnéa af om die land te verken, en ek het hom berig gebring soos dit in my hart was; 8maar my broers wat saam met my opgetrek het, het die hart van die volk laat versmelt, terwyl ek volgehou het om die Here my God te volg. 9En dié dag het Moses gesweer en gesê: Waarlik, die land wat jou voet betree het, sal aan jou en aan jou kinders in ewigheid as 'n erfdeel behoort, omdat jy volgehou het om die Here my God te volg. 10En nou, kyk, die Here het my laat lewe, soos Hy gespreek het, nou al vyf-en-veertig jaar sedert die Here hierdie woord met Moses gespreek het toe Israel in die woestyn getrek het; en kyk nou, ek is vandag vyf-en-tagtig jaar oud; 11 ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het; soos my krag toe was, so is my krag nou nog, om te veg en om uit te gaan en in te gaan. 12Gee my dan nou hierdie bergland waarvan die Here daardie dag gespreek het; want u self het dié dag gehoor dat dáár Enakiete is en groot versterkte stede; miskien sal die Here met my wees, sodat ek hulle kan verdrywe, soos die Here gespreek het. 13Toe het Josua hom geseën en aan Kaleb, die seun van Jefúnne, Hebron as erfdeel gegee. |H| 14**Daarom het Hebron die erfdeel**

[228] Dtn 1:36
[229] Jos 14:9
[230] Jos 14:14

**geword van Kaleb, die seun van Jefúnne, die Kenissiet, tot vandag toe**, |B| omdat hy volgehou het om die Here, die God van Israel, te volg. |H| **15En die naam van Hebron was tevore stad van Arba; hy was die grootste man onder die Enakiete.**|B| En die land het gerus van oorlog.[231]

|B| Gewone = Basisverhaal

|H| **Vetdruk = HeksRed**

In Josua 15:13-19 word die uitkoms wat in Josua 14:6-15 bereik is, bevestig.[232]

|B| Gewone = Basisverhaal

|H| **Vetdruk = HeksRed**

|B| **13** Maar aan Kaleb, die seun van Jefúnne, het hy 'n aandeel onder die kinders van Juda gegee, volgens die bevel van die Here aan Josua: |H| **die stad van Arba, die vader van Enak, dit is Hebron.**|B| **14**En Kaleb het |H| **die drie seuns van Enak: Sesai, Ahíman en Talmai, afstammelinge van Enak,** daaruit verdrywe. |B| **15**En daarvandaan het hy opgetrek teen die inwoners van Debir; maar die naam van Debir was tevore Kirjat-Sefer; **16** en Kaleb het gesê: Hy wat Kirjat-Sefer verslaan en dit inneem, aan hom sal ek my dogter Agsa as vrou gee.**17**Daarop het Ótniël, die seun van Kenas, die broer van Kaleb, dit ingeneem; en hy het sy dogter Agsa aan hom as vrou gegee. **18**En toe sy aankom, het sy hom aangespoor om van haar vader 'n stuk grond te vra; en toe sy van die esel afklim, sê Kaleb vir haar: Wat wil jy hê? **19**En sy sê: Gee my tog 'n geskenk; omdat u my na 'n dor land versit het, moet u my waterfonteine gee. Toe gee hy haar fonteine op die hoogte en fonteine in die laagte.[233]

|B| Gewone = Basisverhaal

|H| **Vetdruk = HeksRed**

Hierdie teks in Josua 15:13-19 gaan oor Hebron wat Kaleb se grondgebied word en sluit by Josua 14:6-15 aan. Duidelik word die posisie van Josua hier uitgeklaar as die opvolger van Moses omdat dit Jahwe is wat vir hom die opdrag gee soos vir Moses om die grondgebied aan Kaleb te gee in Josua 15:13.

Die HeksRed verbind drie tekste met mekaar: Josua 14:13-15, Josua 15:14 en Numeri 13:22. Die HeksRed verbind die Priesterskrif met die MoabRed waarin

231 Jos 14:6-15
232 Otto, E 2000:84-85
233 Jos 15:13-19

Deuteronomium en Josua tot 'n eenheid saamgevoeg is. Die landinbesitname en spesifiek die landverdeling in Jos 13-19, gebruik die Hebron-Kaleb-vertelling in Josua 14-15 teen die agtergrond van die verkennersvertellings om 'n duidelik band met Numeri 13-14 en Deuteronomium 1:19-46 te vorm en die tekste wedersyds met mekaar te veranker.

Die verkennersverhale word in Deuteronomium 1-3 'n verhaal van opstand wat uit die HeksRed ontspring. In die MoabRed en HeksRed word die verkenning 'n negatiewe teks waarby 'n gebrek aan vertroue die teologiese tema is. In die boog wat gespan word deur die HeksRed tussen Numeri, Deuteronomium en Josua word die landinbesitname die sentrale fokus van Jahwe se gawe aan sy volk.[234] Slegs as jy in die beloofde land Jahwe volg en sy teenwoordigheid daar beleef sal jy Sy seën daar ontvang.[235]

In hierdie tekste word die tweede-, die Moab-generasie, aangespoor om die land in besit te neem en Jahwe se seën daarin te ervaar.

### 4.7 Die PentRed interpretasie van die verkennersverhale in Dtn 9:1-8, 22-24

Deuteronomium 9 het nie net betekenis vir Deuteronomium self nie, maar ook vir die hele Pentateug. Die basisverhaal is in Deuteronomium 9:9-10:5 wat 'n voortsetting is van Deuteronomium 5 as deel van die HorebRed. Die motief van die verhaal is Moses se bemiddelingsposisie tussen Jahwe en die volk. Duidelik is ook die verband met Numeri 14:11-25 wat ook deel van die PentRed is.

Deuteronomium 9:22-24 koppel met 9:1-8 om weer saam met Deuteronomium 5 in die HorebRed ingevoer te word. Voorts word ook 'n koppeling met Deuteronomium 1:19-46 gemaak in die HeksRed gedeelte in Deuteronomium 1:21a.

> Trek op en neem die land in besit wat Ek julle gegee het …[236]
>
> Trek op, neem dit in besit soos die Here, die God van jou voorvaders jou gesê het.[237]

[234] Jos 14:13
[235] Dtn 1:36, Jos 14:1-7,14
[236] Dtn 9:23a

Die lokalisering van die verkenners by Kades-Barnea in Deuteronomium 9:22-24 knoop ook aan by die HeksRed in Deuteronomium 1:19b,46. Die verdere teks in Deuteronomium 9:23b resepteer die HorebRed in Deuteronomium 1:26b.

> - was julle wederstrewig teen die bevel van die Here julle God en het julle Hom nie geglo en na sy stem geluister nie geluister nie.[238]
>
> maar was wederstrewig teen die bevel van die Here julle God.[239]

Die volk vra vir die uitsending van die verkenners, maar verwerp hulle positiewe berig. Die aanhaling uit Deuteronomium 1:26b is 'n interpretasie dat die volk teen die woord van die Here gekerm het. Die eerste mislukking om God se woord gehoorsaam te wees maak dat hulle ook nie die beloofde land te sien nie.

> … was julle wederstrewig teen die bevel van die Here … en [nie] na sy stem geluister nie.[240]
>
> Maar toe ek met julle gespreek het, het julle nie geluister nie.[241]

Dit gaan hier oor "hoor" en "op sy stem" wat beteken Israel weier om Jahwe se stem te hoor soos ook in Deuteronomium 1:45b. Deuteronomium 1:26,43,45 moet saam met Deuteronomium 9:23 gelees word om te beklemtoon "en hulle vertrou hom nie" en uit die HeksRed in Deuteronomium 1:32 en Deuteronomium 9:23 "julle glo nie".

Hierdie outeur oorsien die hele Pentateug. In Deuteronomium 9:22 kombineer hy met die lokaliteit van Eksodus 17:7 en Numeri 11:3,34 met die woede van Jahwe in Deuteronomium 1:34. Moses bemiddel by Horeb in die HorebRed by Deuteronomium 9:9-19,21,10:1-5 soos by Eksodus 17:1-17.

Die temas bly konstant: Kades, Horeb, Mériba, Moses, verkenning, kerm, luister, sien, hoor Jahwe se stem.In Deuteronomium 9:1-8 word dit duidelik vanuit 'n PentRed dat die land nie besit kan word deur die volk se eie toedoen nie. Hulle is halsstarrig en vertrou God nie, maar Jahwe sal ten spyte van die opstand teen hom

[237] Dtn 1:21a
[238] Dtn 9:23b
[239] Dtn 1:26c
[240] Dtn 9:23b
[241] Dtn 1:43a

reeds vanaf die Eksodus uittog hulle ontvang. Die landbesit word gerelativeer deur die opstand en rebellie selfs in Moses se mislukte bemiddeling, maar Jahwe kom met die meester werk Deuteronomium en kondig weer by Moab aan dat hy getrou sal bly. Nie die land maar die woord van Jahwe, die Tora is die gewigtigste van alles.

### 4.8 Pastorale woord aan die Gola[242] wat nie wil terugkeer nie in Numeri 32:6-15

Ruben en Gad weier om die beloofde land te betrek. Hulle verkies om oos van die Jordaan hulle skape te laat wei want dit is goeie skaapwêreld. Hierdie teks ontwikkel uit die verkennersverhale in Numeri en Deuteronomium. Tien verkenners dink die land moet nie betrek word nie, maar twee wel. Daarteenoor is hier tien stamme wat die land wil betrek, maar twee nie. Hier kom die oortuigingskrag van die verkennersverhale na vore. Wat gebeur as jy die bus verpas? Hierdie aanvulling van die motief van die verkennersverhale dien as 'n uitnemende vertelstrategie om die Gola te oortuig om die sprong terug te maak na die land.

Die spieëlbeeld van tien teen twee wat twee teen tien word gaan oor 'n minderheid wat weier om te trek teen 'n meerderheid wat wil trek. Dis die opstand van 'n klein klompie wat nie na die land toe wil terugkeer nie wat die hele volk ingevaar stel. Die landbesit word die teken van toewyding aan Jahwe en die sjibbolet van die minderheid in Num 13-14 wat die meerderheid in Num 32 word. Die goeie lewe is waar die gesag van dit wat Moses voor staan[243]nooit oor teëgepraat word nie.

### 4.9 Die verkennersverhale in Deuteronomium 1:19-47 tussen die Heks- en PentRed

Literêr-histories blyk die verkennersverhale duidelik aan te toon dat Deuteronomium 1-3 nie 'n inleiding op 'n Deuteronomistiese geskiedenis is nie dood eenvoudig

[242] Gola beteken "ballinge". Met die oorwinning van Babel oor Jerusalem word die room van die bevolking weggevoer om indiens van meesters te staan. Die grootste deel van die bevolking bly agter in die land. In Babel word die teologie gebore wat vandag gelees kan word in die hele Ou Testament.
[243] Dtn 34:11

omdat dit veel meer bied as net 'n inleiding op iets anders. Daar is net te veel in hierdie teks. Deuteronomium 1-3 het vele gesigte. Dit is deur die HeksRed die katalisator wat Genesis tot Josua 24 oplewer, maar deur die PentRed word dit die afsluiting en ook die hoogtepunt van die Pentateug. Die Heks- en PentRed gryp in die omraming van Deuteronomium in en daardeur bring dit in Deuteronomium 1-3 'n veelheid van betekenis mee via die verskeie redigerings wat dit ondergaan het. Die hoeveelheid teologiese perspektiewe wat hierin ontsluit kan word is meeduidig.

Deuteronomium 1-3 bind in die HorebRed in wat by Deuteronomium 4:45, 5:1-31 open en in Deuteronomium 28:68 afsluit en verryk en verander dit. Op die berg Horeb maak Moses saam met Josua die aankondiging dat die beloofde land nou 'n werklikheid is knap aan die ooste kant van die Jordaanrivier. Die MoabRed integreer vervolgens met die HorebRed om die woestyngebore-generasie nou te laat oorneem by die Horeb-generasie wat reeds in die woestyn gesterf het. Dit gebeur deur die groot gebeurtenis van die Moab-verbond in Deuteronomium 29-30. "Israel" word nou deur Deuteronomium 1-3 bemagtig om van Godsberg oor die Jordaan na Godsland gelei te word.

Deuteronomium 1-3 word vooraan die Horeb-gebeure gestel en nie agter dit nie. Teologies ontsluit dit belangrike perspektiewe. Die Horeb-verbond se inhoud in Deuteronomium 5 is die Dekaloog. Deur die verhale van die verkenners en die oorloë teen Sihon en Og in Deuteronomium 1-3 veral met die vertrouensbreuk tussen God se woord en die volk se miskenning daarvan en die gevolglike mislukte veldtog teen die bergvolk die Amoriete vra vir 'n ontknoping wat vir hulle 'n uitkoms kan bied. Dit kom in die vorm van 'n nuwe verbond wat die ou een hersien en binne 'n veranderde opset en tydvak in die land Moab herkontekstualiseer en herinterpreteer word. Dit is die boek Deuteronomium wat dit moontlik maak dat die verbond van Horeb nuwe betekenis en toepasbaarheid kry al het die generasie wat dit persoonlik by Jahwe ontvang het doelloos gesterf tydens die omswerwinge in die woestyn. Die verkennersverhale in Deuteronomium 1-3 maak dit moontlik dat die vasgelooptheid van 'n trouelose geslag nie in die wildernis doodloop nie, maar deur 'n volgende geslag op nuwe weë geplaas kan word. Die boog oorspan van die

verkennersverhale in Deuteronomium 1:19-46 tot by die Moab-verbond in Deuteronomium 29-30.

Die verkennersverhale bied deur die MoabRed 'n teologiese onderskeidende funksie. Die HorebRed in Deuteronomium 5:3 maak hierdie generasie dit is die lesers van die Deuteronomium-teks hulle wat by Horeb wasdeur die skryf van die teks dood.

> Met ons vaders het die Here hierdie verbond nie gesluit nie maar met ons self, ons wat hier vandag almal in die lewe is.[244]

Die Moab-generasie het die voorreg om nou verder te lees terwyl hulle almal in die lewe is en kan deur hierdie teks verstaan wat met hulle ouers gebeur het. Hulle ouers sterf in die woestyn maar hierdie tweede generasie mag nou die land betrek sonder die las van hulle ouers se tekortkominge. Hulle was te klein om te verstaan wat hulle ouers gedoen het omdat hulle nog nie tussen goed en kwaad kon onderskei nie.[245]

Die verkennersverhale historiseer in Deuteronomium 1:19-46 die Horeb-verbond en bied deur die MoabRed die moontlikheid vir die nuwe generasie om hulle te kan onderskei van die ouers en daarmee saam dit wat in die HorebRed geskryf is. Die HorebRed konseptualiseer Moses as die bemiddelaar van die Dekaloog. Deuteronomium is die boek wat in Deuteronomium 1-3 deur die verkennersverhale in die MoabRed met Jahwe se openbaring aan Moses vir die volk die Tora gee in die land Moab om daarmee die goeie land vir die volk te ontsluit.

Die implikasies hiervan is besonder. Die Horeb-generasie het net die Dekaloog gehad en het nie die wonderlike voorreg gehad om die boek Deuteronomium te kon lees nie. Daarteenoor staan die Moab-generasie aan die ooste kant van die Jordaanrivier met die boek Deuteronomium in hulle hand. Hulle is eenvoudig veel beter toegerus as hulle voorouers om die beloofde land te betrek. Hulle het die luukse dat hulle kon leer uit hulle ouers se foute. Hulle kanse is dus

[244] Dtn 5:3
[245] Dtn 1:39

veel beter om die beloofde land nie net te betrek nie, maar ook om dit te behou. Hulle is in alle opsigte beter toegerus as die vorige geslag.

Hierdie verskil in die twee generasie is die speerpunt van die MoabRed se teologie. Die verkennersverhale in Deuteronomium 1:19-46 gaan nie verder met die negatiewe konteks van die situasie waarin die tweede generasie beland het nie, maar skakel oor in die opvolgende landinname in Deuteronomium 2:16-3:31. Die ontsluiting hiervan kyk dan verder en fokus direk op die Moab-verbond in Deuteronomium 29-30 en daarmee saam die logiese gevolg dat die land as die hoogtepunt van Jahwe die verbondsgawe oorvloei in die Josua-boek.

Die HeksRed gaan nou 'n stap verder. Die MoabRed word met die Priesterskrif geïntegreer in die horison van Deuteronomium. Sinai is die plek waar die kultusorde aangebied is, maar net as 'n tussenstadium. Die plek wat die volk moes bereik is Sigem in Josua 24 wat dan die finale boog span tussen die skepping in die begin en Sigem wat die hoogtepunt is waar die land ingeneem is en klaar verdeel is tussen die stamme en die Sigem-verbond alles perfek afrond. In die HeksRed staan die verkennersverhale in Numeri 13-14 teenoor, maar is ook 'n uitbreiding van die MoabRed in Deuteronomium 1:19-46. Kaleb word in Numeri 13:30 vermeld as 'n byvoeging van die Kaleb/Hebron-etiologie in Josua 14:14v en 15:8. Dit oorspan dan vanaf Numeri 13v tot Josua 15:13-19 met Deuteronomium 1:19-46 in die middel daarvan. Wat die HeksRed doen is om die fabel van Josua vroeg in die landgawe as Jahwe se goeie gawe aan sy volk te gee. Nou is die verbond in Josua 24 een wat sonder Moses aangebied en voltrek word. Wat nie misgekyk moet word nie is dat die HeksRed die oog op die land as Jahwe se grootste gawe aan sy volk gee met dit as hoogtepunt en as afsluiting van sy teologie.

Die verkennersverhale het 'n literêr-strategiese posisie in die HeksRed. Aan die een kant word Moses aangebied maar hy sterf in die woestyn en dan wel saam met die ou generasie. Daarteenoor is Josua aan die anderkant en hy lewe en hy trek oor die Jordaan in die nuwe land in hy lewe en wel met die nuwe geslag wat nou nie net die boek Deuteronomium het nie, maar die hele oorsprongsverhale-skatkis van die skepping tot by die Sigem-verbond, van Genesis tot by Josua 24.

In die PentRed is daar 'n voorlaaste bewerking waarin die HeksRed grondliggend hersien word. Daar word teruggekeer na die HorebRed met Sinai as die middelpunt van alles. Die ingrepe in die verkennersverhale in Numeri 13v. is in Numumer 14:11-25 wat die fyn fokus op Eksodus 32 en 24 plaas. Moses is die bemiddelaar by Sinai en dit word in die verkennersverhale duidelik en ondubbelsinnig onderstreep en in Deuteronomium 9:7v,22-24 omgekeer in die verkennersverhale daar wat deur die bemiddeling van Moses op die Godsberg die Horeb-perikope invoer. Die PentRed formuleer Numumer 14:11-25 as post-Sinai raamwerk tot 'n Sinai-verbondsverbreking in Eksodus 32 wat 'n PentRed is met die goue kalf.

Die duidelike verband tussen Eksodus 32:11vv en Numeri 14:11-25 is dieselfde patroonmatige optrede wat 'n teologie van hoop aanbied vir die volk van God vir alle tye: 1. Skuldvasstelling 2. Strafaankondiging 3. Verskoning [32:7-9] 4. Voorbidding [32:11v] 5. Verhoging [32:14]. Hierdie skema roep ook die oergeskiedenis van die aartsouers op waarin hierdie patroon ook sigbaar is. Moses en die Tora is nou onomwonde in die sentrum. Die verkennersverhale bewys die volk se afhanklikheid van Moses wat met sy dood die Tora as erflating vir die volk aanbied.

Die boek Josua word afgesny van die Pentateug om te verseker dat die lotgevalle van die tweede generasie oop bly sodat Jahwe hulle kan lei op die pad waarin sy begeerte is. Nou is die Tora vry en kan deur niemand beheer word nie. Dit is ook die grootste bron van vryheid waarmee elke nuwe geslag kan aanspraak maak op vryheid en bevryding van enige iets maak nie saak hoe groot nie. Die Tora is nou vrygestel van die tweede generasie en onthef van enige tyd of tydsverloop of era. Nou kan elke generasie, maar ook elke nuwe generasie uit die Tora leef. Die aangewese ding in enkelvoudig, maar ook eenvoudig nét die Tora.

In dit alles het die verkennersverhale 'n sleutelplek. Die hermeneutiese- of verstaansgeskiedenis van die volk van God is ten nouste daarmee verweef. Elke geadresseerde kry via hierdie verhale 'n nuwe perspektief op God se heilsgawes. Binne elke nuwe konteks of geslag is dit anders. Daarvoor moet die volk op voorbedag bly. In die voor- of na-eksisliese tydvak is dinge anders. Ook tydens die

ballingskap is dit ook weer heel anders. Om Jahwe te vertrou en sy woord te hoor en gehoorsaam te wees en hom te volg en net sy volk te wees bring heelheid en ‘n nuwe lewe vir sy volk.

Na die voltooiing van die Pentateug is daar nog ‘n verdere omwerkings. In Numeri 32:6-15 word die verkennersverhale vir ‘n laaste keer paraneties gebruik vir die aandag van die Gola.[246] Daar is ‘n minderheid van die volk wat nie wil terugkeer na die beloofde land nie. Daar word nou post-PentRed gewerk. Die teks in Numeri 32 haal die verhaal in Deuteronomium 13v aan om die PentRed misverstand op te klaar. Die Ruben en Gad-verhale word ‘n sleutel om vir die Diaspora[247] te laat verstaan dat hulle soos Kain vir ewig swerwers sal bly. Hierdie finale redaksie neem standpunt in teen die Diaspora vanuit die teologie van die PentRed.

Dit intrinsieke verweefdheid van die verkennersverhale gryp diep in die Pentateug en sy hele geskiedenis en teologie in. Grafies sou dit as volg voorgestel kon word:

[246] Die gola het met ‘n ewige spanning geleef. Hulle het ‘n nuwe lewe en nuwe teologie geskep in die vreemde land by die troostelose riviere. Gaan hulle die welvaart los of gaan hulle probeer om die stukkende land weer van die grond af op te bou. Histories het die meeste gola wel daar agter gebly in Babel maar teologies bly dit die hart van die Tora om die randfigure in fokus te plaas en hulle as die uitnemende deel van die godsdiens te sien en hulle op te hef.
[247] Die Diaspora is die verstrooides wat nie in die land is nie maar ewig daarna verlang.

**Die oorleweringssgeskiedenis van die verkennersverhale in Moab-, Heks- en PentRed**[248]

**Num 13v. Num 32 Dtn 1 Dtn 9 Jos 14-15**




[248] Otto, E 2000:106

## 4.10 Die verkennersverhale, ontvou deur die Pentateug die lewe

In die verteltyd speel ‘n ander verhaal af. Israel gaan met die boek Deuteronomium (12-26) in 587/6 vC in die ballingskap. Dit is al wat hulle het. Hulle het alles verloor. Die verlede is vernietig, die toekoms is pikdonker en die hede is ‘n stuk slawerny waarin daar net een begeerte is en dit is bevryding. Daar is geen Jerusalem meer nie, geen tempel, geen feeste, geen paleis met ‘n koning daarin nie, geen kultus, geen land, net hierdie boek. Net die een boek alleen. Hier begin die werklike teologie van die Eerste Testament, hier begin daar ‘n lewe wat nou nie met die gewonde maniere van elke dag se stories betekenisvol of verstaanbaar of draaglik gemaak kan word nie, maar alleen teologies sinvol verantwoord kan word. ‘n Lewe waarin die vanselfsprekende nie meer geld nie. Diep vrae word gevra na die oorsprong, die bron van alles.

Die verkennersverhale is baie nuttig in hierdie vasgeloopte situasie. Hoe het dit alles begin? Hoe het dit gekom dat ons hier beland het? Waar kom ons eintlik vandaan? Hoe moet ons voel teenoor ons ouers wat ons in hierdie gemors laat beland het? Waar kom hulle vandaan? Wie kan ons glo, die meerderheid of die minderheid? Wie moet ons glo? Wat het veroorsaak dat dinge so verskriklik skeefgeloop het?

Nou word daar vrae gevra oor die verlede, waar hulle vandaan kom, wie is hulle en les bes, wie is God? Vir die eerste keer is daar ‘n naam wat gegee word aan die een wat hulle leier is, die een wat God aan hulle openbaar, Moses.

## HOOFSTUK VYF: DIE AANVULLING VAN DEUTERONOMIUM

### 5.1 Horeb-redaksie

Die eerste groot redaksie van Deuteronomium 12-26 is die Horeb-redaksie. Deuteronomium 12-26 is ‘n kontekslose dokument. Dit kan gelees word as ‘n algemeen geldende menseregte dokument[249] wat vir alle mens en in alle tye geld.[250] Deuteronomium 12-26 is ‘n laat voor-eksisliese hervormingsprogram wat ontstaan het toe die bondsboek herformuleer is en met die subversiewe resepsie van die lojaliteitseed van Asarhaddon geïntegreer is tot ‘n lojaliteitseed vir Jahwe en die neo-Assiriese regsoorlewering in ‘n regshervormingsproses vir Israel omvorm is.

Die HorebRed bring die karakter Moses in die lewe en voeg voor Deuteronomium 12-26 die hoofstukke 5, 9-10 aan. Daar vind nou ook ‘n lokalisering plaas en wel by die Horebberg, die berg van God se openbaring. Aan die wette en bepalings van Deuteronomium 12-26 word nou die Dekaloog in Deuteronomium 5 voorgevoeg. Deel van hierdie aanvulling is ‘n verbond op Horeb waarin Deuteronomium 13 geen geringe rol speel om volkome lojaliteit en vertroue aan Jahwe voorop te stel nie.

In die eerste omraming vind daar iets verrassend plaas. Nou word die wet van Deuteronomium tegelyk ook ‘n openbaring van Jahwe aan sy volk. Heel belangrik is dit nie ‘n “direkte” openbaring nie maar Moses op die Horebberg word die bemiddelaar daarvan tussen Jahwe en die volk. Die volk smeek om Moses se bemiddeling omdat hulle Jahwe nie in die gesig kan kyk nie.[251] Moses ontvang op Horeb die openbaring van Jahwe waar met Deuteronomium se bemiddeling saam die tafels van die Dekaloog gegee word. Intussen val die volk in sonde deur vir hulle ‘n goue kalf te laat giet en oortree daarmee die eerste- of hoofgebod van die Dekaloog.

Belangrik om in hierdie redaksie te weet dat die leser of geadresseerdes die eerste generasie is wat uit Egipte getrek het. Hulle staan ook bekend as die Horeb-

[249] Otto, E 2002
[250] Rabbi Feinstein se boek
[251] Dtn 5:23-31

of eerste generasie wat in hierdie redaksie die unieke en eenvoudige fokus is. Die opvolgende generasie word aangespreek in die volgende redaksie, naamlik die MoabRed.

Moses smeek dat die volk nie uitgewis moet word nie, maar gooi eers die kliptafels van die Dekaloog stukkend. Jahwe gee gehoor aan die smeking en spaar die volk. Moses kry die opdrag om weer twee klippe te kap sodat Jahwe weer nuut met sy eie hand die Dekaloog kan skryf en ook om 'n ark te bou. Hierdie episode word geteken as 'n terugblik van Moses waar hy die volk bymekaar roep om deur Deuteronomium die verbondsluiting op Horebberg te vertel.[252] Teologies ontsluit hierdie vertelling 'n deur wat implikasies vir die Tora en die hele Bybel het. Wanneer die verbond gebreek word sien Jahwe weer kans om die verbond te herstel. Dit word die goue draad van die evangelie van genade wat die deur is wat in enige teologie altyd heel eerste oopgemaak mag word as daar oor God gepraat word.

Hierdie verhaal vertel van 'n God wat altyd die hoofouteur van sy verbond bly. Hy is altyd bereid om sy verbond te vernuwe selfs al word die eerste en hoofgebod van die Dekaloog gebreek, maak nie saak hoe groot die sonde van sy volk is nie. Die Horeb-verbond bly vir ewig van krag.

Hiermee antwoord die HorebRed vanuit die Assiriese bedreiging op die tergende vraag in die vroeg-Babiloniese tyd oor hoe gereageer moet word op 'n krisis soos die ballingskap. Om te sorg dat dit nie 'n kontemporêre teologies-politieke speelbal word nie, projekteer die skrywer die insident in die verlede in en lokaliseer dit verder terug in die woestyn, lank voor die volk nog by die beloofde land uitgekom het. Hy gryp dus terug na een van die drie ontstaansmites van die ontstaan van Jahwe se volk, die openbaring van God by die berg Horeb. Wanneer iets in die verlede "gebêre" word, is dit heel veilig.

Wanneer dan enige polities-religieuse konflikte ontstaan is die partye gevrywaar van enige hoë grond. Elke party sal sy gesprek moet voer met 'n interpretasie van die verlede, waartoe almal van ons ewe moeilik toegang het en onmiddelik die gespreksgenote op gelyke voet plaas.

[252] Dtn 5:1-2

Die goue kalf word die simbool van die onvermoë om die verbond te bewaar. Wanneer die verbond gebreek word, word hierdie egter 'n troosverhaal omdat die volk weet dat ten spyte van hulle onvermoë om die verbond te gehoorsaam God tog getrou bly midde in hulle ontrou. Daar is twee dinge wat die volk sal help. Een, die Dekaloog wat Jahwe se woorde in sy eie handskrif is en duidelike leiding en koers gee te midde van hooploosheid. Tweedens is daar ook die boek Deuteronomium self wat hierdie probleemoplossing vir die volk aanbied. Hierdie verhaal speel vroeg af, maar is vir elke geslag daarna toegangklik. Sleutel bly die teks in Deuteronomium 5:3.

> Met ons voorvaders het die Here hierdie verbond nie gesluit nie, maar met ons self, ons wat hier vandag almal in die lewe is.[253]

Hierdie kunsgeskrif se potensiaal bly dan 'n onuitputbare bron om God se openbaring, 'n mens se rol daarin in die persoon van Moses, die vermoë van God om altyd te vergeef, nieteenstaande die feit dat dit binne elke nuwe geslag herhalend 'n probleem bly. Die Dekaloog as Jahwe se openbaring in sy eie hand, die unieke en besondere posisie van Moses en die feit dat die boek Deuteronomium dit alles bied, maak vir baie besondere leesstof.

Die kultiese gemeenskap wat uit Horeb ontstaan bly vir ewig die soort gemeenskap waarin Jahwe tussen en deur sy volk leef. Die voor-eksiliese tempelteologie van die Sadokiete, word versny met die woestynteologie van die Äronitiese kultusgemeenskap in die eksiliese tyd om daardeur een multidimensionele teologie te skep wat vir Israel 'n oer-oorsprong bied met Moses op die Godsberg.

## 5.2 Moab-redaksie

Hierdie redaksie differensieer hom van die HorebRed en die Priesterskrif wat vanuit die Sinai-teologie op die berg Horeb sy oorsprong en ruimte vind. Die lokalisering van hierdie redaksie is in die Moabvlaktes, oos van die Jordaan waar die volk gereedmaak om die beloofde land in te trek.

[253] Dtn 5:3

Die leser, hoorders of rolspelers in hierdie redaksie is die tweede- of Moab-generasie, hulle wat geskik is, maar ook gereedgemaak word om in die beloofde land in te trek. Hulle ouers het in die woestyn gesterf hoewel hulle nie die geleentheid gebruik het om wel die nuwe land te betrek nie. Hulle ouers het nie op Jahwe vertrou nie maar hulle eie insig en krag. Nou is die Moab-generasie in hulle laer oos van die Jordaan gereed om oor die Jordaan te trek.

Eers is daar die historiese trek vanaf die Horebberg tot in die Moabvlaktes in Deuteronomium 1-3. Die rede hoekom hierdie geslag dit wel sal geluk om die land suksesvol te betrek is 'n teologiese kunsgeskrif wat ryk implikasie het. Dit is eenvoudig, maar ook deurslaggewend dat hierdie tweede generasie die voorreg het om met die nuwe boek Deuteronomium die land te betrek. Die Josua-boek is bygevoeg en Josua is aangewys as Moses se opvolger wat die nuwe land betrek het en suksesvol verdeel het tussen die stamme. Die tweede generasie wat deur die woestyn getrek en nou voor die beloofde land staan wat hier deur Moses aangespreek word, is ook tegelyk die tweede generasie ballinge wat in Babel gebore is en wat in verteltyd besig is om die dokumente vir die eerste keer te lees, as eerste lesers van hierdie teks, gereed om terug te keer na die land van hulle ouers toe.

Hulle is nog nie in die land nie maar soos Moses buite die land die Moab-verbond in Deuteronomium 29-30 kon sluit, kan hulle ook nou nuwe leierskap soos Josua gebruik om vir hulle te help om 'n nuwe verbond in 'n vreemde land te sluit en so weer gereed te maak om die weg te baan vir die terugkeer na die land van hulle belofte toe. Die tekste waarmee hulle kan terugkeer is Deuteronomium 1-3, 29-30 sowel as Josua 1-11, 23 en ook Rigters 2:6-9 met natuurlik nog die binnekant van Dtn Deuteronomium 12-26 en ook 5, 9-10.

Grafies sal dit asvolg voorgestel kan word:

**Deuteronomium tot voor die inbinding in die Heks- en PentRed**[254]




[254] Otto, E 2000:242

### 5.3 Heksateug-redaksie

Hierdie redaksie ontstaan toe die Priesterskrif wat met Sinai eindig, koppel aan die verbond van Deuteronomium en Josua, wat weer daarmee begin. Die MoabRed word aangevul maar ook die draad van die priesterlike dele in Gen en Eks, asook Josua en span die komplekse boog wat sy hoofpyle in Genesis 15, die verbond van God met Abram en Josua 24, die Sigem-verbond het. Hierdie redaksie stel die landbesit vir die teruggekeerdes as die hoogste goed. So bring dit 'n noue verband met die HorebRed in Deuteronomium en ook Josua. Hierdie redaksie word waarskynlik in die tyd van Nehemia gedoen.

### 5.4 Pentateug-redaksie

Die PentRed val weer terug op die HorebRed in Deuteronomium. Die verbondsluiting en die openbaring op die Horebberg kom hier in die sentrum. Verskillende verwerkings word gemaak vanuit die Bondsboek, die Dekaloog, Priesterskrif en Deuteronomium in die heiligheidswet in Levitikus 17-26. Die kultus en die verbond kom in hierdie proses baie nader aan mekaar. Josua word losgesny en die landgawe op die agtergrond geskuif. So eindig die teks nie by Josua se dood nie maar by Moses se dood in Deuteronomium 34:10-12. Die Sinai-verhaal en die Tora word die middelpunt van hierdie teologie. Hierdie redaksie gebeur waarskynlik in die omgewing van die tweede tempel in Jerusalem. Hulle kom uit die Sadokiete se priesterkring[255]in die tyd van Esra in die tyd van die terugkerende Gola.[256]

[255] Dtn 31:9-13
[256] Otto, E 2000:261

**δῶς μοι πᾶ στῶ καὶ τὰν γᾶν κινάσω**

Gee my ‘n plek om te staan en ek beweeg die wêreld.

Archimedes – 287-212 vC

## HOOFSTUK SES: DIE VERKENNERSVERHALE – GEVOLGTREKKING

Wanneer ons wetenskaplik lees of werk, gebruik ons ‘n teorie. So werk die Ou-Testamentiese wetenskap ook. Wanneer ons die Pentateug wetenskaplik ondersoek, het ons ‘n teorie nodig. Daar is nie brutale feite wat in die Pentateug rondlê nie. Ons waarneming word deur ons teorie gelei.[257]

Wanneer ons histories met ‘n teks werk, sal die historiese konteks waarin die teks geplaas word ons manier van verstaan beïnvloed. Om buite-histories te werk, is onmoontlik omdat elke mens in ruimte en tyd en dus binne geskiedenis leef en funksioneer. Al sê jy dat jy die teks lees net soos hy daar staan sonder enige invloed, het jy al klaar ‘n teorie. Die logiese-positiwisme[258] het ongelukkig vanuit die natuurwetenskaplike metodes en teorieë ons waarnemingstrategieë in die geesteswetenskappe belemmer. Wanneer iemand sê dat daar met feite gewerk word, bedoel die persoon eintlik dat hy met ‘n teorie werk.

Jou teorie ontdek die feite wat jy lees en help om dit ten beste te verstaan.[259] Hierdie studie het ‘n teorie gebruik, die Pentateugteorie van Eckart Otto. Daar is vanuit Otte se teorie beweeg, maar soos in enige wetenskapsbeoefening is daar gepoog om verder te beweeg. Dit beteken dat hierdie studie ‘n teorie ontwikkel het om op ‘n nuwe manier na die Pentateug te kyk en sodoende poog om meer of beter te gaan sien wat daarin gebeur.

Die wetenskap het ‘n geskiedenis omdat hy hom altyd bemoei met ‘n voortgaande soeke na dieper kennis, beter verstaan of verklaar. Wetenskaplike studie beur immer na voortuitgang. Wie die geskiedenis en groei van navorsing misken is besig met wankelrige wetenskap. Die wins van Otto se teorie is dat hy diepe erns maak met die geskiedenis van Pentateugnavorsing. Sy onderlegtheid

[257] Le Roux, JH 2001:197-219

[258] Le Roux, JH 2001:199-202 Karl Popper en Thomas Kuhn het filosofies ‘n uitweg uit die vasgelopenheid van die positivisme gegee. Waar die empiriste die waarneming as absolute waarheid stempel, ontmasker Popper ons waarnemingsvermoë as “geprogrammeerde” waarneming wat net mag sien wat die teorie toelaat. Deur “fvalsifikasie” word ‘n nuwe stel waarnemings geregistreer wat heel anders as die positiwisme se uitkomste is. Kuhn help ons om die historiese aard van die wetenskap te waardeer en deur verskillende pardigmas in die geskiedenis word ons wetenskaplike hermeneuties geprogrameer, of ons dit wil weet of nie. Wetenskaplikes kan maar altyd hierdie bydraes verreken in hulle wetenskapsbeoefening.

[259] Le Roux, JH 2001:204

met die teorievorming van die Pentateug en wel hoe dit historiese ontwikkel het, maak hom 'n historiese teoloog. In die Duitse teologiese wêreld is die skoling van enige een wat teologie bestudeer in die historiese bewussyn altyd 'n eerste tree maar ook 'n voortgaande teologiese grondhouding.[260]

Geen wetenskapsbeoefening gebeur in 'n laboratorium nie. Wetenskap moet kan werk in die strate en die kafees. Dit dring die eet- en slaap en woonkamer binne. Hierdie studie plaas sy ruimte van oorsprong binne die Suid-Afrikaanse konteks en ook binne die Afrikaanse gemeenskap. Hierdie ruimte se grootste invloed is Afrika. Daar sal toenemend 'n eie stem in Afrika gehoor moet word. Kontra die afro-pessimisme sou die Pentateug wat ook 'n geliefde boek in Afrika is hierin 'n kreatiewe rol kon speel. Tog word daar in hoofsaak gepoog om die historiese invloed van die wetenskaplike studie van die Ou Testament deur die eeue raak te lees, maar ook aan te spoor om die vraag te bly vra oor waarheen ons verder gaan? Die geweldige bydra van ProPent is in hierdie studie verreken.[261]

Die grootste deel van hierdie studie gaan oor die benutting van Eckart Otto se Pentateugtoerie. Die moontlikhede om verder te kan beweeg is gedoen deur die verkennersverhale in die Penta- en Heksateug te bekyk, maar ook hoe hulle deur die verskillende redaksies gegroei het.[262]

Die vaste punt van die Pentateug is die lojaliteitseed van Asarhaddon. Hierdie historiese dokument gee aan die Pentateug 'n vaste en duidelike buite-Bybelse historiese konteks wat geweldig help met die datering van die Pentateug en die navorsing daarvan. Dit het ook die verdere winspunt dat die hermeneutiese

[260] Otto, E 2009:229-248 Die verhouding tussen die teologie en die geskiedenis loop wyd en diep. Die openbaringsteologie wil metafisies die lees van tekste buite tyd en ruimte plaas. In sy mees radikale vorm is dit vandag te sien in fundamentalistiese bewegings in alle godsdienste waar die "feite" mense dwing tot onlogiese optrede. As gesonde inenting daarteen is 'n historiese wetenskaplike teorie 'n goeie alternatief. Hier te lande is dit baie ongelukkig dat die Bybelwetenskap in die teologiese vorming kru afgeskeep word. In 'n Protestantse instelling sou minstens die helfte van die opleiding seker rondom die lees van die historiese tekste behoort te wees. Hierdie studie wil ook 'n bydra lewer om weer die Bibliologiese wetenskappe in die sentrum van die teologie te plaas waar dit ook hoort.

[261] Le Roux, JH 2012b Die hoeveelheid publikasie en voordragte wat by en deur ProPent gelewer is sal vir 'n besondere lang tyd vormende waarde hê vir die bestudering van die Pentateug in Suid-Afrika. Die invloed wat dit op 'n beduidende hoeveelheid akademici het en die uitgebreide kontak wat dit internationaal bewerk het in Ou Testamentiese werkkring, het bepaal hierdie wetenskap op 'n nuwe baan geplaas.

[262] Otto, E 2000

ontsluiting van die Pentateug deur hierdie teorievorming op baie duideliker en vaster bane beweeg. Die Assiriese ryk in die agste- en sewende eeu bied die historiese konteks waarin die Pentateug sy oerkreet van geboorte gee.[263] Nooit weer kan die Ou-Testamentiese wetenskap dieselfde wees nie. Die historiese brontekste wat in die afgelope eeu en meer ontdek en ontsyfer[264] is en die opgrawings[265] wat in die sandwoestyne[266] gedoen is, het alles verander.[267]

Ook die Middel-Assiriese regsversameling bied 'n uitstekende komplimentêre blik op die Pentateug en dra by tot 'n duideliker lokalisering van die teks en die teks se leefwêreld en dis duidelik in Deuteronomium 12-26 te sien.[268] Die Bondsboek en die Dekaloog is twee ander brondokumente vir Deuteronomium. [269] Die armoede van die volk van die land en die magsmisbruik van die politieke magte dra by tot 'n uiters moedelose tydvak is die geskiedenis van Israel.

Die verteltyd in die verkennersverhale is rondom die ballingskap. In die verteldetyd speel die verhaal tussen die Horebberg en die vlaktes van Moab af waar die volk hulle kamp opgeslaan het. Deuteronomium is Moses se onderrig aan die volk om effektief die land van die belofte te betree.

Twee redigerings in die verteldety aan die begin en die einde van die woestyntydperk, die Horeb- en Moabredaksie, maak die betekenis van Deuteronomium veel ryker. In die Horebredaksie word Israel herinner aan die berg Horeb. Daar het Moses die Dekaloog namens die volk ontvang. Die hoorders van

[263] Otto, E 1999:15-91 Dit is die argeologie wat in 1955 vir ons hier fondse opgegrawe het wat ons verstaan van Bybeltekste ingrypend verander het.
[264] Scheffler, E 2000:75-93
[265] Scheepers, C & Scheffler, E 2000
[266] Scheffler, E 2000:9-74 In die vroeër opgrawingsgeskiedenis kon die ontsyfering van tekste nog nie gedoen word nie. Nou dat daardie tekste toeganklik is en die leefwêreld in die antieke tyd op skrif beskikbaar is, is die heel makliker om afleidings te maak oor tekste en kontekste waarvan ons vroeër eenvoudig niks geweet het nie. So kan die regsgeskrifte van Hammurabie en Eksodus 21 en 22 met mekaar vergelyk word en 'n beter verstaanswêreld daardeur geskep word.
[267] Schoors, A 1998 Hy gebruik is sy manier om elke tydvak te bespreek altyd eers die geskrifte wat tot beskikking is om meer inligting te gee oor die tydperk.
[268] Otto, E 1999:91-203
[269] Otto, E 1999:217-364

hierdie teks is die eerste generasie wat by Horeb was. Die goue kalf word hier die simbool van die volk se opstand. Hierdie aanvulling is in Deuteronomium 5, 9-10.[270]

Die Moabredaksie vind aan die einde van woestyntydperk plaas toe die kinders wat in die woestyn gebore is nou groot is en moet besluit of hulle soos hulle ouers in die woestyn wil bly ronddwaal. Die hoorders van hierdie teks is die tweede generasie wat nie by Horeb was nie. Hulle stuur verkenners die land in en hulle opstand is om nie te glo dat hulle die land sou kon inneem nie. Daar is twee van die twaalf verkenners wat vir hulle vertel dat die land mooi is, maar die res kom met bangmaakstories. Hulle vertrou God nie.[271] Hierdie stories lees ons in Deuteronomium 1-3, 29-30 en ook Josua. Die groot fokus is die land en die waarde daarvan.

Wanneer die volk terugkeer na die land betree, vind daar een van twee verder redegering van die hele Pentateug plaas. Toe hulle net in die land kom, word die boek Josua, saam met die Priesterskrif gevoeg saam met Deuteronomium wat dit saambind. Hier is die land weer die hooffokus. Nou is daar ses boek, van Genesis tot by Josua.[272]

Die laaste rondte is die Pentateugredaksie wanneer Josua afgesny word en net die vyf boeke oorbly. Moses sterf en al wat die volk saamvat is die Tora. Die rol van Deuteronomium is hier weer prominent want dit eindig nou met die opdrag dat die Tora die volk se grootste gawe vir die land is.[273]

Archimedes het net ‘n plek gesoek om te staan. Wanneer daar ‘n vastepunt is om vanaf te beweeg, bly jou verwysings reg en jou oriëntasie raak nie deurmekaar nie. ‘n GPS kry sy ringting van die sterre / sateliete wat vas in hulle bane is.

Hierdie studie het die verkennersverhale aangewys as die beste plek om te staan as jy die Pentateug wil beweeg. Hierdie redigeringsprogram in die verkennersverhale gryp in die hele Pentateug in en die lyne span oor die hele werk.

[270] Otto, E 2000:111-129
[271] Otto, E 2000:129-156 Daar word ‘n verbond gesluit in die land Moab, net voor die volk in die beloofde land intrek.
[272] Otto, E 2000:156-234
[273] Otto, E 200:234-275

Dit vou vir ons die Pentateug oop. In Deutronomium 1:19-46 hoor ons die klok die duidelikste lui. In hierdie Moabredaksie is daar ‘n duidelike beweging terug na die land of in verteldetyd, kry die volk die opdrag om in die land in te trek, hulle moenie wag nie. Dit is die versluierde teks in Deuteronomium 1:19 wat die bieteljie laat klink. Met Kades en die bergwêreld in een sin, ruik jy onraad. Hier is ‘n groot storie weggesteek.

Die inbinding van die verkennersverhale in al die meeste boeke van die Pentateug om al die punte in die Pentateug bymekaar te maak, dit maak die Pentateug die kunswerk wat dit is. Dit is een meesterwerk wat deur hierdie verskeidenheid van kontrasteerende redaksies uit verskillende teologiese hoeke en tradisies, met baie latente spanning, tog een groot geheel vorm. Al hierdie opponerende en vreemde idees kom in hierdie harmonieuse eenheid tot vrug.[274] Al die mense van God word uitgenooi om op Hom alleen te vertrou. Om sy beloftes te aanvaar en sy opdragte uit te voer sodat die land van melk en heuning geniet kan word.

[274] Mens kry amper die gedagte van Johannes 14 waar daar gesê word dat in die huis van my Vader daar baie woonplek is. Dis verskillende mense met ander idees wat saam kan maak.

## BIBLIOGRAFIE

Albertz, R 1994a. *A history of Israelite religion in the Old Testament period. Vol. 1, From the beginnings to the end of the Monarchy*. transl. J. Bowden SCM Press: London.

Albertz, R 1994b. *A history of Israelite religion in the Old Testament period. Vol. 2, From the Exile to the end of the Maccabees*. transl. J. Bowden, SCM Press: London.

Assmann, Jan 1999. *Das kulturelle Gedächtnis: Schrift, Erinnerung und politische Identität in frühen Hochkulturen*. Munich: Beck.

Bandstra, Barry L 1999. *Reading the Old Testament: An Introduction to the Hebrew Bible / Seconde Edition*. California: Wadsworth Publishing Company.

Barthes, Roland 1957. *Mythologies.* Houghton: Random House.

Bosch, David J 1991. *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Missions*. New York: Orbis.

Boshoff, Willem, Scheffler, Eben & Spangenberg, Izak 2000. *Ancient Israel literature and context.* Pretoria: Protea Book House.

Bosman, Hendrik 2012. *The Historical Understanding of the Old Testament in South Africa: From Colenso to Le Roux and beyond*. Lesing gelewer by OTWSA 2012.

Chadwick, Henry 1986. *Augustine: A very short Introduction*. Oxford: Oxford University Press.

Deist, Ferdinand E 1976. *Mosaïek van Moses: Pentateugnavorsing sedert die Reformasie.* Kaapstad: Tafelberg.

___________ 1987. *Literatuur en Reïnterpretasie: Die Literatuur van die Ou Testament, Deel 4.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

___________ 1994. "*The Dangers of Deuteronomy*: A Page of the Reception History of the Book," Pages 13-30 in Studies in Deuteronomy: in Honour of C. J. Labuschagne on the Occasion of his 65th Birthday. Edited by Florentino G. Martinez. Vetus Testamentum Supplements 53. Leiden: Brill, 1994, 13-30.

Draper, Jonathan (ed.) 2003. *The eye of the storm: Bishop John William Colenso and the Crises of Biblical Inspiration*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.

Grondin, Jean 1994. *Introduction to Philosophical Hermeneutics*. London: Yale University Press.

Henckl, Raik 2004. *Moses Vermachtnis: Kohärenz, literarische Intention und Funktion vor Dtn 1-3.* Leipzig: Evangelische Verlagsanstalt.

Human, Dirk 2006. *Jurie Hendrik le Roux – Deernisvolle Mens en Veelsydige Akademikus*, OTE 19/3 (2006), 801-819 801-819.

Jonker, Louis & Lawrie, Douglas (eds.) 2005. *Fishing for Jonah (anew): Various approaches to Biblical interpretatioin.* Stellenbosch: Sun Press.

Kant, Immanuel 1784. *Beantwortung der Frage: Was ist Aufklärung? Berlinische Monatsschrift. Dezember-Heft 1784*. S. 481-494. http://www.uni-potsdam.de/u/philosophie/texte/kant/aufklaer.htm.

Kearney, Richard 2004. *On Paul Ricoeur: The owl of Minerva.* Surrey: Ashgate.

Le Roux, J H 1993. A story of two ways. Pretoria: Verba Vitae.

__________ 2001. *Geskiedenis van die Pentateugnavorsing. Departement Ou Testament*. Klasaantekeninge.

__________ 2000a. *Die oue weier om te verdwyn*. Verbum et Ecclesia; Vol 21, No 3 (2000), . doi: 10.4102/ve.v21i3.644.

__________ 2002b. *Gerhard von Rad – 'n honderd jaar*. HTS Teologiese Studies / Theological Studies; Vol 58, No 4 (2002), 1577-1592. doi: 10.4102/hts.v58i4.723.

__________ 2002c. *Die mag van religieuse idees*. HTS 60(3) 2004 743-753.

__________ & Otto, E (eds.), 2007. *South African perspectives on the Pentateuch between synchrony and diachrony*. T&T Clark: London.

__________ 2009, '*Old Testament Studies: The story of a department*', Verbum et Ecclesia 30(3), Art. #182, 9 pages. DOI: 10.4102/ ve.v30i3.182.

__________ 2009-12. *Geskiendenis van die Ou Testament. 'n Reeks van 27 artikels oor die eksegese van die Ou Testament op die webwerf, teo.co.za*, http://teo.co.za/artikel/categories/Geskiedenis-van-OT%252deksegese/.

__________ 2011a. *Geskiendenis van die Ou Testament – Julius Wellhausen*. http://teo.co.za/artikel/articles/369/1/Geskiedenis-van-Ou-Testament-eksegese-19-Julius-Wellhausen-het-ons-anders-laat-lees/Bladsy1.html.

__________ 2011b. *Geskiendenis van die Ou Testament – Hermann Gunkel*. http://teo.co.za/artikel/articles/375/1/Geskiedenis-van-Ou-Testament-eksegese-20-Hermann-Gunkel/Bladsy1.html.

__________ 2011c, '*Andries van Aarde's Matthew Interpretation'*, HTS Teologiese Studies/ Theological Studies 67(1), Art. #1013, 10 pages. DOI: 10.4102/hts.v67i1.1013.

__________ 2012a. *Searching for a question and an answer*. Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif, North America, 51, feb. 2012. Available at: <http://ngtt.journals.ac.za/pub/article/view/80>. Date accessed: 28 Dec. 2012.

__________ 2012b, '*Pro Pent: A project for the study of the Pentateuch in South Africa'*, HTS Teologiese Studies/ Theological Studies 68(1), Art. #1277, 10 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ hts.v68i1.1277.

Otto, E 1999. *Das Deuteronomium*. Berlin: Walter de Gruyter.

__________ 2000. *Das Deuteronomium im Pentateuch und Hexateuch*. Tübingen: J C B Mohr.

__________ 2001. *Die Tora de Mose: Die Geschichte der literarischen Vermittlung van Recht, Religion und Politiek durch die Mosegestalt*. Göttingen: Hubert & Co.Company.

__________ 2002. *Gottes Recht als Menschenrecht. Rechts- und literaturhistorische Studien zum Deuteronomium*. Wiesbaden: Harrasowitz Verlag.

__________ & Le Roux, JH (eds.), 2005. *A critical study of the Pentateuch: An Encounter Between Europe and Africa*, pp. 22−49, Lit, Münster.

__________ 2005. '*The Pentateuch between synchrony and diachrony'*, in E. Otto & J.H. le Roux (eds.), *A critical study of the Pentateuch: An Encounter Between Europe and Africa,* pp. 22−49, Lit, Münster.

__________ 2007. *Das Gesetz des Mose*. Darmstadt: WBG.

__________ 2008. *Altorientalische und biblische Rechtgeschichte: Gesammelte Studien*. Wiesbaden: Harrasowitz Verlag.

2009. *Die Tora: Studien zum Pentateuch: Gesammelte Aufsätze.* Wiesbaden: Harrasowitz Verlag.

__________ 2012a. *Deuteronomium 1-11 Erster Teilband: 1,1-4,43*. Breisgau: Herder Verlag.

__________ 2012b. *Deuteronomium 1-11 Zweiter Teilband: 4,44-11,32*. Breisgau: Herder Verlag.

Meyer, Esias E 2005. *The Jubilee in Leviticus 25: A Theological Ethical Interpretation from a South African Perspective.* Münster: Lit Verlag.

Scheepers, Coenie & Scheffler, Eben 2000. *From Dan to Beersheba: An Archaeological tour through ancient Israe*l. Pretoria: Biblia Publishers.

Scheffler, Eben 2000. *Fascinating discoveries from the Biblical world*. Pretoria: Bibilia Publishers.

Schoors, Anton 1998. *Die Königreiche Israel und Juda im 8. Und 7. Jahrhundert v. Chr.: Die assyrische Krise*. Stuttgart: Kohlhammer.

Serfontein, Gerhard J & Le Roux, Jurie H 2012. '*Julius Wellhausen – die denke van 'n Ou- Testamentikus*', Verbum et Ecclesia 33(1), Art. #701, 8 pages. http://dx.doi. org/10.4102/ve.v33i1.701.

Versveld, Marthinus 1962. *Rondom die middeleeue*. Nationale Boekhandel: Kaapstad

Von Rad, Gerhard 1957. *Old Testament Theology: The Theology of Israel's Historical Traditions*. Vol. I & II. London: SCM Press.

Vos, Cas & Human, Dirk (Red.) 2011. *Vaste Rots op wie ek bou.* Kaapstad: Lux Verbi.BM.

Wellhausen, Julius 2004. *Prolegomena to the history of Israel*, transl. J.S. Black & A. Menzies, Montana: Kessinger Publishing.

Zenger, E (red.) 2008. *Einleitung in das Alte Testament. 7. Auflage*. Stuttgart: W. Kohlhammer.